# DIE BEGELEIDING VAN GESINNE IN DIE PLAASLIKE KERK BINNE DIE KONTEKS VAN DIE POSTMODERNISME: `N PRAKTIES-TEOLOGIESE BENADERING

HENNING VORSTER VENTER

B.A.; Hons. B.Th.; M.Div.

Skripsie voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad Magister Theologiae in Pastoraal aan die Noordwes-Universiteit, Potchefstroom-kampus.

Studieleier: Prof. Dr. B.J. de Klerk
Prof. Dr. G.A. Lotter

2004
Potchefstroom

# VOORWOORD


Dankie

Aan God alle dank, eer en lof vir die voorreg om in die lig van sy Woord - en onder leiding van sy Gees - `n studie te mag doen oor 'n onderwerp wat my so na aan die hart lê.

Ek was bevoorreg om onder die leiding en aansporing van twee studieleiers hierdie studie te voltooi. Aan professore George Lotter en Ben de Klerk dank vir die akademiese begeleiding, maar veral die voorbeeld wat julle en julle gesinne stel.

My vrou, Johanita – met haar is ek heel.

Aan my ouers wat hul doopbelofte nagekom het (en steeds doen): dankie vir belangstelling en voortdurende gebede. Ook aan my broer en susters vir die praktiese belewing van die rol van `n Christen-gesin.

My skoonouers het my nie net geleer nie, maar gewys wat dit beteken om dienskneg van God te wees. Ek is hulle ewig dankbaar vir die rykdom wat hulle tot my lewe toegevoeg het.

Ek bedank graag my medestudente vir gesprekke, gebede, raad, vermanings en baie pret in die ses jaar saam.

My dank aan Pieter de Beer wat die teksversorging gedoen het met toewyding en belangstelling wat daarvan getuig dat hy `n roeping vervul.

"Aan Hom wat deur sy krag wat in ons werk, magtig is om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink, aan Hom kom die eer toe, in die kerk, deur ons verbondenheid met Christus Jesus, deur al die geslagte heen tot in alle ewigheid. Amen."

Henning Venter

Augustus 2004

vir Kita

# INHOUDSOPGAWE


## HOOFSTUK 1: INLEIDING 1

1. Titel 1
2. Probleemstelling en oriëntering 1
    *2.1. Postmodernisme* 1
    *2.2 Die gesin* 3
    *2.3 Begeleiding van die gesin in die plaaslike kerk* 6
3. Sentrale navorsingsvraag 7
4. Doel 8
    *4.1 Doelstelling* 8
    *4.2 Doelwitte* 8
5. Sentraal-teoretiese argument 8
6. Metode 8
7. Hoofstukindeling 10
8. Skematiese voorstelling 11

## HOOFSTUK 2: BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE OOR DIE VERBAND TUSSEN GESIN EN KERK 12

*2.1 Basisteoretiese perspektiewe uit die Ou Testament* 13
2.1.1 Deuteronomium 13
2.1.1.1 Sosiohistoriese konteks van Deuteronomium 12
2.1.1.2 Plek van Deuteronomium 6 in die boek 14
2.1.1.3 Detaileksegese van Deuteronomium 6:1-9 15
2.1.1.4 Gevolgtrekkings rakende die eksegese van Deuteronomium 6: 19

2.1.2 Kursoriese eksegese van verskeie Ou-Testamentiese tekste: Gesin as instelling van God 20

2.1.2.1 Genesis 2:18 – 24 20

2.1.2.2 Gevolgtrekking 21

2.1.2.3 Die verhouding gesin-en-gemeente 21

2.1.2.4 Gevolgtrekking rakende kursoriese eksegese 23

*2.2 Basisteoretiese perspektiewe uit die Nuwe Testament 24*

2.2.1 Efesiërs 5:21 - 6:4 24

2.2.1.1 Sosiohistoriese agtergrond van die boek Efesiërs 24

2.2.1.2 Plek van Efesiërs 5-6 in die boek 25

2.2.1.3 Detaileksegese van Efesiërs 5:21-6:4 26

2.2.1.4 Die algemene beginsel van onderdanigheid in verhoudings 28

2.2.1.5 Die verhouding waarin die vrou teenoor die man staan 29

2.2.1.6 Die verhouding waarin die man teenoor die vrou staan 30

2.2.1.7 Motivering vir onderdanigheid en liefde 33

2.2.1.8 Die verhouding waarin kinders teenoor hul ouers staan 34

2.2.1.9 Die verhouding waarin ouers teenoor kinders staan 35

2.2.1.10 Gevolgtrekking 36

2.2.2 Die openbaringshistoriese plek, die verhouding met die kerk en die rol in kerkregering, van die gesin 36

2.2.2.1 Die onderrig van Jesus Christus oor die gesin 37

2.2.2.2 Gevolgtrekking 39

2.2.2.3 Die verhouding tussen gesin en kerk in die Nuwe Testament 39

2.2.2.4 Gevolgtrekking 41

2.2.2.5 Vereistes vir ouderlinge en diakens 41

2.2.2.6 Gevolgtrekking 42

*2.3 Finale gevolgtrekking van Ou- en Nuwe-Testamentiese eksegese 42*

2.3.1 Die verhouding kerk en gesin 42

2.3.2 Die struktuur en beginsels van gesinwees 43

*2.4 Basisteoretiese perspektiewe 43*

HOOFSTUK 3: METATEORETIESE PERSPEKTIEWE OOR DIE INVLOED VAN DIE POSTMODERNISME OP DIE STRUKTUUR EN ROLLE IN DIE GESIN, ASOOK OOR BESTAANDE BEGELEIDING VAN DIE GESIN DEUR KERKE 45

*3.1 Paradigmaontwikkeling: premodern tot postmodem 46*

3.1.1 Paradigmaskuiwe 46

3.1.1.1 Premodernisme 47

3.1.1.2 Modernisme 48

3.1.1.3 Postmodernisme 49

3.1.2 Negatiewe elemente van die postmodernisme 53

3.1.3 Positiewe elemente van die postmodernisme 55

3.1.4 Samevatting 56

*3.2 Metateoretiese perspektiewe oor die gesin 58*

3.2.1 Definisies 59

3.2.2 Die invloed van die postmodernisme op die gesinslewe 61

3.2.2.1 Samestelling van die postmoderne gesin 63

3.2.2.2 Veranderende rolle in die gesin 65

3.2.3 Samevatting 68

*3.3 Perspektiewe vanuit empiriese navorsing 69*

3.3.1 Perspektiewe oor die kerk en die begeleiding van gesinne tot rolvervulling 70

3.3.2 Perspektiewe vanuit die praktyk van predikante en ander kundiges 81

3.3.3 Perspektiewe vanuit die praktyk van gesinwees 84

3.3.4 Gevolgtrekkings en metateoretiese perspektiewe 89

3.3.4.1 Die definiëring van die gesinstruktuur 89

3.3.4.2 Die verhouding tussen kerk en gesin 89

3.3.4.3 Die rol van die gesin in die kerk 90

3.3.4.4 Die begeleiding van die gesin ten opsigte van die praktykmaak van geloof in die kerk 91

3.3.4.5 Die begeleiding van die gesin ten opsigte van die praktykmaak van geloof buite die kerk 91

3.3.4.6 Die definiëring van die gesinstruktuur 92

Bylaag A 93

HOOFSTUK 4: PRAKTYKTEORETIESE PERSPEKTIEWE OP DIE BEGELEIDING VAN DIE GESIN TOT ROLVERVULLING IN DIE PLAASLIKE KERK 94

*4.1 Inleiding* *94*

*4.2 Riglyne vir die realisering van die basisteoretiese beginsels* *94*

4.2.1 Die definiëring van die gesinstruktuur 95

4.2.2 Die wisselwerking tussen kerk en gesin 98

4.2.3 Die begeleiding van die gesin ten opsigte van die praktykmaak van geloof in die kerk 103

4.2.4 Die begeleiding van die gesin ten opsigte van die praktykmaak van geloof buite die kerk 106

*4.3 Kontoere vir die holistiese benadering tot 'n gesinsbedieningsmodel* *110*

*4.4 Samevatting van die Praktykteoretiese riglyne* *112*

4.4.1 Die definiëring van die gesinstruktuur 112

4.4.2 Die wisselwerking tussen kerk en gesin 113

4.4.3 Die begeleiding van die gesin ten opsigte van die praktykmaak van geloof in die kerk 113

4.4.4 Die begeleiding van die gesin ten opsigte van die praktykmaak van geloof buite die kerk 114

*4.5 Finale konklusie/gevolgtrekking* *114*

HOOFSTUK 5: SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING 115

1. Inleiding 116
2. Finale gevolgtrekking 122
3. Terreine vir verdere ondersoek 122

UITTREKSEL 123

ABSTRACT 125

BIBLIOGRAFIE 127

# HOOFSTUK 1

## INLEIDING

## 1. Titel

Die begeleiding van gesinne in die plaaslike kerk, binne die konteks van die postmodernisme: `n prakties-teologiese benadering.
[Sleutelwoorde: begeleiding, gesin, postmodernisme, plaaslike kerk.]

## 2. Probleemstelling en oriëntering

### *2.1. Postmodernisme*

"Hoe `n mens dink en wat jy glo, word onder meer bepaal deur die spesifieke tyd in die geskiedenis waarin jy leef. In hierdie sin is `n mens onwillekeurig `n "kind van jou tyd" en daarom is dit belangrik om die tydperk of tydgees waarbinne jy leef en dink, te verstaan..." (Du Toit, 2000:13). Ten einde `n studie van `n groep mense te doen, moet daar eers gekyk word na wat die heersende wêreldbeskouing is waarin hul opgroei of -gegroei het, sodat hul denke en geloof so na as moontlik gepeil kan word.

Volgens navorsers het die wêreld sedert sy skepping al drie groot paradigmaskuiwe ten opsigte van wêreldbeskouing beleef (vgl. Du Toit, 2000:9-51; Goudzwaard, 1998:2; Vorster, 1998:209-211 en Vorster, 1999:102-110). Hierdie paradigmas staan bekend as die *premoderne* era, die *moderne* era en die *postmoderne* era. Verandering was die gevolg van die bestaande wêreldbeeld wat nie meer bevredigende antwoorde kon bied aan `n ontwikkelende mensdom nie. So het die moderne era dus 'n dooie punt bereik

(Goudzwaard, 1998:2), waarin die bevryding van die sestigerjare en die Tweede Wêreldoorlog veral `n groot rol gespeel het (Smit en Vorster, 2000:518). Dit word oor die algemeen aanvaar dat die postmodernisme ontstaan het in reaksie teen die mag van die rede, wetenskap en tegnologie en die groot super-sosiale strukture wat daaruit voortgevloei het (Vorster, 1999:104). Dit is dan die era waarin die hedendaagse mens hom bevind.

Vervolgens dan 'n paar positiewe en negatiewe elemente van die postmodernisme wat betrekking het op die gesin (samevattende afleiding deur navorser):

| Positief | Negatief |
|---|---|
| • Spreek kritiek uit teenoor die valse gerustheid van die moderne mens – gesinsbande is nie meer ondergeskik aan instellings nie.<br>• Veg teen hoogmoed van die rede – suksesvolle gesinne kan nie rasioneel bestaan nie, maar moet in woord en daad bestaan.<br>• Daar is weer `n beklemtoning van die individu, van emosie en ervaring, asook verskeidenheid – die gesin skep `n klimaat waarin hierdie elemente tot uiting kan kom.<br>• Hernude soeke na spiritualiteit – gesinne soek `n geloof wat hul onderlinge band versterk.<br>• Groot strukture verbrokkel en kleiner eenhede kry meer prominensie – gunstig vir vernuwing van die gesin as kern-eenheid. | • Hiperkritiese ingesteldheid wat alles bevraagteken – niks is meer seker nie, veral nie dít wat deur eeue heen beproef is nie.<br>• Alles is relatief omdat niks seker is nie – Bybelse beginsels vir die gesin is net nóg `n metode en die Skrif se voorkeur vir die kerngesin word bevraagteken en afgemaak as nie meer van toepassing op die hede nie.<br>• Verwelkom allerlei godsdienstige ideologieë – gesinne soek na enige godsdiens wat hulle saam kan beoefen (soos `n klub).<br>• Strukture (ook in die kerk) verbrokkel – enige struktuur wat reël en orde instel word bevraagteken en gewantrou.<br>• Sien die verbond in 'n negatiewe lig a.g.v. die onregverdigheid van `n God wat net sekeres insluit in die verbond. |

(Vgl. Bergh, 2002:66-71; Vorster, 1999:105; Goudzwaard, 1998:8-9; Groothuis, 2003:41-42 en Janse van Rensburg & Hoffman, 2003:247.)

Dit is belangrik om aan te dui dat daar steeds elemente van al drie paradigmas in die Suid-Afrikaanse samelewing is. Alhoewel daar deur verskeie geleerdes beweer word dat die postmodernisme 'n voltooiing is van die moderne era, is dit duidelik dat laasgenoemde ook lynreg daarteenoor staan. Dít is merkbaar wanneer begrippe van die een era met dié van die ander vergelyk word (vgl. Conner, 2001:118-119).

Uit bogenoemde blyk dat kennis van die mens se konteks uiters belangrik is om die gesin effektief te begelei. Veral gesien in die lig dat Suid-Afrika effektief teen die postmodernisme "beskerm" is tot en met 1994, toe dit Suid-Afrika met volle mag oorval het (Du Toit, 2000:57).

## *2.2 Die gesin*

"We may be watching the death of the germ-cell of all civilization, the family" (MacArthur, 1998:5). Menige skrywers bevestig hierdie standpunt van MacArthur (1998:5-6) deur te verwys na die tekens van egskeiding, seksuele revolusie, toename van aborsies, jeugmisdaad, homoseksualiteit, radikale feminisme, 'n oorbeklemtoning van kinderregte en die algemene aanvaarbaarheid van en toename in enkelouerhuisgesinne, ens. (vgl. ook Van Amstel, 1990:7 en Gill, 1997:81). Die oorwegende oorsaak vir hierdie ineenstorting van die gesin is die miskenning van wat God se bedoeling met die gesin was. Dit is nie altyd moontlik om 'n voorbeeld van 'n tipiese gesin of selfs 'n Skriftuurlike definisie van die gesin uit die Bybel saam te stel nie. Tripp (1997:39) meen dat daar eerder gepoog moet word om vas te stel wat God met die gesin bedoel - dus, wat hulle moet doen.

Wat God met die gesin bedoel, kan met groot vrug uit die hele Bybel vasgestel word (vgl. Clark, 1995:7-15). Dit is duidelik dat 'n gesin na aan God se hart begin met 'n huwelik tussen 'n man en vrou. Saam is hulle na die beeld van God geskape (Gen. 1:26-27). Genesis 2:24 dui daarop dat die man sy pa en ma

verlaat, dat hy saam met sy vrou sal leef en dat hulle een sal wees [vgl. Matt. 19:5 en Ef. 5:31] (Bergh, 2002:50 & Van Amstel, 1990:11-26). Dit beteken dat die band tussen man en vrou, en dus die gesin, bo ander sosiale bande gestel word.

Verder is dit duidelik uit die Skrif wat die rol van die ouers ten opsigte van hul kinders is. Deuteronomium 6 verduidelik dat die ouers verantwoordelik is vir onder andere en veral vir die geestelike opvoeding van hul kinders. Kinders word as 'n erfdeel en seën van die Here beskou [Ps. 127; 128] (Van Amstel, 1990:18). Dit sluit aan by die vereistes vir die verkiesing van ampsdraers in 1 Timoteus 3:4,5 en 12. Een vereiste is dat 'n geskikte ampsdraer 'n man moet wees wat sy huisgesin goed kan regeer en dat hy sy kinders gehoorsaam hou. Dus is die opvoeding van kinders 'n groot verantwoordelikheid en seënryke opdrag - ook by hulle wat saam met hul families besondere diens in die kerk moet verrig.

Die **οικος**-tekste wys ons dat gesinne die bouselle van die gemeente van Christus was, soos byvoorbeeld die huisgesin van Stefanus in Korinte (1 Kor. 16:15-16), van Lidia in Filippi (Hand. 16:40), van Priscilla en Akwila (Rom. 16:3-4 & 1 Kor. 16:19) in Rome. Alhoewel die betekenis van die gesinskonsep in daardie tyd baie breër verstaan is, bly die beginsel van die gesin se betrokkenheid in die kerk steeds vas. "Kerkdiensten moeten voluit gezinsdiensten zijn, waarin ook alleenstaanden zich in het grote gezin van de gemeente opgenomen mogen weten" (Amstel, 1990:31).

Die standpunt van sekere postmoderne sosioloë, soos bv. Jagger (Jagger & Wright, 1999:3) en Sussman (Sussman *et al.*,1999:506), is dat die groeperings wat *gesinne* genoem word eerder sosiologies gestruktureerd is, as dat dit natuurlik of biologies gegewe is. Daar word beweer dat gesinsverhoudings, soos die term self, buigbaar en vloeibaar is. As gevolg van te veel historiese en kulturele tipes van huislike ooreenkomste of sisteme, bestaan daar volgens hulle

nie meer iets soos *dié* gesin nie. "Our starting point is that the family is neither a pan-human universal nor a stable or essential entity." (Jagger & Wright, 1999:3.) Omdat baie kerke die kerngesin (een pa, een ma en kind[ers]) as die ideaal voorhou, word hulle skerp gekritiseer deur postmoderniste, soos bo verduidelik. Daar word derhalwe beweer dat die kerk nie meer relevant is vir die postmoderne gesin nie, omdat dit nie die verskillende variasies in die samestelling van gesinne wil erken nie (Sussman *et al.*, 1999:506).

Wat is dan die rol wat die plaaslike kerk in die lewe van die gesin - en die gesin in die lewe van die plaaslike kerk - het? Volgens navorsing het ouers wat wel hul kinders kerk toe neem, maar nie leef wat hulle glo nie, 'n veel kleiner invloed op hul godsdienstige vorming as ouers wat spontaan doen wat hulle glo (Neff & Ratcliff, 1995:210). Die kerk het 'n opvoedingstaak om ouers te onderrig om lewende lede van die gesin te wees - wat lewende lede van God se gesin is. Opvoeding oor die onderskeid in die rolle van verskillende gesinslede is belangrik vir die vorming van 'n sterk gesin (Neff & Ratcliff, 1995:164-177). Die kerk het die geleentheid om hierdie tipe opvoeding te doen omdat daar geen ander liggaam is wat al die generasies by hul aktiwiteite betrek nie (Neff & Ratcliff, 1995:219). Verder is die kerk en gesin aan mekaar verbind deurdat beide verbondsinstellings van God is (Bergh, 2000:16). Die kerk as verbondsinstelling word gebou en gevorm deur gesinne.

Die Skrif is vol van metafore wat die kerk en gesin vergelyk - en dit is daaruit duidelik dat hierdie twee instellings van God onlosmaaklik van mekaar is (vgl. De Bruyn, 1994a:25). ('n Voorbeeld is die metafoor van die bruid wat telkens in die Bybel voorkom, o.a. Jes. 62:5; Jer. 2:2; Hos. 2:19; Joh. 3:29; 2 Kor. 11:2 en Op. 21:9). Verder is die gesin die instelling van God waarin die mens opgroei, waarin hy onderrig word en ook waarin die verbond wat Hy gemaak het, van geslag tot geslag oorgedra word. Beide instellings het dus dieselfde opdrag om deur die Skrif "in die waarheid te onderrig, dwalinge te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek" (1 Tim. 3:16).

Die kerk het 'n leidende rol te speel in die vorming en begeleiding van gesinne na God's hart. Voorts het die gesin 'n leidende rol te speel in die relevante uitlewing van dit wat die kerk glo en bely.

## *2.3 Begeleiding van die gesin in die plaaslike kerk*

Elders in die wêreld - en veral in Amerika - is daar reeds stappe geneem om die familie van uitwissing te red, bv. organisasies soos "Focus on the Family" en boekreekse oor die huwelik en gesin (vgl. Post, 2000: vi-x). Kerke het ook besef dat dit hul eie verantwoordelikheid is om die gesin in die bediening in te trek (vgl. Hebbard, 1995:29-61).

Sover agtergekom kan word, is daar bykans geen verwysing na die begeleiding van die gesin in die Handelinge van Sinodes vanaf 1988 tot 2003 nie. (Navorsing was beperk van 1988 tot nou, omdat dit die tyd was waarin die aanslag van die postmodernisme in Suid-Afrika begin en gegroei het). Die enigste twee verwysings is met betrekking tot geleenthede waar daar versoek is dat die GKSA (Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika) deelneem aan 'n "Nasionale Jaar van die Gesin" in 1987 - en aan 'n "Internasionale Jaar van die Gesin" in 1997 (vgl. GKSA, 1988:447-448 ; GKSA, 1997:838 ). Dit is opmerklik dat die GKSA dit by beide geleenthede nie noodsaaklik geag het om aan `n spesiale geleentheid vir die gesin deel te neem nie, omdat dit, soos in die 1988-Handelinge verwoord is, "'n saak is wat voortdurend onder die aandag van predikante en ouderlinge is en nie by uitsondering in 1987 meer aandag hoef te kry nie" (GKSA, 1988:447-448). Daar is redelik min navorsing gedoen vanuit die geledere van die GKSA om iets daar te stel vir die bediening of begeleiding van die gesin in die kerk. Enkele skrywers het dit wel aangeraak. Onder andere het professor P.J. de Bruyn `n werkwinkel aangebied oor die gesin, met Bybelse perspektiewe en relevante Skrifgegewens wat gepubliseer is (De Bruyn, 1989:1-38). (Hierdie bevindings is ook in 1994 as `n reeks in Die Kerkblad gepubliseer

[vgl. De Bruyn, 1994a:24-25; De Bruyn, 1994b:12-14; De Bruyn, 1994c:7-8, 12 en De Bruyn, 1994d:23-24].) Verder het prof. B.J. de Klerk 'n insiggewende hoofstuk oor die liturgie van die huisgesin geskryf in "Kerk- en Christenwees vandag" (Van Wyk, 2001:90-109).

Daar bestaan dus 'n oënskynlike leemte in die GKSA om in breër verband riglyne daar te stel wat plaaslike kerke kan gebruik in hul bediening en begeleiding van die gesin, om hul regmatige plek as verbondsinstelling in die kerk vol te staan (vgl. Anon, 1999:5). 'n Studie in dié verband kan 'n moontlike leemte vul.

Om agter te kom wat plaaslike Gereformeerde kerke doen om hul eie gesinne te begelei, sal daar navorsing gedoen moet word deur middel van vraelyste en persoonlike onderhoude. Omdat die GKSA nie 'n Sinodale kerkregeringstelsel het, soos bv. die NGK (Nederduitse Gereformeerde Kerk) nie, is dit moeilik om statistieke in die breër verband te bekom.

## 3. Sentrale navorsingsvraag

Hoe kan gesinne begelei word t.o.v. hul rolvervulling in die plaaslike kerk - binne die konteks van die postmodernisme?

Die volgende vrae vloei daaruit voort:

- Gee die Skrif vir ons duidelike riglyne vir of beginsels van hoe die gesin daar moet uitsien en wat sy rol in die kerk is?
- Watter invloed het die postmodernisme op die gesin se samestelling, funksionering en rolverdeling?
- Bestaan daar tans hulpmiddele wat die kerk kan bystaan om sy verantwoordelikheid t.o.v. die begeleiding van gesinne na te kom, wat betref hul rolvervulling in die kerk?

# 4. Doel

## *4.1 Doelstelling*

Die doel van hierdie studie is om na te vors hoe gesinne begelei kan word binne die konteks van die postmodernisme en watter rol hulle in die plaaslike kerk behoort te vervul.

## *4.2 Doelwitte*

4.2.1 Om vanuit die Woord van God vas te stel wat die verbondsverhouding tussen gesin en kerk - en veral wat die rol van die gesin *in* die plaaslike kerk - is.

4.2.2 Om vanuit die sosiologiese en maatskaplike wetenskappe die verandering van gesinstrukture in die konteks van die postmodernisme te identifiseer.

4.2.3 Om vas te stel hoe die plaaslike kerk gesinne in praktyk kan begelei tot rolvervulling in die kerk.

# 5. Sentraal-teoretiese argument

Dit sal vir die plaaslike kerk moontlik wees om gesinne tot rolvervulling te begelei indien daar nagevors word hoe die postmodernisme die gesin beïnvloed en wat die rol van die gesin in die plaaslike kerk behoort te wees.

# 6. Metode

Die navorser benader hierdie studie vanuit die Gereformeerde teologiese tradisie. Voorts word gebruik gemaak van die metode van Zerfass (1974:166 e.v.). Dit bestaan

uit: 'n basisteorie wat uit die teologiese tradisie gevorm word; 'n metateorie wat uit ander grens- en hulpwetenskappe gevorm word en wat meehelp om praktykteoretiese perspektiewe te bepaal; en vanuit hierdie twee domeine, 'n poging om 'n nuwe of aangepaste praktykteorie daar te stel.

'n Basisteorie sal gevorm word deur die eksegese van relevante Skrifgedeeltes, soos onder andere Deuteronomium 6 en Efesiërs 5:21-6:4. Daar word deurgaans gebruik gemaak van die grammaties-historiese metode van eksegese (vgl. De Klerk, Van Rensburg, Lotter & Krüger, 2004). Ander tersaaklike Skrifgedeeltes wat lig werp op spesifieke faktore in die verband tussen die gesin en kerk, sal kursories ge-eksegetiseer word (vgl. byvoorbeeld Gen. 2:18 – 24; Eksodus 12-13; Josua 24:15; Verskeie uitsprake van Jesus oor die gesin in die evangelies; die οικος-tekste uit 1 Kor. 16:15-16, Hand 16:40, Rom. 16:3-4; 1 Kor. 16:19 en voorskrifte vir die ampte in 1 Timoteus 3).

Op metateoretiese vlak word gebruik gemaak van 'n literatuurstudie om sodoende vas te stel wat ander kerke doen ten opsigte van die begeleiding van gesinne tot rolvervulling in die kerk. Om verdere metateoretiese perspektiewe te bekom, word gebruik gemaak van die hulpwetenskappe Sosiologie en Maatskaplike Werk, spesifiek met betrekking tot die veranderende samestelling van die gesin en dié se omstandighede binne die konteks van die postmodernisme.

Dít sal aangevul word deur kwalitatiewe empiriese navorsing, wat die vorm van onderhoude met onder andere predikante en ander kundiges, asook verskeie tipes gesinne sal aanneem.

Vanuit die gegewens van die basisteoretiese studie en die metateoretiese perspektiewe en die wisselwerking daartussen, sal praktykteoretiese perspektiewe as riglyne gevorm word, waarvolgens die kerk gesinne tot rolvervulling daarbinne kan begelei.

Praktykteoretiese riglyne sal vervolgens veral op die GKSA toegespits word. Hier sal gepoog word om kontoere van `n model op te stel, wat gebruik kan word in die plaaslike kerke van die GKSA om gesinne te begelei om hul rol in die kerk te vervul.

## 7. Hoofstukindeling

1. Inleiding.
2. Basisteoretiese perspektiewe oor die verband tussen gesin en kerk.
3. Metateoretiese perspektiewe oor die invloed van die postmodernisme op die struktuur van en rolle in die gesin.
4. Praktykteoretiese perspektiewe op die begeleiding van die gesin in die plaaslike kerk.
5. Samevatting en gevolgtrekking.

## 8. Skematiese voorstelling

| Probleemstelling | Doelstelling en doelwitte | Metodologie |
|---|---|---|
| Gee die Skrif vir ons duidelike riglyne vir of beginsels van hoe die gesin daar moet uitsien en wat hul rol in die kerk is? | Om vanuit die Woord van God vas te stel wat die verbondsverhouding tussen gesin en kerk - en veral wat die rol van die gesin *in* die kerk - is. | `n Basisteorie sal gevorm word deur die eksegese van relevante Skrifgedeeltes. Daar word deurgaans gebruik gemaak van die grammaties-historiese metode van eksegese. Ander tersaaklike Skrifgedeeltes wat lig werp op spesifieke faktore in die verband tussen die gesin en kerk, sal kursories ge-eksegetiseer word. |
| Watter invloed het die postmodernisme op die gesin se samestelling, funksionering en rolverdeling? | Om vanuit die sosiologiese en maatskaplike wetenskappe die verandering van gesinstrukture in die konteks van die postmodernisme te identifiseer. | Op metateoretiese vlak word gebruik gemaak van `n literatuurstudie om sodoende vas te stel wat ander kerke doen ten opsigte van die begeleiding van gesinne tot rolvervulling in die kerk. Om verdere metateoretiese perspektiewe te bekom, word gebruik gemaak van die hulpwetenskappe Sosiologie en Maatskaplike Werk, spesifiek met betrekking tot die veranderende samestelling van die gesin en dié se omstandighede binne die konteks van die postmodernisme. Dít sal aangevul word deur kwalitatiewe empiriese navorsing. |
| Bestaan daar tans hulpmiddele wat die kerk kan bystaan om sy verantwoordelikheid t.o.v. die begeleiding van gesinne na te kom, wat betref hul rolvervulling in die kerk? | Om vas te stel hoe die plaaslike kerk gesinne in praktyk kan begelei tot rolvervulling in die kerk. | Vanuit die gegewens van die basisteoretiese studie en die metateoretiese perspektiewe en die wisselwerking daartussen, sal praktykteoretiese perspektiewe as riglyne gevorm word, waarvolgens die kerk gesinne tot rolvervulling daarbinne kan begelei. Praktykteoretiese riglyne sal vervolgens veral op die GKSA toegespits word. Hier sal gepoog word om kontoere van `n model op te stel, wat gebruik kan word in die plaaslike kerke van die GKSA om gesinne te begelei om hul rol in die kerk te vervul. |

# HOOFSTUK 2

## BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE OOR DIE VERBAND TUSSEN GESIN EN KERK

Venter (1996:25) onderskei twee refleksiedomeine binne herderlike bediening, naamlik die kommunikatiewe handelinge in die op*skrifgestelde openbaring* en die kommunikatiewe handelinge in die *konkrete bediening* daarvan in die kerk. Vanuit die Skrifopenbaring word 'n basisteorie gevorm wat op 'n sistematiese wyse die wese en doel van kommunikatiewe handelinge beskryf. Vanuit die tweede refleksiedomein, die konkrete bediening, vind praktykteoretiese teorievorming plaas wat op sy beurt beskryf hoe 'n basisteorie in die praktyk behoort te funksioneer. In lyn met die model van Zerfass (1974:164-177) word in hierdie hoofstuk gepoog om basisteoretiese perspektiewe te vorm, sodat daar in Hoofstuk 4 praktykteoretiese perspektiewe gevorm kan word in wisselwerking met die metateoretiese perspektiewe uit Hoofstuk 3.

Basisteoretiese perspektiewe sal gevorm word deur die eksegese van relevante Skrifgedeeltes, soos onder andere Deuteronomium 6 en Efesiërs 5:21-6:4. Daar word deurgaans gebruik gemaak van die grammaties-historiese metode van eksegese (vgl. De Klerk, Van Rensburg, Lotter & Krüger, 2004). Eerstens word 'n detaileksegese van Deuteronomium 6:1-9 gedoen. Dit word dan aangevul deur kursoriese eksegese van verskeie ander gedeeltes uit die Ou Testament, om die verband tussen gesin en kerk/gemeente/volk aan te dui. Tweedens word 'n detaileksegese van Efesiërs 5:21-6:4 gedoen. Dit word dan aangevul deur kursoriese eksegese van ander gedeeltes uit die Nuwe Testament, om die verband tussen gesin en kerk aan te dui.

Ten slotte word 'n opsomming van basisteoretiese perspektiewe met betrekking tot die verband tussen gesin en kerk voorgestel.

Die doel van die basisteoretiese studie is om vanuit die Woord van God vas te stel wat die verhouding tussen gesin en kerk - en veral wat die rol van die gesin *in* die plaaslike kerk - is.

## *2.1 Basisteoretiese perspektiewe uit die Ou Testament*

### 2.1.1 Deuteronomium

#### 2.1.1.1 Sosiohistoriese konteks van Deuteronomium

Deuteronomium moet verstaan word teen die agtergrond van Israel se geskiedenis tot op daardie oomblik in tyd, maar ook teen die perspektief van hulle toekoms (Craigie, 1976:18).

Die gebeure in die boek van Deuteronomium speel af in 'n tyd van verandering en afwagting. Israel is oos van die Jordaan in Moab. Hulle het 'n lang, harde en intieme reis met God meegemaak en kyk nou na die beloofde land (vgl. Deut. 1-4:43). In Kanaän word God egter nie gevrees nie.

Alhoewel geleerdes daaroor verskil of Moses werklik die skrywer van Deuteronomium is, is daar genoeg getuienis wat bevestig dat hy wel die outeur is, (behalwe Hoofstuk 34 wat duidelik deur iemand anders ingevoeg is). Ten spyte van die moontlikheid dat Deuteronomium in 'n later stadium geredigeer is, bly Moses steeds die outeur (vgl. Hill & Walton, 2000:131-132; Craigie, 1976:28; Ridderbos, 1963:13).

Die oorspronklike hoorders en lesers was tweedegenerasie Israeliete, ná die uittog uit Egipte (vgl. MacArthur, 1997). Die meeste van hulle het dus nie die wonderwerke van God tydens die uittog beleef nie, en was nie

teenwoordig toe God die wet aan Moses en die volk gegee het nie. Dit maak die doel van Moses te toesprake oor die wet en die toepassing daarvan, duidelik.

Moses bevestig weer die volk/gemeente se geloof deur die wette van God (Deut. 4:44-5:33) met hulle deur te gaan en te verduidelik, sodat hulle dit kan ken en God reg kan dien (Deut. 6:2). Hulle moes hulle opnuut verbind tot die verbond en die wet.

### 2.1.1.2 Plek van Deuteronomium 6 in die boek

Deuteronomium kan in vier hoofdele verdeel word, waarin Moses elke keer die volk oor 'n saak toespreek (vgl. Bosman, 2003:212; Hill & Walton, 2000:134-135; Willmington, 1997:93).

Die struktuur van Deuteronomium kan soos volg voorgestel word:

A) Moses se eerste toespraak (1:1 - 4:43). 'n Terugblik in die geskiedenis as basis vir die wet en verbond.

B) Moses se tweede toespraak (4:44 - 11:32). 'n Aansporing tot gehoorsaamheid aan die wet, met sterk klem daarop dat God alleen aanbid moet word.

C) Moses se derde toespraak (12:1 - 26:19). 'n Omskrywing van die wet in al sy besonderhede, met toepassing van 'n regstelsel.

D) Moses se vierde toespraak (27:1 - 34:12). 'n Uitdaging aan die volk om in die beloofde land volgens die wet en verbond te lewe. Moses se laaste woorde.

Deuteronomium 6 val in die tweede deel (Deut. 4:44-11:32), waarin Moses die wet van God gee en uitbrei oor die basiese toepassing vir die volk wanneer hulle in die beloofde land kom. Meer spesifiek handel Hoofstuk 6

oor die basiese opdrag of wet om God lief te hê en hoe dít in die beloofde land uitgevoer en onderhou moet word (vgl. Craigie, 1976:67; MacArthur, 1997; Pfeiffer, 1962). Verse 4 tot 9 staan dan ook in die Joodse tradisie bekend as die *Shema* of "Hoor/Luister", die eerste Hebreeuse woord in die gedeelte (Hill & Walton, 2000:135).

Dit is belangrik om daarop te let dat die hele volk as gemeente bymekaar is om na die "insettinge" en "verordeninge" van God te luister soos hy dit by Horeb in die vorm van die tien gebooie gegee het (vgl. Deut. 5:1). Dit wil lyk asof die fisiese uitdaging van oorlog nie baie aandag in Moses se toesprake geniet nie, maar wel die gevaar van verleiding deur die ander godsdienste en afvalligheid van die wet. Vanaf Hoofstuk 6 word die volk dus geestelik, sielkundig en prakties voorberei om te verseker dat die wet en voorskrifte van God nooit vergeet word nie (Alexander, 1998:342).

### 2.1.1.3 Detaileksegese van Deuteronomium 6:1-9

Die gedagteopbou van vers 1 tot 9 kan soos volg voorgestel word (vervolg op volgende bladsy):

Deut. 5:6-21

Terugwysing na die onderwerp van die toespraak, nl. die wet.

“Dit is die wet, die voorskrifte en die bepalings, wat die Here julle God my beveel het om vir julle te leer, sodat julle daarvolgens kan lewe in die land wat julle in besit gaan neem.

Bevestiging van die nut van die wet om God reg te dien.

2“So sal jy die Here jou God jou lewe lank kan dien en gehoorsaam wees aan sy voorskrifte en gebooie wat ek jou gegee het,

Kwalifisering van wie die Here moet dien en die gevolg daarvan.

jy en jou hele nageslag, en dan sal jy ’n lang lewe hê.

Motivering om te luister en belofte van voorspoed as gevolg.

3As jy luister, Israel, en as jy gehoorsaam is en lewe volgens my gebooie, sal jy voorspoedig wees en uitermate baie word in die land wat oorloop van melk en heuning.

Oorsprong van belofte.

Dit is wat die Here die God van jou voorvaders jou beloof het.

Opdrag en kwalifisering van God as enigste Here.

4“Luister, Israel, die Here is ons God, Hy is die enigste Here.

Gevolg van wie God is.

5Daarom moet jy die Here jou God liefhê met hart en siel, met al jou krag.

Opdrag oor die gebooie.

6“Hierdie gebooie wat ek jou vandag gegee het, moet in jou gedagtes bly.

Eerste stap om die gebooie in die gedagtes te hou.

7Jy moet dit inskerp by jou kinders en met hulle daaroor praat as jy in jou huis is en as jy op pad is, as jy gaan slaap en as jy opstaan.

Tweede stap om die gebooie in die gedagtes te hou.

8Jy moet dit as herinneringsteken vasbind aan jou hande, en dit moet ’n merk op jou voorkop wees.

Derde stap om die gebooie in die gedagtes te hou.

9Skryf dit op jou deurkosyne en op jou stadspoorte.

Vers 4 is donker uitgelig omdat dit die sentrale gedagte van die tweede toespraak van Moses saamvat, naamlik dat die Here God is en dat Hy die enigste Here is (vgl. Craigie, 1976:168-19). Dit is ook die teksvers van hierdie perikoop. Die opdrag is om te luister. Die woordjie luister (שְׁמַע) veronderstel dat met aandag geluister sal word, maar ook dat daar gehoorsaamheid sal wees om uit te voer wat gehoor is (vgl. Gesenius & Tregelles, 2003:836 en Swanson, 1997). Die hoofgedagte van die

perikoop is dus dat die volk/gemeente moet erken dat God die enigste Here is, en dat Hy gedien moet word deur sy wet te gehoorsaam.

Vers 2c is uitgelig in grys omdat dit, wat hierdie studie betref, `n belangrike saak aanraak. Hier word gekwalifiseer wie die Here moet dien en sy voorskrifte en gebooie moet gehoorsaam. Dit word gestel dat dit betrekking het op elkeen wat teenwoordig is - vir sy lewe lank - maar ook op sy hele nageslag. Hierdie gehoorsaamheid moet dus ook deur die komende generasies gehou word (vgl. Merrill, 2001). Die Hebreeus " ובנך ובן־בנך" beteken letterlik: "en die seun van jou en die seun van die seun van jou." Dit bedoel dus die hele nageslag van elke Israeliet/lidmaat (vgl. Brown, Driver & Briggs, 2000). In die Joodse kultuur moes vaders die inhoud van die wet en al God se voorskrifte aan hul seuns leer. 'n Vader moes as patriargale hoof van die familie toesien dat die voorskrifte en wette gehou word.

Vervolgens is vers 7 ook uitgelig in grys omdat dit soos vers 2, `n bepaalde saak met betrekking tot hierdie studie aanraak. Die inhoud van vers 7 moet eers in die konteks van vers 6 bedink word. Die gemeente kry in vers 6 `n opdrag oor wat hulle met die gebooie moet doen. Die opdrag is dat die woorde wat beveel is, in of bo-op die volk/gemeente se " לבבך " (harte, gedagtes of innerlike mens) moet wees (vgl. Brown, Driver & Briggs, 2000). Gehoorsaamheid aan die wette en voorskrifte moes nie `n saak van uiterlike, formalistiese wettisisme wees nie, maar juis `n innerlike reaksie op die wet en voorskrifte wat bedink en verstaan is (Craigie, 1976:170; vgl. ook Bosman, 2003:219). Verse 7-9 wil dan prakties aantoon hoe die wet en voorskrifte van God in die harte van die volk gehou moet word. Dit moet naamlik hul hele lewensfeer beheers. Drie groepe mense word in hierdie drie verse genoem in en teenoor wie

hierdie voorskrifte en wette sigbaar moet wees: 1) die individu (*hande* en *voorkop*); 2) die familie/gesin (*jou huis* en *deurkosyne/huis*) en 3) die gemeenskap (*as jy op pad is* en *jou stadspoorte*) (vgl. Alexander, 1998:344). In hierdie studie wil ons veral konsentreer op vers 7, wat handel oor die familie/gesin.

Vers 7 begin met `n opdrag aan elke Israeliet/lidmaat om die wet en voorskrifte by hul kinders in te skerp. Hierdie frase - om die woorde van God by die kinders in te skerp - kom reeds in Deuteronomium 4:9 voor. Dit word dus beklemtoon deurdat dit hier herhaal word. Die werkwoord " ושננתם " (inskerp), kan ontleed word as `n *Piël perfektum*. Die woord se stam hou verband met *tand* of *ivoor*. In die *Qal* beteken dit om iets skerp te maak, terwyl dit in die *Piël* beteken om by herhaling `n indruk te laat of iets in te skerp, soos wanneer `n figuur op `n harde tablet uitgebeitel word. Sommige verklaarders meen ook dat dit verband hou met *onderrig gee*, deur herhaling - en om so te sê die leerling skerp te maak vir die praktyk, soos `n swaard skerpgemaak sou word (Swanson, 1997; Harris *et al.*, 1999; vgl. Craigie, 1976:170 se verwysing na die Ugarities). In hierdie woord lê die klem op kennisinname, met `n moontlike betekenis van toepassing in die praktyk. Die res van die vers maak dit egter duidelik dat onderrig (inskerping) oor die wet en voorskrifte van God nie net op die oordra van kennis staatmaak nie, maar ook op "indiensopleiding" of praktiese toepassing (vgl. Burden, 1997).

Die volgende werkwoord wat voorkom is "ודברת " (praat/spreek), ook in die *Piël perfektum*. Die woord kom baie in die Ou Testament voor en word op verskillende plekke, baie anders vertaal (vgl. Swanson, 1997). Tog hou al hierdie vertalings verband met een of ander vorm van kommunikasie, deur die stem te gebruik. Tog wil dit in die konteks lyk

asof die woord gebruik word om die alledaagse kommunikasie van `n huishouding aan te dui (Brown, 1997:97). Dit sluit dus in om te *leer, vertel, tereg te wys* en *te gesels* (vgl. Harris *et al.*, 1999:179). As verse 20 tot 25 ook in ag geneem word, dan dra dit ook die betekenis daarvan om kinders te antwoord wanneer hulle vrae oor God se wet en voorskrifte het. Ouers moet gereed wees met die waarheid.

Die vier werkwoorde wat volg, naamlik "בשבתך " (as jy sit), "בלכתך " (as jy op pad is), "בשכבך" (as jy gaan slaap) en "בקומך" (as jy opstaan), wys na die tyd, plek en omstandighede wanneer oor die wet en voorskrifte van God *gepraat* moet word. Al vier die werkwoorde is in die *Qal infinitief konstruktus*, wat gebruik word om `n aksie uit te druk wat nie na `n spesifieke persoon of tyd verwys nie (vgl. Van der Merwe *et al.*, 1997:71). Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat na bogenoemde aksies verwys word as dinge wat die hele volk doen en wat ook in volgende generasies gedoen sal word. Om met kinders te praat oor die wet en voorskrifte van God is dus iets wat die hele lewe van `n mens in beslag neem. Dit verwys na `n deurlopende proses (Merrill, 2001).

#### 2.1.1.4 Gevolgtrekkings rakende die eksegese van Deuteronomium 6:

- Hier word met die hele volk as gemeente gepraat (Hfst. 5:1).
- Die inhoud en betekenis van die wet en voorskrifte van God moet aan die nageslag oorgedra word (v. 2, 20).
- As gemeente kry almal die opdrag om die wet en voorskrifte van God in hulle harte/gedagtes te dra (v. 6). Hulle gehoorsaamheid moet innerlike verandering veroorsaak.
- Maniere om die wet en voorskrifte in die hart/gedagtes te hou:

- Beoefen dit in die huis. Ouers moet kinders formeel en informeel, tydig en ontydig, binne en buite die huis onderrig. Die wet en voorskrifte van God word praktyk in die huis (v. 7).
- Dit moet elke individu se hele lewe beïnvloed. Wat hy doen en wat hy dink (v. 8).
- Geloof en gehoorsaamheid moet sigbaar wees vir die gemeenskap en samelewing (v. 9).

Die opdrag word aan die hele gemeente as volk van God gegee en moet praktyk gemaak word in die selle wat dit opbou, naamlik die gesin. Tripp (1997:40-42) maak die afleiding uit Deuteronomium 6 dat die gesin God se primêre leer- of skolingsgemeenskap is.

## 2.1.2 Kursoriese eksegese van verskeie Ou-Testamentiese tekste: Gesin as instelling van God

### 2.1.2.1 Genesis 2:18 – 24

Hierdie gedeelte vorm nog deel van die skeppingsgebeure. God wou aan die mens (man) iemand gee wat by hom pas (v. 18). Die rede is dat dit nie *goed* is "dat die mens alleen is nie." Alles in die skepping tot dusver was goed, behalwe Adam se alleenheid. God maak dus vir hom 'n "עזר", wat beteken *'n helper, een wat die las verlig* (vgl. Brown *et al.*, 2000). Die vrou moes die opdrag van Genesis 1:28, om te vermeerder, bewoon, bewerk en heers, help uitvoer (vgl. MacArthur, 1997). Nadat God die vrou uit die man se rib gemaak het, het Hy haar self na die man toe gebring (v. 22). So het God die huwelik en gesin ingestel (vgl. Hughes & Laney, 2001:11; Bergh, 2002:49-53). Daarom ook die kommentaar van die skrywer in vers 24 dat 'n man sy huis (ouers, wat vader en moeder veronderstel) sal verlaat en dat hy en sy vrou soos een liggaam of mens

sal word (vgl. Swanson, 1997). Hulle is dus 'n eenheid. Hierdie eenheid word weer in Matteus 19:5 en Ef. 5:31 herhaal.

### 2.1.2.2 Gevolgtrekking

- God het man en vrou bymekaar gebring.
- God het die gesin ingestel as man en vrou (manlik en vroulik) om één te word.

### 2.1.2.3 Die verhouding gesin-en-gemeente

Die gehoorsaamheid van die volk om in die praktyk aan God se wet en voorskrifte gehoorsaam te wees, het onder andere in vier van die verskillende feeste gestalte gekry. Uit die kursoriese eksegese van die volgende verse wil gekyk word na die verhouding tussen die gesin en die gemeente – en dié se betrokkenheid by die feeste.

Die ingestelde feeste van Israel word op verskeie plekke in die Ou Testament aangedui.

Eksodus 12 tot 13 het spesifiek betrekking op die verhouding tussen die gesin en die gemeente tydens die viering van die Paasfees. In 12:46 word die bevel gegee dat die Paasmaal *in die huis* ( בית), waarvoor dit bedoel is, geëet moet word. Die persone wat saam in 'n huis bly en op daardie oomblik as gesin funksioneer moet een Paaslam eet. Dit mag byvoorbeeld net met die buurhuis gedeel word indien dié te klein is vir 'n eie lam (vgl. Eks. 12:4). Die beginsel is egter dat die lam verdeel word volgens behoefte en dat dit in die kleiner kring van die huis gebruik moet word om fees te vier (vgl. Van Zyl, 1997). Tog word die hele gemeente " עדה " (vgl. Harris *et al.*, 1999:388) in vers 47 verplig om die fees saam te vier. (Vgl. bogenoemde met Eks. 12:3, die instelling van die Paasfees).

Eksodus 13:1-2 gee die bevel dat alle eersgeborenes aan die Here behoort. Uit elke gesin is daar dus iemand wat aan die Here behoort en wat óf vir Hom moet werk, óf losgekoop moet word. In vers 8 word die rede gegee vir die eerstelingoffer, naamlik dat die ouers herinner word om die betekenis van die fees (wat daaroor gaan dat God hulle gered het), vir hulle kinders te vertel. In vers 9 word weer melding gemaak dat hierdie dinge in die alledaagse werk (teken aan die hand) en in die gedagtes (teken op die voorkop) sigbaar moet wees as herinnering vir almal.

In Josua 24 word 'n interessante dimensie van die verhouding tussen gesin en gemeente, wat gehoorsaamheid aan God betref, gegee. Josua hou, net soos Moses in Deuteronomium, 'n toespraak waarin hy die volk/gemeente herinner aan alles wat God gedoen het en die beloftes wat hulle voor Hom afgelê het. Die volk/gemeente het gewys dat hulle telkens ongehoorsaam is en van God vergeet. Josua wil vir hulle weer die regte manier wys om te sorg dat God se wet en voorskrifte onthou word. Hy maak dié stelling in 24:15: "ואנכי וביתי נעבד את־יהוה " ("Wat my en my familie betref, ons sal die Here dien.") Dit maak die dimensie duidelik dat gehoorsaamheid in die gesinsopset ook die gemeente kan versterk. Die vader neem as individu 'n besluit om God te dien, maar onderneem dat sy gesin dieselfde sal doen. So is hulle 'n voorbeeld vir die volk, dat die een die ander moet leer en verantwoordelik hou vir gehoorsaamheid (vgl. MacArthur, 1997; Henry, 1996).

Die boek Nehemia maak ook in die besonder melding van die gesin se rol in die gemeente en hul gehoorsaamheid aan God. Die ballinge wat teruggekeer het na die ballingskap, het weer rondom Jerusalem begin woon. Dit is opmerklik dat daar 'n volksregister gehou is wat volgens families ingedeel is (vgl. Neh. 7). In Hoofstuk 8 word gemeld dat die

familiehoofde saam met die Skrifgeleerde, Esra, die inhoud van die wet (wat hulle weer na soveel jare ontdek het), bestudeer het. Die hoofde van families (wat heelwat groter en meer uitgebreid as die gesinne van vandag was), het verantwoordelikheid geneem vir die geestelike opbou van die gemeente (Neh. 8:14-16). Hulle het weer ontdek dat daar 'n huttefees gevier moet word en die opdrag gegee dat die mense takke op die berge moet gaan haal. In vers 17 staan dat elkeen vir hom 'n hut gebou het by sy huis of by die tempel. Die familiehoof en sy gesin het dan daarin gewoon. Weereens is dit duidelik dat die fees deur die hele gemeente gevier moes word, maar dat dit prakties in die familie - en nog kleiner, in gesinsverband - plaasgevind het.

### 2.1.2.4 Gevolgtrekking rakende kursoriese eksegese

- Om God se wet en voorskrifte in die praktyk grond te laat vat, is die volk/gemeente opgeroep om feeste soos die Paasfees en Huttefees te vier. Hulle moes deur hierdie gebruike aan die nageslag wys wat God in die verlede gedoen het. Die feeste is so ingerig dat die hele gemeente dit in familie- en gesinsverband gevier het.
- Die gemeente (voor en na die ballingskap) was opgedeel in families en gesinne. Dit was die bouselle van die gemeente. Familiehoofde het saam besluit oor 'n sekere manier van optrede, maar dit het dan in die ketting afgegaan tot die mate dat elke gesin dit uitgevoer het. Dit moes sigbaar wees in hul daaglikse aktiwiteite.
- Gesinne kon ook sterk geestelike leiding gee wanneer die gemeente struikel, deur sterk standpunt vir God in te neem en so as voorbeeld te dien.

## *2.2 Basisteoretiese perspektiewe uit die Nuwe Testament*

### 2.2.1 Efesiërs 5:21 - 6:4

#### 2.2.1.1 Sosiohistoriese agtergrond van die boek Efesiërs

Dit is nie absoluut duidelik wanneer die Efesiërbrief geskryf is en in watter streek Paulus dit geskryf het nie. Wat wel duidelik is, is dat Paulus die skrywer is (Ef. 1.1) en dat hy dit uit die tronk (in Rome) geskryf het (Ef. 3:1, 4:1). (Die meeste gereformeerde verklaarders beaam dit, vgl. Alexander & Alexander, 1998:604; MacArthur, 1997; Hendriksen, 1972:32-56.) Dit word verder algemeen aanvaar dat Paulus in Rome 'n gevangene was tussen 61 en 63 n.C. en dat hy in hierdie tyd die vier gevangenskapbriewe geskryf het (Efesiërs, Filemon, Kolossense, Filippense). (Vir 'n kort samevatting van die probleme rondom die outeurskap, tyd en plek van Efesiërs, vergelyk Roberts, 1998:125-137). Dit wil verder lyk asof die brief nie net aan die gemeente in Efese geskryf is nie, al staan dit duidelik in Efesiërs 1:1 dat hulle die geadresseerdes is. Paulus het immers reeds volgens Handelinge 19:1-20 vir twee jaar in die gemeente van Efese gewerk en dit sou dan vreemd wees dat Paulus in Efesiërs 1:15 stel dat hulle onlangs tot geloof gekom het. Efese was moontlik die eerste gemeente op die roete van Tigikus, wat 'n algemene omsendbrief van Paulus ontvang het (vgl. De Kock, 2003:30; MacDonald, 2000:17; Buys, 1997:25-26). In hierdie brief word daar nie spesifieke dwaalleer behandel soos in die ander briewe nie, maar die gemeente van Efese word bemoedig (vgl. Van Rensburg, 1997).

Temas wat sterk in hierdie brief na vore kom is die aard/identiteit van die kerk, Christus as Hoof van die kerk en die eenheid wat binne die kerk moet heers. Meer van toepassing op hierdie bepaalde studie, kom die verhoudinge binne die gesin onder die vergrootglas en voorts ook hoe dit

verband hou met die verhouding tussen Christus (die Bruidegom) en die kerk (bruid).

### 2.2.1.2 Plek van Efesiërs 5-6 in die boek

Die brief aan die Efesiërs kan in twee hoofdele verdeel word, naamlik Hoofstukke 1 tot 3 en 4 tot 6. Roberts (1998:139) meen dat die eerste deel verband hou met die genre van die Joodse *berakah*-gebede (ook *berakah*-liturgie genoem). (Elemente van liturgie/gebed is: lofroep, voorbidding, geloofsbelydenis, voorbidding en lofsegging). Hy verduidelik verder dat Paulus se briewe nie sommer net in `n leerstellige en `n vermanende deel verdeel kan word nie. Die struktuur kan soos volg ingedeel word (Van Rensburg, 1997; Roberts, 1998:140):

A. BRIEFAANHEF (1:1–2)

B. GOD SE VERLOSSENDE WERK - Lofprysing oor heidene se redding (1:3–3:21)
   1. Lofroep en die rede vir die lofroep (1:3–14)
   2. Paulus se danksegging, voorbidding en geloofsbelydenis (1:15–23)
   3. Die gevolg van God se handelinge vir die gelowiges (2:1–22)
   4. Voorbidding en gevolg van God se handelinge vir Paulus (3:1–19)
   5. Lofsegging (3:20-21)

C. OPROEPE EN VERMANING OP GROND VAN GOD SE VERLOSSINGSWERK MET LEERSTELLIGE UITBREIDINGS OOR DIE WESE EN FUNKSIE VAN DIE KERK (4:1–6:20)
   1. Handhaaf die eenheid onder gelowiges – kerklike vlak (4:1-16)

2. Breek met die ou mens en lewe as nuwe mense – persoonlike vlak (4:17–5:5)
3. Lewe as mense van die lig – praktyk van die gelowige lewe (liturgie) (5:6-20)
4. **Riglyne vir gedrag binne gesagsverhoudings (5:21–6:9)**
5. Oproepe om tot die einde toe op die pos te bly (6:10–20)

D. BRIEFSLOT (6:21–24)

Efesiërs 5:21-6:4 kom dus in die tweede deel voor, wat beide *vermanend* en *leerstelling* is. Die vermanings en oproepe het 'n sekere progressie in die manier hoe hierdie deel ingedeel is. Dit word eers aan die kerk/gemeente gesê (4:1-16), dan word dit aan elke gelowige persoonlik gesê (4:17-5:5). Vervolgens word daar in die algemeen liturgiese praktyke vir die lewe uitgewys (5:6-20) en dan word dit toegepas op die verhoudinge waarin elke gelowige hom bevind - eers in die huis (5:21-6:4) en dan by die werkplek (6:5-9). Laastens word daar 'n samevatting gegee van die vermanings oor die kerk, persoonlike lewe en in verhoudings: bly op julle pos – bewapen en oorwin in die krag van God (6:10-20).

### 2.2.1.3 Detaileksegese van Efesiërs 5:21-6:4

Die gedagteopbou van Efesiërs 5:21-6:4 kan soos volg voorgestel word (vervolg op volgende bladsy):

Algemene beginsel vir die liturgie van die lewe, toegepas op verhoudings/die huishouding.

5 21 Wees uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig.

Gevolge van eerbied vir Christus, vir vrouens, teenoor hul mans.

22 Vrouens, wees aan julle mans onderdanig, net soos julle aan die Here onderdanig is.

Verduideliking van die rol/plek van die man deur metafoor.

23 Die man is die hoof van die vrou, soos Christus die hoof van die kerk is. Christus is ook die Verlosser van die liggaam, sy kerk.

Die verband tussen die kerk se onderdanigheid aan Christus en die vrou se onderdanigheid aan haar man.

24 Soos die kerk aan Christus onderdanig is, moet die vrouens in alles aan hulle mans onderdanig wees.

Gevolge van eerbied vir Christus, vir mans, teenoor hul vrouens.

25 Mans, julle moet julle vrouens liefhê soos Christus die kerk liefgehad en sy lewe daarvoor afgelê het.

Rede vir Christus se liefde vir die kerk.

26 Dit het Hy gedoen om die kerk aan God te wy, nadat Hy dit met die water en die woord gereinig het,

Rede vir Christus se reiniging van die kerk.

27 sodat Hy die kerk in volle heerlikheid by Hom kan neem, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks, heilig en onberispelik.

Verduideliking van die rol/plek van die vrou deur metafoor.

28 Die mans behoort hulle vrouens so lief te hê soos hulle eie liggame. Wie sy vrou liefhet, het homself lief,

Verduideliking van liggaam-metafoor

29 want niemand het nog ooit sy eie liggaam gehaat nie. Inteendeel, hy voed en versorg dit, soos Christus met sy kerk doen

Rede waarom Christus die kerk voed en versorg.

30 omdat dit sy liggaam is, waarvan ons lede is.

Gevolge van eerbied vir Christus en onderdanigheid tussen man en vrou.

31 Daar staan in die Skrif: "Daarom sal 'n man sy vader en moeder verlaat en saam met sy vrou lewe, en hulle twee sal een wees."

Gevolge van die eenheid tussen man en vrou vir die kerk.

32 Hierin lê daar 'n diep geheimenis opgesluit, en ek pas dit toe op Christus en die kerk.

Gevolge van die geheimenis op die verhouding tussen man en vrou.

33 Maar dit is ook op julle van toepassing. Elkeen moet sy vrou so lief hê soos hy homself liefhet, en 'n vrou moet aan haar man eerbied betoon.

Gevolge van eerbied vir Christus vir kinders teenoor hul ouers - en motivering.

**6** [1]Kinders wees as gelowiges aan julle ouers gehoorsaam, want dit is wat die wet van God vereis.

Inhoud van die wet en die waarde daarvan.

[2]"Eer jou vader en jou moeder" is 'n baie belangrike gebod. En daar is nog 'n belofte by:

Inhoud van die belofte.

[3]sodat dit met jou goed mag gaan en jy lank mag lewe op die aarde."

Gevolge van eerbied vir Christus vir vaders (ouers) teenoor hul kinders.

[4]En vaders, moenie julle kinders so behandel dat hulle opstandig word nie, maar maak hulle groot met tug en vermaning soos die Here dit wil.

#### 2.2.1.4 Die algemene beginsel van onderdanigheid in verhoudings

Vers 21 vorm die algemene beginsel vir alle gesagsverhoudings. Alhoewel dit grammaties gebind is aan die voorafgaande (die werkwoord in vers 18 is *vervul*) dien dit tematies as inleiding vir dít wat daarop volg (vgl. MacDonald, 2000:325). Die beginsel wat gestel word is dat elke party in die verhouding aan die ander onderdanig moet wees, as gevolg van hul eerbied vir 'n derde party, naamlik Christus. Die woord **φόβῳ**, beteken letterlik *vrees* (vgl. die 1953-vertaling van die Bybel). Dit hou egter in konteks verband met eerbied, gehoorsaamheid en diens. Die implikasie is dus dat onderdanigheid gesien kan word as gehoorsaamheid en diens aan Christus.

Die woord *onderdanig* kom van die stam **ὑποτάσσω** en staan in die passiewe vorm. Die meeste ontleders en verklaarders meen dat dit hier in 'n imperatiewe sin verstaan moet word. Die betekenis is *om in die weermag jou onder 'n ander rang te stel*, dus is die betekenis wederkerend en moet elkeen homself onderwerp (vgl. Earle, 1979:333).

Nog 'n betekenis is *om iets onder beheer te bring.* Louw en Nida (1996:467) hou streng by *gehoorsaamheid aan opdragte of rigtinggewing.* Elkeen moet homself dus onder beheer van sy naaste bring of in sy diens wees, met ander woorde, elkeen moet so optree dat hy die ander dien.

Die gevolge van die eerbied, diens en gehoorsaamheid word nou verduidelik aan die hand van sekere verhoudinge in die huishouding. Verse 22-24 handel oor die gevolge vir die vrou teenoor haar man; 25-30 oor die gevolge vir die man teenoor sy vrou; 6:1-3 oor die gevolge vir kinders teenoor hul ouers en vers 4 oor die gevolge vir die vader (ouers) teenoor hul kinders. Telkens word daar 'n metafoor gebruik om die rede en intensiteit van onderdanigheid te verduidelik. Die verhouding tussen man en vrou word vergelyk met die verhouding tussen Christus en die kerk. Daar word nou gekyk na die betekenis van die metafoor en die verband tussen gesin en kerk.

### 2.2.1.5 Die verhouding waarin die vrou teenoor die man staan

Die vrou kry volgens vers 22 die opdrag om aan haar eie man onderdanig te wees (die werkwoord word gekry in vers 21 en die imperatiewe betekenis word behou). Die vergelyking word gebruik in die sin dat sy dit moet doen soos wat sy onderdanig is teenoor die Here. Dit slaan weereens terug na die beginsel in vers 21, dat alle gelowiges *aan mekaar* onderdanig moet wees. In Filippense 2:4 word hierdie stelling beaam: "Julle moenie net elkeen aan sy eie belange dink nie, maar ook aan dié van ander" - en dan word dit vergelyk met die voorbeeld van Jesus se lewe. "Eie man" wys hier na die intimiteit tussen man en vrou en dat die vrou haar vrywillig onderwerp, soos die kerk teenoor Christus. Die metafoor word verder verduidelik in vers 23. Die man se hoofskap oor die vrou word vergelyk met die Hoofskap van Christus oor die kerk.

Die woord κεφαλή word met hoof vertaal. Met woord studie word gemerk dat dit in sy eenvoudigste die betekenis het van die hoofsteen of hoeksteen van 'n gebou of boog (Zodhiates, 2000). Al het dit dus duidelik die betekenis van hoof is daar tog 'n element van ondersteuning en verantwoordelikheid (vgl. Louw & Nida, 1996:738). As dit vergelyk word met Christus se voorbeeld uit Filippense 2:5 en verder in die vers, is dit duidelik dat die vrou se onderdanigheid aan haar man, 'n voorbeeld moet wees van die kerk se onderdanigheid aan Christus. Die teendeel is egter ook waar soos dit in vers 24 gestel word (A-B-B-A patroon). Die kerk as liggaam van Christus (Ef. 4:16) moet 'n voorbeeld wees vir die vrou se onderdanigheid aan haar man (in alles).

#### 2.2.1.6 Die verhouding waarin die man teenoor die vrou staan

Die gevolg van die man se eerbied vir God is dat hy sy vrou moet liefhê soos Christus die kerk liefgehad het (v. 25). Hier word die Griekse werkwoord ἀγαπᾶτε gebruik vir liefde. Anders as *phileo*, wat die natuurlike emosie van liefde uitdruk, het *agapao* die betekenis van liefde deur 'n wilsbesluit. Dit is 'n intelligente en vrywillige liefde (Earle, 1979:335). Weereens word die metafoor van Christus en die kerk gebruik om die volle betekenis van die liefde uit te druk. Dit word gedoen met die inhoud van verse 25-31. Vier aspekte van die liefde word hier uitgelig (vgl. MacArthur, 1997b; Hendriksen, 1976a:250-256).

- In die eerste plek, *opofferende liefde* (v. 25). Hierdie aspek van die liefde word verduidelik met die voorbeeld van Christus se liefde vir die kerk tot in die dood. Die Griekse woord vir "aflê" kom van die stam παραδίδωμι, wat beteken om oor te gee, om jouself skade aan te doen deur iets oor te gee. Dit hou ook verband daarmee om jou

onder iemand te stel (vgl. Zodhiates, 2000; Arndt et al., 1996:615). Christus se voorbeeld hier beteken dus dat die man homself ook aan die vrou moet oorgee. Christus het die hoogste prys betaal (Joh. 3:16). Opofferende liefde is dus onverdiende liefde.

- In die tweede plek, *reinigende liefde* (v.26-27). Christus het die kerk so lief omdat Hy haar wil reinig sodat sy aan God gewy kan word. Soos wat die kerk se reinheid vir Christus belangrik is, so moet die reinheid van `n man se vrou vir hom belangrik wees. Die vrou se reinheid word die man se doel. Die woord καθαρίζω beteken letterlik om iets skoon te was (Arndt et al., 1996:387). Figuurlik beteken dit om `n siekte te genees, of om iets of iemand seremonieel skoon te maak of te verklaar, sodat dit vir God aanneemlik is (vgl. Louw & Nida, 1996:534). Soos wat Christus die kerk vir God aanneemlik maak deur haar te reinig met woord en water (doop), so moet die man sorg dra dat sy vrou rein is deur gehoorsaamheid aan die woord van God. Vers 27 gaan verder deurdat die rede vir die reininging uitgespreek word, naamlik dat Christus die kerk sonder enige skade voor God wil bring. Die reinigende liefde van `n man vir sy vrou beteken dus verder dat hy sorg moet dra dat hy so optree dat sy vrou geen vlek of rimpel van onreinheid as gevolg van hom opdoen nie. Mans moet dus hul vrouens ophef en so te sê die stof van die sonde van hulle voete afwas. Weereens is dit iets wat hy moet doen in toewyding en nie iets wat hy kan verwag of kan afdwing nie. Die man se reinigende liefde moet `n voorbeeld wees van die reinigende liefde van Christus vir sy kerk.

- Derdens is dit *versorgende liefde* (v. 28-30). Versorgende liefde word verduidelik met die metafoor van `n man wat sy eie liggaam liefhet

(v.28). Hier word die woord *behoort*, of ὀφείλω, gebruik - wat ook die betekenis het van 'om in die skuld te wees'. Soos wat mans dan die behoeftes van hul liggame met liefde versorg, so is hy dit aan sy vrou verskuldig om in haar behoeftes met liefde te voorsien. Dit is dus nie in die eerste plek `n emosie nie, maar `n daad wat ongeag die omstandighede gedoen moet word. In Romeine 13.8 stel Paulus dit so: "Julle moet niemand iets verskuldig wees nie, behalwe om mekaar lief te hê. Wie sy medemens liefhet, voer die hele wet van God uit." Deur sy vrou lief te hê, het die man homself lief - omdat sy, sy liggaam is. Dít hou weer verband met Genesis 2:24, wat in vers 31 aangehaal word: "...en hulle twee sal een wees". In vers 29 word uitgewys dat versorgende liefde voeding en koestering, of sorg, inhou. Die mooi Griekse woord ἐκτρέφω word gebruik vir voed (in Engels, *nourish*) (vgl. Friberg et al., 2000:141). Letterlik hou hierdie woord verband met die opvoeding en grootmaakproses van kinders tot volwassenheid en rypwording. Mans is geroep om hul vrouens so lief te hê dat hulle sal ryp word in hul verhoudings tot hul mans en ook in hul verhoudings tot Christus. Dit veronderstel egter ook dat die man in die vrou se fisiese behoeftes moet voorsien, soos hy vir sy liggaam doen. Soos wat Christus alles gegee het om in sy kerk se behoefte en nood te voorsien en sy bruid só te voed, moet die man dit vir sy vrou doen op geestelike, emosionele en sielkundige vlak.

Vervolgens word die woord θάλπω gebruik om nog `n dimensie van versorging te beklemtoon. Die letterlike betekenis is om iets sag te maak of met liggaamshitte warm te maak, soos `n voël op `n nes vol eiers (vgl. Lust *et al.*, 2003). Die man moet vir die vrou `n nes, `n veilige plek, skep - wat warm is en waarin sy haar Godgegewe roeping kan uitvoer. Hy moet met sy vrou doen wat Christus met sy

kerk doen, omdat dit sy eie liggaam is (v.30). Dit is nie `n oppervlakkige versorging ter wille van oorlewing nie, maar `n intensiewe versorging, sodat die lewe ten volle geleef kan word in eerbied vir God. Man en vrou is in die huwelik soos een liggaam, elkeen `n lid daarvan. MacArthur (1997b) stel dit soos volg: "Not to meet her needs is to commit spiritual suicide, because you are one."

- In die vierde plek is dit `n *onskeibare liefde* (v. 31). Dit is onskeibaar in die lig van die direkte aanhaling uit Genesis 2:24. Die skrywer verwys moontlik na Jesus se uitspraak in Matteus 19:6, wat hierdie gedeelte aanhaal as Hy oor die huwelik tussen man en vrou praat: "Hulle is dus nie meer twee nie, maar een. Wat God dan saamgevoeg het, mag 'n mens nie skei nie." Die twee werkwoorde *verlaat* en *saam lewe* ("aankleef", volgens die 1953-vertaling van die Bybel), is beide in die intensiewe vorm van die Grieks. Hiermee beklemtoon die skrywer die belangrikheid van die aksies wat dit verteenwoordig. Die man en vrou *moet* hul ouers verlaat, sodat hulle `n eie nuwe eenheid kan vorm. Hierdie eenheid van saamleef het die betekenis van iets wat aanmekaar gegom is. Twee word een en kan nie uitmekaar gehaal word nie.

#### 2.2.1.7 Motivering vir onderdanigheid en liefde

Die motief vir die liefde en onderdanigheid tussen man en vrou word nou in vers 32 gegee: Hier word gepraat van `n geheimenis, of **μυστήριον**. Hierdie geheimenis wys na die eenheid tussen man en vrou. MacArthur (1997b) praat van "a secret from the past", waarmee hy bedoel dat die huwelik as voorbeeld van die kerk vir lank `n geheimenis was, maar dat dit nou in die ope is. De Klerk (1997:75-76) sluit daarby aan, maar laat die klem van die geheimenis meer op die twee-eenheid val (vir `n volledige

studie oor die *musterion*-gedagte van die huwelik in Efesiërs, sien die verhandeling van De Klerk, 1997). Die eenheid tussen man en vrou is van die begin af deur God bewerk, deurdat hulle saam in sy beeld geskape is [Gen. 1:26-28] (Bergh, 2002:49; Van Vonderen, 1992:18). Die skrywer pas hierdie misterie toe op Christus se verhouding met die kerk en hul eenwording omdat dit bloot Goddelike genade is, onverdiende en onverstaanbare genade. Tog beklemtoon hy die feit dat dit op die huwelik van toepassing is deur die basiese beginsel van eerbied vir Christus te herhaal - en dit is onderdanigheid aan mekaar (v. 33).

**2.2.1.8 Die verhouding waarin kinders teenoor hul ouers staan**

Vervolgens word die gevolge van die eerbied wat die kind vir Christus het, vir sy verhouding teenoor sy ouers, uitgewys (Ef. 6:1-3). Die feit dat hulle direk genoem word, beklemtoon hul belangrike plek en rol in die gesin. (Die gesin, wat bestaan uit eie bloedverwante, is destyds ook uitgebrei om 'n huishouding met die inwonende slawe en arbeiders in die huis, te omvat [Ef. 6:5-9] (Louw & Nida, 1996:112). Alhoewel die werkwoord **ὑπακούω** verskil van die werkwoord vir onderdanigheid in Efesiërs 5:21, het dit steeds die betekenis daarvan om jou *onder* (*hypo*) iemand te stel. Hier het dit die spesifieke betekenis van 'om gehoorsaam te wees'.

Die tweede deel van vers 1 gee die motivering vir die kind se gehoorsaamheid. Dit is nie in die eerste plek omdat hy sy ouers liefhet, of omdat hulle dit verdien nie, maar wel omdat dit die regte ding is in God se oë. Soos 'n goeie kategeet, weet Paulus dat die kinders van sy lesers die wet van God behoort te ken, en daarom sluit hy by die vyfde gebod aan. Ook sy onderdanigheid moet 'n voorbeeld wees van die onderdanigheid wat daar by Christene moet wees teenoor dié wat oor hulle aangestel is. As die kind gehoorsaam is aan sy ouers, beteken dit dat hy hul voorbeeld

van eenheid en onderdanigheid sal navolg en dan is daar die belofte van Goddelike seën. Die kind moet dus reeds op `n jong ouderdom begin om die voorbeeld van hoe Christus in verhouding staan teenoor sy kerk, self in te oefen.

### 2.2.1.9 Die verhouding waarin ouers teenoor kinders staan

Laastens word die gevolge van die eerbied wat man en vrou as ouers vir Christus het, bespreek (Ef. 6:4). Al word hier met die vaders gepraat, hou die Griekse woord πατήρ verband met die begrip van 'n mentor - of die eerste van `n groep (vgl. Zodhiates, 2000; Louw & Nida, 1996:737). Alhoewel Hendriksen (1976a:261) daarop wys dat *Pateres* direk op die vader van toepassing is, meen Wuest (1997) dat dit in hierdie geval beide ouers verteenwoordig. Die vader dra die verantwoordelikheid, maar die opdrag geld vir beide ouers. Ouers moenie hul kinders opstandig maak teen God en godsdiens, deur van hulle te verwag wat hulle self nie doen nie. Die beginsel is dat ouers hul kinders met tug (dissipline) en vermaning moet versorg soos die Here dit wil. Weereens word Christus se voorbeeld van versorging as voorbeeld gebruik. Die Here se wil is dat ouers eers self onderdanig moet wees aan Hom en dat hulle dan deur hul voorbeeld van gehoorsaamheid die kind op `n pad van gehoorsaamheid kan lei. Die hele gesin, ouers en kinders, moet dus dien as voorbeeld van die verhouding tussen Christus en die kerk. In Spreuke 22:6 staan: "Gee leiding aan 'n jongmens oor hoe hy moet leef, en hy sal ook as hy al oud is nie daarvan afwyk nie." Gelowige ouers moet `n generasie van gelowige kinders grootmaak, wat hulle aan Christus en hul medemens onderwerp.

#### 2.2.1.10 Gevolgtrekking

- Die hoofbeginsel vir elke Christen is dat mense aan mekaar onderdanig moet wees. In die gesin kry dit gestalte in die manier hoe die verskillende verhoudinge in 'n gesin onderdanigheid uitstraal.
- Verhoudinge in die Christengesin moet in wese die verhouding tussen Christus en sy kerk, weerspieël.
- Gesinne moet 'n voorbeeld wees vir die kerk oor hoe hulle verhouding teenoor Christus behoort te lyk. Die gesin is dus die leerskool vir gehoorsame lidmate van die kerk.
- Die kerk se verhouding met Christus moet as voorbeeld dien vir die gesin se verhoudinge onderling.
- Kerk en gesin is onlosmaaklik deel van die manier hoe God geëer wil word. Wat by die kerk gebeur, moet verleng word na dit wat in die huis gebeur.

### 2.2.2 Die openbaringshistoriese plek, die verhouding met die kerk en die rol in kerkregering, van die gesin

Die kursoriese eksegese word gedoen aan die hand van drie aspekte:

1. Die openbaringshistoriese plek van die gesin, deur te verwys na Jesus Christus se onderrig daaroor.
2. Die verhouding tussen gesin en kerk, deur te kyk na die sogenaamde **οικος**-tekste.
3. Die rol van die gesin in kerkregering - en meer spesifiek die gesin as barometer vir die gawes en geestelike volwassenheid om in die ampte te dien.

### 2.2.2.1 Die onderrig van Jesus Christus oor die gesin

Dit is noodsaaklik om te kyk wat Jesus Christus self geleer het oor die gesin, omdat gelowiges bely dat Hy die hoogste Profeet en Leraar is "wat die verborge raad en wil van God" ten volle bekend gemaak het (HK, 12:41-42).

- Die huwelik:

  Jesus beaam dit wat deur die profete deur die eeue oor die eenheid in die huwelik geleer is: Man en vrou word in die huwelik één en wat deur God saamgevoeg is, mag nie deur die mens geskei word nie (vgl. Mark. 10:8-9). Hy stel dit nog skerper in Matteus 5:32 en 19:9 as Hy egskeiding afmaak as egbreuk (sewende gebod) en dit slegs toelaat in die geval waar een van die twee huweliksmaats owerspel gepleeg het. In Matteus 5:28 pas Jesus die wet van Moses nog meer intens toe, as Hy verklaar dat elkeen wat 'n vrou met die oë begeer, reeds egbreek gepleeg het.

  Die eerste wonderwerk wat Jesus doen is op die bruilof in Kana (vgl. Joh. 2:1-11). Hoek (1990:22) meen dat Jesus hierdeur gewys het dat die huwelikstaat eerbaar gehou moet word. Die band tussen man en vrou is dus vir Jesus Christus van groot belang.

  Hy maak dit egter duidelik volgens Markus 12:25 dat die huwelik nie vir altyd sal voortduur nie. Die huwelik en gesin is dus 'n struktuur vir *hierdie* bedeling. Vervolgens is die huwelik ook nie 'n vereiste vir gelowiges om in die hemel te kom nie. Post (2000:44) praat van die sogenaamde "passages on singleness" waarin Jesus teen die Joodse gebruik in, 'n plek vir die enkellopende erken het. Een van hierdie tekste is Matteus 19:11-12. Jesus merk op dat almal nie enkellopend

kan wees nie, maar dat dit 'n gawe is en dat "Wie dit kan doen, laat hy dit doen." Paulus bevestig hierdie stand van sake in 1 Korintiërs 7:7.

- Kinders:

In Lukas 2:51 staan geskryf dat Jesus as kind aan sy ouers onderdanig was. Hy het dus geduld met hul swakhede gehad (HK, 39:64), en die gebruik van oorlewering vanaf die ouers na die kinders aanvaar (vgl. studie oor Deut. 6 by 2.1.1.3).

Uit Jesus se reaksie teenoor die kindertjies wat na Hom toe gebring is (Mark. 10:13-16), kan afgelei word dat kinders as deel van die gesin (en veral as deel van die Koninkryk van God) vir Jesus baie belangrik was. Dit is opmerklik dat die gedeelte oor die kindertjies direk ná die gesprek oor die eenheid in die huwelik volg [Mark. 10:8-9] (vgl. Post, 2000:56). Die voortsetting van die verbond vanaf die ouers na die kinders, word deur Jesus se optrede bevestig, of soos Hoek (1990:23) dit stel: "Gezinsvorming en opvoeding mogen er op zijn gericht de kinderen als aan de hand mee te nemen naar Heere Jezus."

- Die gesin en gehoorsaamheid:

Enige tipe gesin wat Christus nie bo alles liefhet nie "is nie werd om aan My te behoort nie" (Matt. 10:37). Jesus maak dit baie duidelik in sy uitsprake dat gehoorsaamheid aan ouers nooit die gehoorsaamheid aan God in gedrang mag bring nie (Luk. 2:49; 9:59-62; Joh. 2:4; vgl. ook Jesus se optrede teenoor sy eie gesin in Mark. 3:21 en 31-35). Die gevolgtrekking hieruit is nie dat Jesus familie- en gesinsbande minag nie, maar wel dat hierdie bande niemand van

gehoorsaamheid mag weerhou nie. Vir dié wat hul bande met gesin en familie moet afsny om gehoorsaam te wees, is daar 'n geestelike familie in Christus (vgl. Mark. 3:34,35).

### 2.2.2.2 Gevolgtrekking

- Die huwelik is vir Jesus heilig en deur God ingestel.
- Man en vrou is een en mag nie geskei word nie.
- Onderdanigheid in die gesin geld vir almal en ouers moet 'n voorbeeld hiervan vir die kind wees.
- Die huwelik is 'n tydelike instelling vir hierdie bedeling.
- Enkellopendes wat só bly ter wille van die Koninkryk van God, het by Jesus 'n plek.
- Die gesin moet as eenheid aan God gehoorsaam wees en familiebande mag nooit gehoorsaamheid aan God verdring nie.

### 2.2.2.3 Die verhouding tussen gesin en kerk in die Nuwe Testament

**Die οικος-tekste**

Louw en Nida (1996:112) gee die betekenis van **οικος** soos volg weer: "the family consisting of those related by blood and marriage, as well as slaves and servants, living in the same house or homestead - 'family, household." Hulle maak ook die opmerking dat die ekwivalent van *oikos* in 'n paar ander tale sou wees "hulle wat saam woon" of "hulle wat dieselfde heining het".

- In Handelinge 16:14-15 word inligting gegee oor die bekering van Lidia die purpurverkoopster. Die Here het haar hart geopen om na Paulus te luister en sy en haar huisgesin is gedoop. Dit is iets besonders dat hier na haar huisgesin verwys word, omdat

huisgesinne gewoonlik onder die man se leiding gestaan het. Geen melding word van haar man gemaak nie en ons kan dus aanneem dat sy die geestelike hoof van die huis was (vgl. Van Zyl, 1997; Polhill, 2001). Sy het as vrou toegesien dat haar hele gesin gedoop word. Tog hou haar betrokkenheid nie daar op nie. Sy maak haar huis vir die apostels oop. Te oordeel aan die inligting in Handelinge 16:40 het sy dit ook vir ander gelowiges gedoen en blyk dit dat hulle daar as gemeente/kerk bymekaar gekom het.

- In 1 Korintiërs 1:16 sê Paulus dat hy vir Stefanas en sy huisgesin gedoop het. Hy maak van hulle voorbeelde vir die res van die gelowiges in Korinte in 1 Korintiërs 16:15-16. Hulle het hul huis tot diens van al die gelowiges gestel en Paulus beveel dan die gelowiges om hierdie hele huishouding en ander soos hulle se leiding te aanvaar (vgl. MacArhur, 1997a; Wiersbe, 1997:470). Die gevolgtrekking kan gemaak word dat dit die reël behoort te wees dat gesinne hul tot diens van die hele gemeente/kerk stel. Dit moet opgemerk word dat die huishouding in hierdie geval meer as net bloedfamilie beteken en dat dit ook werksvennote en arbeiders insluit.
- Priscilla en Akwila word die eerste keer genoem in Handelinge 18:1-3. Paulus het hulle ontmoet en by hulle tuisgegaan tydens sy bediening in Korinte. In Rom. 16:3-4 en 1 Kor. 16:19 word die egpaar weer genoem en in beide gevalle word daar melding gemaak van die gemeente wat by hulle huis bymekaarkom (MacArthur, 1996). Floor (1978:48-49) meen dat dit van besondere belang is dat die huisgemeentes as 'n ekklesia beskou is, as volwaardige kerk. Dit wil uit Romeine 16:4 lyk of hulle ook behulpsaam was met "die gemeentes van die heidene" (vgl. Mounce, 2001). Hier is dus 'n voorbeeld van 'n egpaar wat hul hele lewe in diens van God en sy kinders geplaas het. Daar word geen inligting oor die huishouding gegee nie.

### 2.2.2.4 Gevolgtrekking

- Die eerste gemeentes het by sekere prominente gesinne se huise bymekaar gekom.
- Sterk gesinne dien as voorbeeld vir ander gelowiges en bou die gemeente op.
- Verskeie strukture van gesinwees word as voorbeeld gehou, naamlik die enkelouergesin, uitgebreide gesin en egpaar.

### 2.2.2.5 Vereistes vir ouderlinge en diakens

In 1 Timoteus 3 gee Paulus aan Timoteus riglyne oor hoe die kerk regeer moet word. In verse 1-7 gee hy die vereistes vir `n ouderling en in 8-12, vir diakens. Alhoewel daar `n hele paar persoonlike vereistes vir die ampsdraer is, is daar twee wat in besonder vir hierdie studie van belang is:

- Die eerste vereiste vir die ouderling en diaken as voorbeelde in die gemeente, is dat hulle mans van een vrou moet wees - of soos die 1983-vertaling van die Bybel dit stel: "moet aan sy vrou getrou wees." Dit beteken nie dat hy getroud hoef te wees nie, maar wel dat dié wat getroud is, seksueel rein moet wees in gedrag en gedagtes, lief vir hul eie vrouens (vgl. Hendriksen, 1972:121). Dit is 'n kenmerk waaraan hulle geken moet kan word. Iemand wat amptelik in diens van God staan en ander moet lei om rein te leef, moet `n voorbeeld wees van iemand met `n rein lewe.

- Die tweede vereiste vir ouderling en diaken is dat hulle hul huise goed moet beheer (die 1953-vertaling van die Bybel gee dit weer as *regeer*). Die bedoeling is nie dat hy `n diktator in die huis moet wees nie, maar dat onderdanigheid `n realiteit in die huishouding moet

wees. Spesiale melding word gemaak van die onderdanigheid van die huishouding (vgl. Carson, 1994; Van Rensburg, 1997). 'n Kerkleier wie se kinders (en ander afhanklikes - soos in Nuwe-Testamentiese tye) onderdanig is, is geestelik volwasse en in staat om dit suksesvol oor te dra.

So is die gesin dan 'n kweekskool vir die leiers van die kerk, sodat hulle ook die huisgesin van God met gesag en geloofwaardigheid mag lei.

#### 2.2.2.6 Gevolgtrekking

- Die gesin dien as leer- en kweekskool vir kerkleiers, sodat hulle die huisgesin van God kan lei.
- Die gesin is 'n barometer van die geestelike volwassenheid van die gelowige.

## *2.3 Finale gevolgtrekking van Ou- en Nuwe-Testamentiese eksegese*

### 2.3.1 Die verhouding kerk en gesin

- Die gemeente/kerk bestaan uit gesinne.
- Opdragte en voorskrifte van God aan die hele gemeente/kerk moet uitgevoer word en die gesin is die primêre plek waar dit beoefen en geoefen moet word - ook sodat dit aan die nageslag oorgedra kan word.
- Gesinne moet sigbare vergestaltings van die kerk in die gemeenskap en samelewing wees.
- Gesinne kan geestelike leiding gee wanneer die gemeente struikel, deur standpunt vir God in te neem en so as voorbeeld te dien.

- Verhoudinge in die Christengesin moet in wese die verhouding tussen Christus en sy kerk weerspieël.
- Kerk en gesin is onlosmaaklik deel van die manier hoe God geëer wil word. Wat by die kerk gebeur, moet deurgevoer word na dit wat in die huis gebeur.
- Die gesin dien as leer- en kweekskool vir kerkleiers sodat hulle die huisgesin van God kan lei.

### 2.3.2 Die struktuur en beginsels van gesinwees

- God het man en vrou bymekaar gebring (manlik en vroulik) om een te word. Hy het die huwelik ingestel en dit is nou nog vir Hom heilig. Daarom mag dit wat God bymekaar gevoeg het, nie geskei word nie. Tog is die huwelik 'n tydelike instelling van hierdie bedeling.
- Die hoofbeginsel vir elke Christen is dat hulle aan mekaar onderdanig moet wees. In die gesin kry dit gestalte in die manier hoe die verskillende verhoudinge in 'n gesin onderdanigheid uitstraal.
- Die gesin moet as eenheid aan God gehoorsaam wees en familiebande mag nooit gehoorsaamheid aan God verdring nie.
- Die gesin is 'n barometer van die geestelike volwassenheid van die gelowige ouer.
- Verskeie strukture van gesinwees word as voorbeeld gehou, naamlik die enkelouergesin, uitgebreide gesin en egpaar. Enkellopendes word ook erken en vorm 'n eie gesinstipe.

## *2.4 Basisteoretiese perspektiewe*

Uit die voorafgaande eksegese is die volgende basisteoretiese perspektiewe, na die mening van die navorser, gevorm:

- Daar bestaan nie `n spesifieke struktuur (definisie) vir die gesin in die Skrif nie, maar wel beginsels van hoe God dit ingestel het en hoe Hy wil hê dat dit moet funksioneer. Hierdie beginsels behels in die eerste plek onderdanigheid en eerbied vir God, wat lei tot die gemeenskaplike onderdanigheid van gesinslede aan mekaar (in die tweede plek).
- Daar is `n definitiewe verhouding tussen kerk en gesin. Die gesin is eerste deur God ingestel (vgl. Gen. 2), waaruit leiers opgroei wat dan die kerk bymekaar bring. Die kerk is opgebou uit gesinne.
- Vir die (optimale/Skriftuurlike) verhouding tussen kerk en gesin, moet die verhouding tussen man en vrou (soos deur God ingestel), gekenmerk word deur dieselfde eienskappe as dié wat die verhouding waarin Christus met sy kerk staan, kenmerk. Dit geld vir hulle wat in enige vorm leiding neem in die gesinsopset/-struktuur. Die kerk se verhouding met Christus moet op sy beurt as voorbeeld en aansporing dien vir die verhouding tussen man en vrou en dus vir alle verhoudinge in die gesin.
- Die verhouding tussen gesin en kerk veronderstel dat gesinne `n bepaalde rol in die kerk speel. Hulle het die taak om God se voorskrifte, wat aan die hele gemeente gegee is, praktyk te maak in onderlinge verhoudinge deur dit aan die nageslag oor te dra.
- Gesinne het ook buite die kerk `n rol te speel deurdat dit die kerk in die breë samelewing moet verteenwoordig. Gehoorsame gesinne bou `n gehoorsame gemeente wat hul roeping teenoor die gemeenskap uitdra.

# HOOFSTUK 3

## METATEORETIESE PERSPEKTIEWE OOR DIE INVLOED VAN DIE POSTMODERNISME OP DIE STRUKTUUR EN ROLLE IN DIE GESIN, ASOOK OOR BESTAANDE BEGELEIDING VAN DIE GESIN DEUR KERKE

Dit is nodig dat metateoretiese perspektiewe bekom word, om te vas te stel hoe die basisteoretiese beginsels van Hoofstuk 2 in die situasiewerklikheid gestalte kry. Venter (1996:89) meen dat onder die term *metateorie* verstaan moet word: "... 'n teorie waarin wetenskaplike vertrekpunte uitgespel word wat raakvlakke met ander vakke deel, dit wil sê vakke wat aspekte van dieselfde werklikheidsveld ondersoek". Omdat hierdie studie die model van Zerfass (1974:164-177) as uitgangspunt neem, is die hermeneutiese wisselwerking tussen basisteoretiese perspektiewe (vgl. Hoofstuk 2) en die situasiewerklikheid baie belangrik, sodat by die ontwerp van 'n nuwe praktykteorie uitgekom kan word (vgl. De Kock, 2003:84; Heystek, 2000:14-15).

Om metateoretiese perspektiewe te bekom, word gebruik gemaak van 'n literatuurstudie uit die hulpwetenskappe Sosiologie, Maatskaplike Werk en Filosofie. Hieruit word gepoog om vas te stel wat die veranderende samestelling van die gesin en dié se omstandighede in 'n postmodernistiese tydgees behels en om sekere tendense vanuit die wetenskappe te identifiseer. Daar word in die eerste plek kortliks gekyk na die ontwikkeling van postmodernisme en die paradigmaskuiwe wat dit veroorsaak het. Vervolgens word tendense en invloede op die gesin, vanuit die hulpwetenskappe, bespreek. Die invloed van die postmodernisme op die struktuur, samestelling en funksionering van die gesin geniet in besonder aandag.

Dit word opgevolg met 'n verdere literatuurstudie oor kerke en teoloë se siening van gesinsbediening, om sodoende vas te stel wat kerke doen ten opsigte van die begeleiding van gesinne tot rolvervulling in die kerk.

Bogenoemde sal aangevul word deur kwalitatiewe empiriese navorsing, deur middel van onderhoude met onder andere predikante en ander kundiges, asook met verskeie gesintipes aangaande hul ervaring en behoeftes rakende die gesin se rol in die kerk.

## *3.1 Paradigmaontwikkeling: premodern tot postmodern*

Kortliks word as inleiding 'n verduideliking aangebied van hoe die denke van die mensdom ontwikkel het tot nou en van die paradigmaskuiwe wat gemaak is. Eerstens word verduidelik wat 'n paradigmaskuif behels en wanneer dit voorkom. Dan word drie algemeen aanvaarde paradigmas bespreek, met 'n breedvoerige verduideliking van die positiewe en negatiewe elemente van die postmoderne paradigma.

### 3.1.1 Paradigmaskuiwe

Wanneer vind verandering in 'n sekere denkraamwerk of paradigma plaas? Volgens Vorster (1996:12) vind dit plaas wanneer die ou denkraamwerk/paradigma nie meer antwoorde op nuwe realiteite bied nie. In die Teologie vervang die nuwe denkraamwerk selde die oue onmiddellik: "... die een wat die beste antwoorde bied op nuwe realiteite sal ontwikkel tot die dominante" (Vorster, 1996:12).

Algemeen aanvaarde veranderinge in die moderne geskiedenis word deur Vorster (1999: 102-110) beskryf. Hy verduidelik breedvoerig die konsep *paradigmaverskuiwing*, en ook hoe dit op makro-, meso- en mikrovlak uitwerkings het. In wese onderskei hy (saam met Barker en Toffler) tussen drie makroparadigmas in die moderne kerkgeskiedenis, naamlik dié van *premodernisme, modernisme* en *postmodernisme* (vgl. ook Du Toit, 2000:14-51). Hierdie drie paradigmas word kortliks bespreek omdat dit lig werp op die ontwikkeling van die moderne kerkgeskiedenis tot hede. Daar word heelwat

gebruik gemaak van die skrywers Vorster en Smit, omdat hulle vanuit die Gereformeerde voorveronderstelling skryf.

#### 3.1.1.1 Premodernisme

Vorster (1998:209) beskryf premodernisme as "the notion that everything is controlled by the metaphysical." Hierdie tyd het geduur vanaf die Middeleeue tot en met die dertiende eeu. Dit is belangrik om op te merk dat al drie die groot godsdienste wat nou in die Weste aangetref word – die Joodse geloof, die Christendom en Islam, met hul geskrifte (Tora, die Nuwe Testament en die Koran) – in die premoderne tyd ontstaan het (Du Toit, 2000:14). (In hierdie studie bepaal die navorser hom slegs by die Christelike geloof).

Geloof het die rede oorheers en tradisie, bygeloof en groepsgerigtheid was bepalende faktore in die tyd van die premodernisme. Geloof is nooit bevraagteken nie omdat die kerk in die Christelike gemeenskappe 'n leidende rol gespeel het. Die groep, familie en gemeenskap was belangriker as die indiwidu se kultuur en vryhede. So ontwikkel 'n kerksentriese samelewing in die eerste dertien eeue na Christus, wat ook gelei het tot 'n teleologiese beskouing van die geskiedenis (Vorster, 1998:210; Vorster, 1999:104). Hierdie denkraamwerk is gekenmerk deur 'n fundamentalistiese aanslag op realiteit. Die lewe en gemeenskap is ook deur streng reëls beheers. Die gode se vermoë was positief beskou, terwyl die mens se vermoë as negatief gesien was. Fatalisme het veroorsaak dat mense maar net van dag tot dag gelewe het om te oorleef en bykans geen ontwikkeling het plaasgevind nie.

### 3.1.1.2 Modernisme

Reeds ten tyde van die Renaissance begin daar weer 'n skuif kom in die denkraamwerk van mense. Dit staan bekend as die modernisme, 'n tyd waarin die oorheersing van godsdiens en die metafisiese, gaandeweg bevraagteken is (Smit en Vorster, 2000:517). In 1500 n.C. begin die fondamente van die Middeleeuse samelewing verbrokkel en ontstaan daar 'n nuwe samelewing met 'n groter geografiese kennis. Veranderinge en ontwikkeling in die patrone van politiek, ekonomie, intellek en godsdiens het ook ingetree (Cairns, 1996:267) [vgl. die ontdekkings van Christopher Columbus, Copernicus, Galileo Galilei en ander, tussen 1492 en 1600 n.C., soos in Middleton & Walsh (1995:9-11) en Du Toit (2000:9-10, 25-26)].

'n Proses het ontstaan waarin die mens se rede en sy eie vermoë meer en meer optimisties en positief beskou is. Die rede het godsdiens vervang en het die dominante krag in die mens se bestaan geword. Dit het gelei tot die sogenaamde era van die Verligting (Vorster, 1998:210). Die mens is toenemend beskou as die bepaler van sy eie bestemming (Smit en Vorster, 2000:517).

Alhoewel verskeie bewegings en persone (bv. Descartes, reeds in die jaar 1637 en Newton, in die jaar 1687) die weg gebaan het vir modernisme (vgl. ook Du Toit, 2000:26), het die filosoof Kant (1781) 'n geweldige groot invloed gehad. Hy bring die denke van die Rasionaliste en Romantisisme saam. Hy meen dat die mens nie alleen rede of waarneming kan gebruik om 'n beeld van die werklikheid te vorm nie, maar dat beide 'n rol speel. Hierdie beeld wat elkeen vorm is eie aan elke persoon. Rede en waarneming vorm 'n gekleurde bril waarmee die mens na die werklikheid kyk (Gaarder, 1999:270). Daarvolgens is die mens wat moreel goed lewe,

aanvaarbaar vir God en daarom ook 'n kind van God (Walker,1992:629). Die gevolg is dat Christus as God-mens geen plek het in Kant se denkraamwerk nie. Die mens met sy vrye wil en ingebore vermoë om tussen goed en sleg te ken, vorm sy eie godsdiens, waarin sy ingebore moraliteit verder ontwikkel word. Kant het hiermee die grondwerk gelê vir Skrifkritiek en die moderne stroming van liberalisme, wat meen die mens dra in homself 'n vonk van die goddelike (Cairns, 1996:419).

Modernisme, deur die invloed van Kant, het die geskiedenis nou in 'n liniêre lig gesien - wat die mens se ontwikkeling onder die leiding van die rede veronderstel. Nuwe sosiale strukture, wetenskap en tegnologie is ontwikkel en so ook nuwe gedagtes oor godsdiens, teologie en ekklesiologie. Teologie is in wese etiek en godsdiens blote moraliteit. Vervolgens het dit gelei tot ongekende sekularisme (Vorster, 1999:104). Grenz (1996:81) vat dit soos volg saam: "The key assumption of modernism is that knowledge is certain, objective, good, and obtainable."

#### 3.1.1.3 Postmodernisme

Nog 'n verandering in die denkraamwerk van die "moderne" mens het egter in die loop van die twintigste eeu ontwikkel. Dit staan bekend as postmodernisme. Menslike eienskappe en voorkeure word na die voorgrond gebring, nl. emosies, ervaring, menslikheid, verskeidenheid en die relatiwiteit van waarheid. Spiritualiteit word 'n nuwe golf in die godsdiens omdat absolutistiese stelsels bevraagteken word en so ook die manier waarop godsdiens tot uiting kom (Smit en Vorster, 2000:518).

Frederik Schleiermacher (1768-1834) was 'n voorloper van hierdie gedagtes. In teenstelling met Kant, wat die mens se morele natuur gebruik as beginpunt vir godsdiens, maak hy gevoel en emosie die beginpunt van godsdiens (Cairns,1996:419). Schleiermacher was 'n

bevorderaar van die dinamiese inspirasieteorie. Hy meen die Bybelskrywers was nie die enigste geïnspireerde "akteurs" in die kerk nie, maar wel die eerstes (Van Genderen en Velema, 1993:86). Die doel van alle godsdienste is om vrede en harmonie tussen die mens en die *Absolute* te bewerk. Godsdienste kan dus nie verdeel word in kategorieë van waar en vals nie, maar in grade van sukses. Die Christelike godsdiens voldoen die beste aan hierdie vereiste. Verder was hy 'n aanhanger van die absolute universalisme. Volgens Schleiermacher is die onderskeid tussen mense wat as gelowiges of ongelowiges sterf, net 'n onderskeid tussen 'n vroeëre en latere opneming in die ryk van Christus is (Van Genderen en Velema,1993:786). Uiteindelik meen hy dat moraliteit nie godsdiens is nie, maar daaruit voortvloei. Moraliteit is te danke aan die regte verstaan van die individu se plek in die gesin, gemeenskap, staat en wêreld. Hierdeur word selfsug en selfgesentreerdheid uitgeskakel (Walker,1992:631). Met ander woorde, die mens moet gewoon sy plek in die heelal reg verstaan en dan sal hy reg lewe.

Die moderne era het volgens denkers 'n dooie punt bereik omdat dit nie meer antwoorde vir die huidige mensdom kon bied nie (Goudzwaard, 1998:2). Hierin het die Tweede Wêreldoorlog en die bevryding van die sestigerjare veral 'n groot rol gespeel (Smit en Vorster, 2000:518; Bergh, 2002:67; Du Toit, 2000:51).

Dit word oor die algemeen aanvaar dat die postmodernisme ontstaan het in reaksie teen die mag van die rede, wetenskap en tegnologie en dat die groot super-sosiale strukture wat daaruit voortgevloei het, kenmerkend was van die Verligting (Vorster, 1999:104). In die postmoderne paradigma het die fokus verskuif vanaf die objek in die moderne era, na die subjek, die mens self, met sy voorveronderstellings (Vorster, 1998:211). Kenmerkend is dat die geldigheid van meer as een moontlike

waarheid oor 'n saak aanvaar word. "Reg en verkeerd word vervang met *geldig* en *óók geldig*" (Vorster, 1999:105; vgl. ook McKinney, 2003:149).

In die postmoderne denkraamwerk is daar egter ook 'n hernude belangstelling in die metafisiese. Die postmoderne mens stel nie so seer daarin belang om te bewys dat daar nie 'n God is nie, maar wil eerder weet hoe hy met sy god in 'n verhouding kan tree, omdat spiritualiteit en godsdiens die diepste essensie van menswees is. "Daar is 'n godheid, ek moet net uitvind hoe om sy krag te ontsluit", is 'n verwoording van hierdie ingesteldheid.

Alhoewel daar deur verskeie geleerdes beweer word dat die postmodernisme 'n voltooiing van die moderne era is, is dit duidelik dat laasgenoemde ook lynreg daarteenoor staan. Dit is merkbaar wanneer begrippe van die een era met die veranderde begrip van die ander vergelyk word (vgl. Conner, 2001:118-119; Kingma & Lotter, 2002:314:315).

Die volgende skematiese voorstelling is 'n samevatting deur die navorser uit bogenoemde bronne (die Engelse terme word behou om die skrywers se beklemtoning te behou):

| **Modernisme** | **Postmodernisme** |
|---|---|
| Form (conjunctive, closed) | Antiform (disjunctive, open) |
| design | chance |
| Hierarchy | Anarchy |
| Finished word | Process |
| Presence | Absence |
| Selection | Combination |
| Interpretation | Against interpretation |
| Signified | Signifier |

| **Modernisme** | **Postmodernisme** |
| --- | --- |
| Paranoia | Schizophrenia |
| God the Father | The Holy Ghost |
| Metaphysics | Irony |
| Transcendence | Immanence |
| 'the real is logical' | 'life is more than logical' |
| Unity | Multiplicity |
| Uniformity | Diversity |
| Sameness | Difference |
| Stability | Change |
| Safety | Risk |
| Power-over | Power-with |
| Equality | Uniqueness |
| System | Positions |
| Essence | Relational |
| Mind | Body |
| Rational | Emotional |
| Law | Justice beyond law |
| What we know | What is unknown |
| Faith is illogical | Faith goes beyond knowledge |
| Truth | Truths |

Die postmoderne tydgees het ook in Suid-Afrika `n groot impak en het meegebring dat mense in `n tyd van groot onsekerheid en onstabiliteit leef. Die rede hiervoor is dat die invloed van die postmodernisme in die Suid-Afrikaanse samelewing "doeltreffend geblokkeer" is "deur `n netwerk van outoritêre meganismes" (Du Toit, 2000:56-57). Bergh (2002:67-68) stel dat die sluise van die postmodernisme sedert 1994 in besonder in Suid-Afrika oopgetrek is en dat dit die bevolking so te sê oorspoel het. In

1994 het daar 'n nuwe politieke bestel in Suid-Afrika gekom, wat baie veranderinge veroorsaak het en nie die invloede van die buiteland teengestaan het nie. Anders as ander Westerse lande, waar postmodernisme reeds van die begin van die vorige eeu sy invloed laat geld het, is Suid-Afrika dus skielik getref en het dit hier meer op 'n revolusionêre wyse ontstaan. Dit is iets wat verreken moet word, veral wanneer daar gekyk word na die invloed van die postmodernisme op gesinstrukture en die lewens van gesinslede.

Verskillende standpunte bestaan oor hoe die Christendom teenoor postmodernisme behoort op te tree. Dit word bemoeilik deur die feit dat dit nie so eenvoudig is om die eienskappe van die postmodernisme aan te dui nie (Bergh, 2002:68; vgl. Du Toit, 2000:51). Vervolgens word tog gepoog om te onderskei tussen sekere negatiewe en positiewe elemente van die postmodernisme - en veral met betrekking tot die gesin.

### 3.1.2 Negatiewe elemente van die postmodernisme

Middleton (1995:172-173) meen dat, "Some (even in the name of the Christian faith) would have us embrace without reservation the postmodern carnival, encouraging us to celebrate heterogeneity and radical pluralism. But this embrace, ... , is ultimately vacuous and can provide no real guidance in our postmodern crisis." (Middleton, 1995:172-173.) Groothuis (2003:41) stel dit baie sterk as hy sê: "I argue that the errors of postmodernism outweigh whatever wisdom it possesses." Dit sê hy omdat daar in die werke van postmoderniste geen intellektuele aanmoediging vir die Christendom is nie, maar wel 'n aanval op die Christelike wêreldbeeld in die areas van tekstuele betekenis, waarheid en kennis. 'n Aantal negatiewe elemente van die postmodernisme kan soos volg aangedui word:

- Daar heers 'n hiperkritiese ingesteldheid wat alles bevraagteken – niks is meer seker nie, veral nie dit wat deur eeue beproef is nie (Kingma en Lotter, 2002:316). Elke nuwe ouer probeer die nuutste metodes van opvoeding en wantrou die oue.
- Alles is relatief omdat niks seker is nie. Daar bestaan nie iets soos 'n objektiewe waarheid nie (Du Toit, 2000:54; Kingma en Lotter, 2002:316). Bybelse beginsels vir die gesin is net nóg 'n metode en die Skrif se voorkeur vir die kerngesin word bevraagteken en afgemaak as nie meer van toepassing op die hede nie. Alhoewel godsdiensvryheid positief beoordeel kan word, kan die kerk nie 'n relatiewe waarheid van norme en waardes aanvaar wat deur die tydgees bepaal word nie (Vorster, 1999:113). Groothuis (2003:42) beaam dit soos volg: "The Bible claims to reveal objective truth that is knowable despite our limitations as finite and fallible beings (2 Tim. 3:15-17)."
- Allerlei godsdienstige ideologieë word verwelkom (Goudzwaard, 1998:8-9). Daar word op 'n holistiese wyse na die mens en die werklikheid gekyk en die mens word per definisie as 'n spirituele wese beskou (Du Toit, 2000:55). Daar is dus groter verdraagsaamheid teenoor ander godsdienste en gelykwaardigheid tussen hulle word erken (Kingma en Lotter, 2002:316). Elkeen moet daarom net die godsdienstige ideologie soek wat by hom pas, of wat die beste in hom na vore bring.
- Strukture (ook in die kerk) verbrokkel – enige struktuur wat reëls en orde instel, word bevraagteken en gewantrou (Vorster, 1996:68,69; Du Toit, 2000:54). Dit lei tot 'n "hartgrondige" wantroue van dogmas en sisteme in die kerk (Kingma en Lotter, 2002:316,318). Hierdie denkwyse het gelei tot die ontwikkeling van klem op die individuele godsdiensbelewing. "Godsdiens is in, kerk is uit", so weerklink die slagspreuk van die sogenaamde "vrye mens" wat nie die kerk nodig het om hom geestelik op te bou nie.

### 3.1.3 Positiewe elemente van die postmodernisme

Op 'n meer positiewe noot het Middleton (1995:85) die volgende mening: "We believe that the Christian faith indeed has the resources both to learn from postmodernity and to address our contemporary cultural situation with compassion and power". Die mens moet nie deur die postmodernistiese tydgees gelei word nie, maar ín die postmodernisme vanuit die Skrif leef. Grenz stel dit so: "We cannot turn back the clock, but we can claim the postmodern context for Christ." (McKinney, 2003: 149.) Hier volg 'n aantal positiewe elemente van die postmodernisme:

- Die postmoderne denker spreek kritiek uit teenoor die valse gerustheid van die moderne mens (Goudzwaard, 1998:8-9; Grenz, 1996:164). Groot oorhoofse strukture word nie bloot net vertrou nie - en dit beteken dat die massas nie maklik weer agter een oorheersende liggaam sal aanhardloop sonder om dit te ondersoek nie. Gesinsbande is nie meer ondergeskik aan instellings nie, wat byvoorbeeld beteken dat 'n vader op sy reg kan staan om die nodige tyd met sy gesin te spandeer (vgl. Garland, 1999:32).
- Postmodernisme veg teen die hoogmoed van rede (Goudzwaard, 1998:8-9). Geen kennis kan objektief en inherent goed wees nie. As voorbeeld noem Robin Gill (1997:1-3) die saak van moraliteit. Hy veroordeel die modernistiese denkwyse waarvolgens moraliteit op suiwer rasionele gronde gevestig kan word en wys uit dat sulke denke vandag baie moeilik aanvaar sal word. Moraliteit word gevestig in morele gemeenskappe, dit wil sê in gemeenskappe waar die regte waardes uitgeleef word. Gesonde gesinne kan nie net rasioneel bestaan nie, maar moet in woord en daad bestaan. Anders gestel: 'n gesin waar morele waardes geleer en uitgeleef word, is moreel sterker as 'n gesin wat *dink* dit is goed om moreel sterk te wees.
- Die mens van die postmoderne paradigma beklemtoon weer die individu, emosie en ervaring, asook verskeidenheid (Kingma en Lotter, 2002:317).

Elke mens beroep hom op sy of haar regte as individu (Vorster, 1999:109). Dit beteken dat die individu nie meer in die groter massa wegraak en met die stroom moet saam gaan terwille van die "groter goed" nie. Individue moet in en deur die kerk bedien word en die gesin skep 'n klimaat en kleiner struktuur waarin dit by uitnemendheid kan plaasvind.

- Daar is hernude soeke na spiritualiteit (McKinney, 2003:149). Alhoewel dit nie noodwendig 'n groter vertikale gerigtheid op God beteken nie, skep dit tog die geleentheid om die evangelie meer openlik te verkondig en te leef (Kingma en Lotter, 2002:316,317). Gesinne soek 'n geloof wat hul onderlinge band versterk, soos 'n stokperdjie. Indien so 'n gesin die ware evangelie sou ontdek, sou hulle daaruit leef en sal hul bande vir ewig versterk wees.
- 'n Groeiende behoefte aan affektiwiteit. Daar is 'n soeke na "emosionele warmte en geborgenheid" (Kingma en Lotter, 2002:316). Mense wil graag voel dat hulle behoort. Die gesin is die primêre struktuur waar lede daarvan kan voel dat hulle behoort. Dieselfde bloed vloei deur hulle are, hulle is die eerste wat emosioneel kan ondersteun en verstaan en hulle is die laaste buffer as alles verder skeef loop.

## 3.1.4 Samevatting

Voorts word kortliks 'n samevatting gegee van die ontwikkeling in paradigmas tot en met die postmoderne paradigma. Ontwikkeling en paradigmaskuiwe vind plaas wanneer dit nie meer antwoorde op die realiteit bied nie.

### 3.1.4.1 Premodernisme

- Die Christelike geloof ontwikkel in hierdie paradigma.
- Dit het geneig na 'n fundamentalistiese interpretasie en toepassing van die Woord en het gelei tot 'n sterk kerksentriese samelewing.

- Baie min ontwikkeling het in hierdie tyd plaasgevind, omdat niks ooit bevraagteken is nie en mense van dag tot dag geleef het.

### 3.1.4.2 Modernisme

- Die era van die verligting breek daarmee aan. Hiervolgens word die mens se rede as dominante krag gesien, wat alles oorheers - ook godsdiens.
- Elke mens kan sy eie godsdiens skep en het die ingebore vermoë om tussen goed en kwaad te onderskei.
- Dit lei tot ongekende sekularisme en die illusie dat alles geken en verstaan kan word en dat veiligheid in strukture lê. In hierdie tyd het dit dikwels gebeur dat massas mense deur strukture en intellektuele instellings mislei is om gruwelike ongeregtighede te ondersteun.

### 3.1.4.3 Postmodernisme

- Die trefwoord vir die postmodernisme is relativisme. Daar bestaan geen absolute waarheid nie en alles word bevraagteken.
- Spiritualiteit word bo godsdienstigheid verhef. Dit word nie noodwendig negatief gesien vanuit 'n Christelike oogpunt waar dit God is wat 'n spirituele verhouding met die mens het nie. Dit word wel negatief gesien vanuit die postmodernistiese oogpunt waar die verhouding met die godheid van die mens se kant af realiseer.
- Alles wat was word bevraagteken as absolute strukture. Daarom word opvoedingstyle van die verlede gewantrou, en word staatgemaak op die emosionele en die reg en vryheid van die individu.
- Alhoewel die postmoderne paradigma nie vriendelik teenoor die Christelike godsdiens met sy absolute waardes, norme en waarhede is nie, bied dit genoeg geleentheid vir Christene om hul eie paradigma missiologies in hierdie tyd uit te leef.

### 3.2 *Metateoretiese perspektiewe oor die gesin*

Die gesin is 'n veelbesproke onderwerp op plaaslike en wêreldwye vlak. Die rede daarvoor kan wees dat die gesin die mees intieme band van mense is, waar lewensbeskouings en morele waardes gevorm en gevestig word.

Volgens Stephen Barton het die gesin 'n groot simboliese waarde en potensiaal, omdat *(Engels behou ter wille van die nuansering)*:

1. It represents what is traditional and stable, including society as a whole, because it has historically been seen as the building-block of civic community.
2. It is the most intimate form of social organization and thus carries high emotional voltage.
3. It is ubiquitous – almost everyone is touched by "family".
4. It is intimately linked with a dynamic and complex set of moral-political concerns, such as male-female roles, children, work and economics; and
5. It is intimately linked with religion and thus it is a potent symbol of a higher order of life.

(Garland, 1999:21.)

Die probleem is egter hoe uiteenlopend die gesin gedefinieer word. Moet 'n gesin gedefinieer word soos wat dit in die realiteit daar uitsien (funksioneel), of moet dit gedefinieer word soos wat dit veronderstel is om te wees (prinsipieel)? Hoe ons die gesin definieer, is volgens Garland (1999:39) nie net die realiteit in woorde omgesit nie, maar kan ook die realiteit self vorm. Die definisie van gesin wat gebruik word, kommunikeer wat die samelewing as normaal en reg beskou. Dit is dan ook die norm wat die staat gebruik om die basis van sosiale voordele te bepaal, bv. belastingkortings, pensioen, besoeke in die hospitaal, ens. Net so het die kerk ook tradisioneel 'n definisie vir die gesin, waarvolgens bedieningswerk gedoen word. Dit is dus noodsaaklik om kortliks 'n paar definisies te stel.

### 3.2.1 Definisies

Die HAT (Odendal, 2000) gee die volgende verklaring en definisies van *gesin*: "**1** Groep nou verwante persone bestaande uit die ouers (ook wel net een ouer) en kinders - soms ook net uit die kinders ter onderskeiding van die ouers; huisgesin; **2** Groep verwante persone wat in dieselfde huis woon; huishouding; **3** *(fig.)* Groep nie-verwante mense tussen wie daar 'n innige, vertroulike verhouding bestaan."

In hierdie verklaring vind ons `n goeie verteenwoordiging van die meeste definisies wat gebruik word. Dit verteenwoordig die 'tradisionele' siening van die kern- en uitgebreide gesin, die meer liberale siening van persone wat hulself sien as gesin al is hulle nie getroud of van teenoorgestelde geslagte nie en ook die funksionele siening van mense wat as gesin saam woon, al is hulle nie verwant of seksueel by mekaar betrokke nie. Onder die eerste "tradisionele" siening kry word die volgende definisies aangetref:

- De Bruyn (1989:1) praat van `n normale gesin as: "`n man en vrou met (`n) eie en/of aangenome kind(ers)." Hy onderskei dit van `n enkelouergesin, waar een van die ouers ontbreek. Dit veronderstel dan dat alle gesinne wat anders daar uitsien as nie-normaal of abnormaal beskou kan word.
- Die algemeen aanvaarde perspektief van Protestante in Amerika: "The family in its essence is the culmination of marriage between man and woman as marked by the birth (or adoption) of a child in covenant love." (Post, 1998:21.)
- Post (2000:6) self erken die waarde van die "funksionele" definisies, maar definieer die gesin as volg, as hy daaroor skryf: "My focus, ... , is on the family as a biological community within nature that is defined by sexual differentiation, procreation, and kinship descent; it is the social unit in which children are born, protected, supported (both economically and emotionally), and socialized." (Vgl. Cahill en Meith, 1995:vi.)

Onder die meer liberale definisies kry ons die volgende:

- " ... , theory shapes our definition of family." "How we think about families, their similarities, and their differences." "Consequently, no one theory could satisfactorily represent 'the' truth." (Ingoldsby & Smith, 1995:7). Hierdie definisie is tipies van postmoderne sosioloë. Dit is veral algemeen onder feministe en die sogenaamde dekonstruksioniste, ("deconstructionists") om die tradisionele siening van die gesin aan te val.
- Barrie Thorne, `n feminis (1980), het die veronderstelling van sosioloë en ander skrywers aangeval oor die term gesin wat gebruik is as standaard heteroseksueel-gebaseer, geslags-genormatiseer en tweegenerasioneel, met twee ouers aan die hoof daarvan. Thorne en haar eweknieë definieer die gesin as: "a unity of interacting personalities" (Doherty, 1999 :209).
- Jagger en Wright (1999:3), wat bekend staan as postmoderne sosialiste, maak in reaksie teen die tradisionele siening die volgende stelling: "Our starting point is that the family is neither a pan-human universal nor a stable or essential entity." Onder hierdie siening word beweer dat die groeperings wat families of gesinne genoem word, eerder sosiologies gestruktureerd is as natuurlik of biologies-gegewe. Volgens hulle is gesinverhoudings so buigbaar en vloeibaar soos die term self. Daar bestaan volgens hulle nie meer iets soos dié gesin nie. Daarvoor is daar te veel historiese en kulturele tipes van huislike ooreenkomste en rangskikkings van verwantskappe.
- Loughlin (2004:204-219) probeer op `n manier die postmoderne uitleef van verhoudings - en veral die seksuele daarvan - in verband bring met teologie. Hy meen dat dit wil voorkom asof die gesin en postmoderniteit baie min in gemeen het. Gesin gaan oor effektiewe verhoudings wat generasiebepaald en onomkeerbaar is, wat `n persoon in die verlede, hede en toekoms vestig. Daarteenoor, gaan postmoderniteit oor die herrangskikking van verhoudings vanuit `n vrye samevoeging van konneksies, met geen nut vir verlede of toekoms nie, omdat alles ten alle tye reeds beskikbaar is in die hede. Hy kom dan tot die gevolgtrekking dat postmoderne promiskuïteit in sy wortels,

Christelike eskatologie is: "... an understanding of present society as now already the heavenly family in which all siblings may love all other siblings, freed from the taboo of incest through the spirit of infinite consumption. Postmodernity does not wait for the coming of the heavenly but instantiates it now already, perversely as we may think" (Loughlin, 2004:219). Alhoewel sy teorie skrikwekkend mag klink, is dít die opvatting wat in films en boeke uitgebeeld word. Dit is `n samevatting van hoe `n groot deel van die postmoderne samelewing dink oor verhoudings en hul manier van leef (vgl. MacArthur, 2000:215).

Uit hierdie definisies is dit duidelik dat die samelewing en ook geleerdes uit verskillende velde, die gesin verskillend definieer. Daar sou gesê kon word dat elke definisie afhang van die doel wat daarmee bereik wil word. Vir die sosioloog is dit belangrik om verskynsels in die gedrag van mense - wat die tendens(e) van die toekoms kan beïnvloed - raak te sien, te evalueer en te voorspel. Die maatskaplike werker wil die gesin só definieer dat sy fisiese en maatskaplike behoeftes duidelik is en dat die nodige fondse vir die regte sake aangewend kan word. `n Tradisionele (konserwatiewe) teoloog definieer weer die gesin met die doel om `n Bybelse standpunt te stel en om mense in `n sekere kategorie te plaas, sodat hulle bedien kan word op `n spesifieke manier. Die een geleerde se definisie word deur die mens se doen en late gevorm en die ander deur dit wat hy as norm vir die lewe aanvaar, naamlik die Bybel. Hoe die gesin in die kerk gedefinieer word gaan bepaal hoe die gesin bedien word, wie ingesluit en uitgesluit word, wie as normaal en nie-normaal gesien word.

### 3.2.2 Die invloed van die postmodernisme op die gesinslewe

Doherty (1999:205) spreek sy mening oor die postmodernisme se invloed op die gesin soos volg uit: "I am not suggesting that postmodernism has won hegemony in the family field, only that it is the principal force shaping newly emerging theories – for better or for worse...". Baie mense meen dat `n era iets

is wat geskep word deur mense wat dit so uitleef. Die probleem met die postmodernisme is dat dit geneig is om die mens "te leef". Daar is dus 'n mate van keuse wat die mens uitoefen om hom daaraan oor te gee of nie. Wat egter vas staan, is dat dit almal beïnvloed - en by uitstek die gesin. Dit beïnvloed hoe mense verhoudinge sluit en uitleef voor die huwelik, in die huwelik en na die beëindiging van die huwelik. Sussman *et al.* (1999:22) beweer dat in die postmodernisme "... romantic love unseated material considerations...", dat kinders verskuif het van één van hul moeders se prioriteite na hul hoogste prioriteit en dat familiebande na die buitewêreld (uitgebreide familie en vriende) baie verswak het. "The traditional family ..., much more a productive and a reproductive unit than an emotional [one]," is vervang deur 'n "...surge of sentiment" (Sussman *et al.*, 1999:22). (Natuurlik) is dit nie die geval by alle gesinne nie. (Die maatskaplike probleme van kindermishandeling, straatkinders ens. neem daagliks toe.) Anders as by die sogenaamde tradisionele gesin, word huweliksmaats oënskynlik eerder gekies vir romantiese redes en nie om die nageslag te bou nie. Dit is ook kenmerkend dat privaatheid en intimiteit van die individu verhoog het. Jongmense leef baie meer onafhanklik en "vry" van morele binding, omdat hulle vroeër uit die huis is en selfstandig besluite neem en uitvoer sonder om hulle ouers daaroor te raadpleeg of te ken. Dobson (2001:1-4) maak die waarneming dat die jong ouers van vandag nie meer die opvoeding van hulle ouers vertrou nie, omdat hulle in die sogenaamde professionele era groot word wat nuwe, "beter" opvoedkundige metodes voorstel. Afgesien van die groter fisiese afstande tussen familie, veroorsaak dit wantroue tussen familielede self, al word ondersteuning aangebied met die opvoeding van kinders.

Die gesin in die postmoderne paradigma is dus onseker en put nie meer uit 2000 jaar se ondervinding van gesinwees, opvoeding en morele waardes nie (Dobson: 2001:3). Daarom soek gesinne na eksterne maniere om met die omstandighede te handel. Nuwe samestellings van gesinne word algemeen. Redes hiervoor wissel van blote funksionele redes, tot morele, seksuele en godsdienstige redes.

Dit is belangrik dat daar van hierdie verskillende samestellings kennis geneem word.

### 3.2.2.1 Samestelling van die postmoderne gesin

Uit bogenoemde definisies kan die volgende saamwoontipes voorgehou word, as mense wat in realiteit as gesinne funksioneer (voorbeelde is slegs geneem vanuit die Westerse kultuur en nie die Afrika-kultuur nie, a.g.v. die beperktheid van die studie):

| **Mense wat as gesin saamwoon of funksioneer** |
|---|
| • Die kerngesin: man en vrou met eie, of aangenome kinders |
| • Die uitgebreide gesin:<br>➢ Kerngesin met grootouers wat inwoon<br>➢ Kerngesin met ander familie wat inwoon (met of sonder kinders)<br>➢ Grootouers met kinders wat inwoon<br>➢ Grootouers met kinders se gesinne wat inwoon |
| • Ongetroude vader met kinders |
| • Ongetroude man en vrou met kinders |
| • Hersaamgestelde gesin<br>➢ Hertrou na afsterwe van huweliksmaat<br>➢ Hertrou na egskeiding<br>▪ Net ouer kom by<br>▪ Nuwe ouer met kinders kom by |
| • Saamwoon a.g.v. seksuele voorkeure<br>➢ Homoseksuele mans met aangenome kind<br>➢ Lesbiese vroue met aangenome kind<br>➢ Homoseksuele mans met kinders uit vorige heteroseksuele verhouding<br>➢ Lesbiese vroue met kinders uit vorige heteroseksuele verhouding<br>➢ Homoseksuele en lesbiese paartjies wat gebruik maak van surrogaatmoeders |

- Saamwoon a.g.v. verhoudings
  - `n Man en `n vrou wat saamwoon maar nie getroud is
  - `n Man en `n vrou wat saamwoon met kinders uit hul verhouding buite die huwelik
- Kinders wat mekaar as gesin versorg weens gebrek aan ouers
- Iemand wat van buite die gesin inkom en saamwoon sonder bloed- of seksuele band, maar funksioneer as gesin
  - Vriende
  - Inwonende werkers
  - Loseerder
- Persone wat vir `n bepaalde tyd saamwoon onder een dak sonder verwantskap
  - Studente in `n kommune
  - Ongetroude jongwerkendes
  - Weermag- en polisiemanne in barakke
  - Werkers in hostelle
  - Kinderhuisinwoners
- Persone wat funksioneer as gesin maar nie `n dak oor hul koppe het nie
  - Straatkinders
  - Nomadiese bedelaars

(vgl. Popenoe, 1998:270, 174-275; Vanevery, 1999:165–172; Garland, 1999:35 e.a.)

Indien die samestelling van die gesin so baie verander het, beteken dit dat tradisionele gesinsbediening op `n baie klein deeltjie van die bevolking gemik sou wees. Elkeen van hierdie samestellings (reg of verkeerd, gesien vanuit `n Christelik morele en teologiese oogpunt) getuig dat daar baie strukture in ons samelewing is wat as gesinne funksioneer, maar wat nie noodwendig as gesin aanvaar word nie. Dit is nodig om hierdie verskille te ken, sodat gesinsbediening - en uiteindelik die rol van die gesin in die kerk - effektief en missiologies uitgewerk kan word.

### 3.2.2.2 Veranderende rolle in die gesin

In die postmodernisme is daar 'n sterk beweging vanuit die feminisme en neo-sosiologie, maar ook uit die algemeen ontwikkelende beskouing van die mens, om die rolle in die gesin te herdefinieer. Daar word beweer dat die tradisionele rolle in die gesin gebou is en voortspruit vanuit 'n skeefgetrekte siening van vermoë, voorregte en mag (vgl. Rosen, 1999:124-128; Vanevery, 1999:165-184).

Dit wil lyk of die grootste invloed op die veranderende rolle in die gesin gevind word by die vrou se 'nuwe' rol in die samelewing. Tradisioneel is die vrou se rol gesien as tuisteskepper, terwyl die man die een was wat uitgegaan het om "alleen" vir die gesin te sorg. Vroue is gesien as versorgers wat na die nood en behoeftes van ander moet omsien, sodat die volgende stelling by uitstek op hulle van toepassing was: "Rarely has it been accepted that they have a right to a life for themselves." (McGoldrick, 1999:108.) McGoldrick (1999:107) karakteriseer hierdie verskynsel as "responsibility without power" en sê voorts: "Women have always played a central role in families, but the idea that they have a life cycle apart from their roles as wife and mother is a relatively recent one and is still not fully accepted." (McGoldrick,1999:108.) Die betrokkenheid en onafhanklikheid van die vrou het egter baie verander in die laaste twee dekades. Meer vroue trou eers op 'n later stadium in hul lewe. In 1960 was slegs 28 % van vroue in Amerika tussen die ouderdomme van 20 en 24 ongetroud, terwyl twee derdes van die vroue in hierdie kategorie in 1997 ongetroud was (McGoldrick, 1999:108).

Teachman *et al.* gee die volgende tabel, wat aandui hoe die tendens om al later te trou, onder Amerikaanse vroue toegeneem het:

| Persentasie ongetroude vroue per ouderdomsgroep: 1960-1994 (VSA) | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Ouderdom | 1994 | 1989 | 1980 | 1970 | 1960 |
| 20-24 | 66.0 | 62.5 | 50.2 | 35.8 | 28.4 |
| 25-29 | 35.3 | 29.4 | 20.9 | 10.5 | 10.5 |
| 30-34 | 19.9 | 16.9 | 9.5 | 6.2 | 6.9 |
| 35-39 | 12.8 | 9.9 | 6.2 | 5.4 | 6.1 |

(Teachman *et al.*, 1999:47.)

Popenoe (1999:284) bevestig dat hierdie tendens nie net in Amerika en Europa gebeur nie (vgl. ook die verslag van die RGN, getiteld *1st Baseline document for the development of a national policy for families*, Julie 2003 – soos verwerk en aangebied in Jeugfokus, 2004:14-21) maar dat Suid-Afrika veral in die laaste twee dekades `n toename getoon het in die ouderdom van mense wat in die huwelik wil tree. Wat verder bydra tot rolverandering is die hoeveelheid paartjies wat volgens Popenoe besluit om ouerskap uit te stel tot later in hul verhouding, of wat selfs besluit om geen kinders te hê nie. Die hoër beskikbaarheid en effektiwiteit van voorbehoedmiddels het ook `n groot invloed op die dalende syfer van "vrugbaarheid" in Suid-Afrika en elders (vgl. Cooper, 1999:13).

In Suid-Afrika het die vrou se deelname aan die produktiewe finansiële opset van die land in 1995 reeds 43.8% beslaan, iets wat voorheen as onwenslik en ongehoord afgemaak is. Meer en meer gesinne word om finansiële redes en ook `n hoër mate van professionaliteit onder vroue, as "dubbel-inkomstegesinne" geklassifiseer. In Amerika word slegs 15% van alle huishoudings alleenlik deur die man onderhou, terwyl dit in 1960 so hoog as 42% was (Rosen, 1999:127). Dit wys daarop dat die tradisionele siening van die vrou – `n nie- professionele persoon wat by die huis bly, kinders versorg en die huistake verrig – in praktyk radikaal verander het. Dit het ook die rol van die man beïnvloed, wat betref die mag wat hy gehad het op besluitneming en beplanning in die gesin. Meeste mans is

agt tot twaalf ure per dag weg van die huis af en dit verminder noodwendig hulle gesag persentasiegewys (Popenoe, 1999:277). Sosioloë (vgl. Rosen, 1999:128) meen dat die paartjies in die postmoderne paradigma moet poog om 'n meer gelyke verdeling van gesag in die huwelik te hê. Hierdie nuwe tendens word die sogenaamde "egalitarian family" of gelykmakende gesin genoem, waarin die man en vrou rofweg dieselfde gesag het (Popenoe, 1999:277). Dit is makliker gesê as gedaan, onder andere omdat die algemene tendens in gesinne, volgens wetenskaplikes, ten spyte van ontwikkeling op die vlak van gelykheid, steeds is dat die man die bepalende faktor is in kritiese besluitneming. Hy bepaal gewoonlik waar die gesin bly en meestal ook hoe hulle bly. Hierin is potensiële konflik opgesluit. Rosen (1999:131) meen dat die rede hiervoor is dat mans en vrouens in verskillende wêrelde opgroei. Die woordewêreld waarin dogters en seuns opgroei is verskillend. Dogters se woordeskat bevat intimiteit en mededeelsaamheid, terwyl die taal van seuns meestal kompeterend en grootpraterig is, "thus creating male-female relationships that are nearly cross-cultural." Hy beweer verder dat mans die probleem van "masculinity" sal moet hanteer, soos wat die feminisme die probleme rondom die ingeperkte vrou aangespreek het.

Al hierdie faktore veroorsaak 'n totaal nuwe verdeling van rolle in die gesin, gesien vanuit die sosiale en maatskaplike uitgangspunte. Mans en vroue verkeer in 'n staat van ontnugtering omdat hulle nie werklik weet wat hul rolle is nie. Sosiale druk en omstandighede dwing die egpaar - en so die hele gesin - om aan te pas by die "nuwe" rolverdeling. Te midde van hierdie verwarde rolverdeling is die kinders. Vaders het tradisioneel minder deelgeneem in die daaglikse opvoeding van die kinders, terwyl moeders deesdae ook werk en self minder tyd met die kind spandeer. Dit skep volgens MacArthur (2000:8) 'n toename in die voorkoms van sogenaamde "latch-key" kinders – kinders wat daagliks terugkeer na

ongekontroleerde, ouerlose huise. `n Generasie word grootgemaak wat nie werklik weet wat die rol sal wees wat hulle eendag in die huis moet inneem nie.

Hoe moet die gesin in die postmodernistiese tydgees hierdie probleem aanpak? Die uitdaging lê daarin om realiteit en voorveronderstelling of godsdienstige oortuiging, by mekaar uit te bring.

### 3.2.3 Samevatting

Samevattend kan tot die konklusie gekom word dat die postmoderne paradigma `n groot invloed op die struktuur en rol van die gesin het. Dit is asof die paradigma die mensdom vooruitgaan en forseer om teen `n reuse tempo aan te pas. As gedink word aan die tempo van verandering in die lewens van die gesin, moet gevra word hoe die kerk hierdie verandering hanteer. Verstaan die postmoderne gesin die taal van die kerk, en ken die kerk nog die hartklop van die gesin in sy tyd?

Vanuit `n teologiese oogpunt kan daar wel kritiek uitgespreek word teen baie van die tendense in die samelewing - en veral teenoor van die sosioloë se oplossings. Een hiervan is die sogenaamde lewensiklusteorie (vgl. McGoldrick, 1999:106–120). Hiervolgens moet elke mens die geleentheid gegun word om sy eie siklus in die lewe te voltooi. So `n teorie haal juis die opoffering uit die liefdesband wat daar in `n gesin bestaan. Tog moet opgemerk word dat hierdie opoffering dikwels eensydig van die *vrou* verwag is. Bogenoemde inaggenome, is dit belangrik vir die kerk om leiding te neem, sodat rolle in die gesin op Bybelse beginsels gebaseer en uitgeleef word. Die realiteit van veranderende rolle kan nie geïgnoreer word nie, maar moet juis bestuur en gebruik word om die gesinne te begelei tot gehoorsaamheid.

Die definisie van die gesin is veral belangrik. Soos reeds bespreek, is daar uiteenlopende standpunte en definisies oor wat die gesin is, wat dit nié is nie - en selfs dat dit nie meer bestaan nie. Met die oog op begeleiding van gesinne om hul rol in die kerk te vervul, sal die kerk moet besluit hoe die gesin gedefinieer gaan word. Daar is twee sake wat hierin aandag moet geniet: Die eerste is die Bybelse beginsel van die gesin soos God dit ingestel het en wat deur Christene aanvaar word as die *ideaal*. Aan die ander kant moet gekyk word na die realiteit van die *funksionele* gesin. Verskeie strukture van verhoudings funksioneer as gesinne. Al vertoon dit nie noodwendig die eienskappe en beginsels van die ideale gesin nie, toon dit dieselfde kenmerke as dié van 'n gesin, het dit dieselfde behoeftes en benodig dit dieselfde leiding. Indien die kerk dus haar versorgende sowel as haar missiologiese taak wil uitvoer, sal gewerk moet word vanaf 'n funksionele definisie van die gesin, na die ideaal soos God dit bedoel het. So word alle strukture wat as gesin kan funksioneer, begelei om hul regmatige en gehoorsame rol in die kerk te vervul.

Omdat hierdie 'n prakties-teologiese studie is, moet bogenoemde inligting in die praktyk geverifieer word. Daar moet vasgestel word of die toestand van gesinne in praktyk ooreenstem met die tendense wat in die literatuurstudie na vore gekom het. Vervolgens word daar dus empiriese perspektiewe nagevors oor die tendense in gesinne en oor wat fisies in kerke gedoen word ten opsigte van die begeleiding van gesinne.

## 3.3 *Perspektiewe vanuit empiriese navorsing*

Volgens Heitink (1999:221) word die woord empiries afgelei van die Griekse woord *empeira*, wat *ervaring* beteken. Dus word daar met empiriese navorsing bepaal hoe die basisteorie in die praktykteorie funksioneer (De Kock, 2003:124). Deur middel van empiriese ondersoek word die praktyk en situasie ontleed waarvoor 'n nuwe praktykteorie daargestel moet word (Venter, 1996:89).

### 3.3.1 Perspektiewe oor die kerk en die begeleiding van gesinne tot rolvervulling

Perspektiewe oor die kerk se begeleiding van gesinne is verkry deur empiriese navorsing uit literatuur, maar ook deur middel van onderhoude met verteenwoordigers van sekere plaaslike kerke.

Dit is belangrik om te erken dat die kerk in sy verskillende denominasies, ook onder die invloed van postmodernisme, gebuk gaan. Die kerk bestaan uit mense en daarom affekteer dieselfde probleme en uitdagings van die tyd ook die mense in die kerk. Dit beïnvloed hoe die kerk ingerig word: aan die een kant pas sekere plaaslike kerke aan, sodat dit relevant kan wees en aan die ander kant skop sekere plaaslike kerke vas en probeer weerstand bied teen die gevare van verandering, deur "behoudend" te wees. Hoe dit ook al sy, die kerk bestaan uit mense wat mense bedien onder leiding van die Heilige Gees.

Reiff maak egter die volgende stelling: "The church has lost authority and power over society, over persons in the society, and even over persons in the church itself, many of whom might be described as in the church but not of it. The church has become a service institution, functioning to help individuals attain authenticity and transcendental subjectivity" (vgl. Wittberg, 1999:506). Verder is daar 'n groot stroming van individualisering van geloof. Denominatiewe strukture en identiteite verswak totdat dit omtrent nie meer van belang is nie. Wittberg (1999:507), 'n sosioloog, meen dat para-kerkbewegings met die familie as fokus, langs die kerk bestaan, bv. in Amerika – *Promise keepers, the Million Man March, Teens for Christ* (*Focus on the family* sou ook bygevoeg kon word, vgl. Dobson, 2001). Dikwels trek hierdie bewegings groter lojaliteit van lidmate as van die kerk self.

Vervolgens maak Wittberg (1999:508-518) `n paar interessante opmerkings oor die betrokkenheid van ouers en kinders by die kerk:

- Daar is `n groeiende gaping tussen die tyd wat iemand as kind kerklik betrokke was en wanneer hy weer kerklik betrokke raak as hy `n ouer word. Mense (veral studente en jongwerkendes) het nie `n gevoel van kontinuïteit wat kerklike betrokkenheid betref nie. Die kerk is die plek waar gedoop, getrou en begrawe word (Wittberg, 1999:508).
- Wat is die vermoë van ouers om hul godsdiens effektief oor te dra aan hul kinders? Hy meen "Weak to nonexistent relationships have been found between parental values and those of their teenage children" (Wittberg, 1999:508). Die sterk vriendskappe wat kinders maak terwyl hulle opgroei het 'n groter impak op hul geloofslewens as die invloed van hul ouers. "At the most, home religious observances might influence the private religious behavior of teens, but whether or not a parent attends church has little independent impact" (Wittberg, 1999:508).
- Ouers wat saamstem oor hul geloof het `n groter impak op hul kinders. Die mees suksesvolle ouers is dié wat daarin geslaag het om hul kind se bekendheid met `n voorkeur vir `n sekere geloof as `n integrale deel van die gesinsidentiteit te vestig. Navorsing bewys dat die beeld wat ouers van God het, kan beïnvloed hoe hul verhouding met die kinders is, wat weer beïnvloed hoe die kinders oor God dink. "The more parents viewed God as loving, the more children viewed *them* as loving" (Wittberg, 1999:509). Die ouers bepaal dus baie sterk hoe kinders se beeld van God lyk en nie in die eerste plek die kerk nie.
- In sy navorsing het Wittberg (1999:512) ook bewyse gevind dat die tradisionele gesinsfokus van kerke dié wie se gesin of leefstyl nie konformeer tot die tradisionele nie, sal vervreem. Die bose kringloop

is dat onkonvensionele gesinne minder goed bedien word in baie kerke en daarom ook minder betrokke is. Enkel- en geskeide vroue met kinders is minder geneig om kerklik betrokke te wees, as gevolg van die stigma dat hulle afwyk van wat "normaal" is.

Wittberg sien dus dat die kerk sukkel om die gesin te bedien en om vir hulle rigting te gee. Tog merk hy op dat, alhoewel daar so baie mense is wat die kerk kwalik neem oor hul strewe na die "nuclear" of tradisionele gesin, "some of the fastest-growing churches and para-church movements are those who focus on the family" (Wittberg, 1999:518).

Kortliks word gekyk na `n paar gesinsbedieninge wat wel in gemeentes bestaan (of bestaan het), wat dit behels en of dit daarop ingestel is om die gesin in sy geheel te begelei tot rolvervulling.

Dr. Don Hebbard is die "family life minister" en direkteur van `n Christelike beradingsentrum vir `n groot gemeente in Atlanta (Georgia, Amerika) vir dertien jaar. Sy boek, "The complete handbook for family life ministry in the church" is geskryf as `n handleiding vir kerkleiers wat graag `n gesinsbediening aan die gang wil kry of `n reeds bestaande een wil versterk (vgl. Hebbard, 1995:ix). Hy stel voor dat die gesinsbediening in 'n gemeente met die res van die bedieninge geïntegreer kan word (Hebbard, 1995:13). Vir hom is gesinsbediening die spil wat in die sentrum staan en waaruit al die ander bedieninge – toerusting, jongmense, evangelisasie, paartjies, senior burgers, kinders asook die erediens – gedra en ondersteun word. Dit is belangrik dat daar verskeie gesinsbedieningmodelle moet wees omdat die toepassing en inhoud van modelle verskil van plek en omstandigheid. Dit is nie die model wat die bediening laat werk nie, maar wel die verbintenis en die vermoë om verhoudings tussen mense (gesinslede) te bou. Hy stel dit soos volg: "Perhaps the failure on our ability to motivate people to be evangelistic,

our failure to retain new converts, our failure to keep younger generations in the church, and yes, even our failure to raise honest worship to God our Father, can be traced to a failure in relationship skills, not methodologies" (Hebbard, 1995:32).

Hy gee die volgende voordele van gesinsbediening vir die gemeente (Hebbard, 1995:14-15):

- Dit verhoog die bewustheid van gemeenskaplike pyn en ontbloot baie gesinsgeheime.
- Dit kombineer opbou (inreach) en evangelisasie (outreach).
- Dit help om 'n Christen-gemeenskap werklikheid te maak.
- Uit sterk gesonde gesinne kom sterk gesonde leiers.
- Dit help om Bybelse relevansie te verhoog en te behou.
- Dit bring die omgee/empatie van die gemeente oor na die gemeenskap.
- Sterk gesinne is beter voorbereid op stresfaktore (dood, siekte, konflik, ens.)
- 'n Gesinsgebaseerde bediening sorg dat daar opregte en ware begeleiding is in krisistye.
- Verskillende talente word ontdek en gebruik.

Hebbard (1995:10) maak 'n baie sterk saak daarvoor uit dat die kerk bereid moet wees om gesinne van alle vorme te bedien: "Defining the family in God's household has a profound impact on the philosophy of ministry and the way you carry out the tasks of day-to-day ministry. This step cannot be assumed. It must be taught and retaught."

Sy algemene model vir gesinsbediening lyk soos volg:





*Fig. 1.* (Hebbard, 1995:155/*Fig.6.6*)

Kortliks saamgevat, kan die model soos volg verduidelik word:

- Die bedienaar identifiseer 'n groepie mense wat passievol is oor gesinsbediening op wie die bedieningsprogram getoets en verfyn word. Hulle vorm later die gesinsbedieningekomitee.

- Saam met die bedienaar analiseer hulle die nood en behoeftes in die kerk en gemeenskap. Dit word gedoen deur 'n uitgewerkte strategie wat insluit vraelyste, onderhoude en algemene waarneming.
- Met die regte inligting kan doelstellings opgestel word om hierdie behoeftes aan te spreek. Die doel moet altyd na binne en na buite gerig wees, maar afhangende van die omstandighede en toestand van die lidmate en gemeenskap kry die een of die ander meer klem in die begin. Dit is egter belangrik dat die twee bene mekaar op die ou end voed. Vanuit die uitreik moet mense by die gemeente gevoeg word - en vanuit die gemeente moet mense hulself beskikbaar stel om na buite te werk. Die verskillende aktiwiteite en programme kan aangepas word na gelang van die gemeenskap en gemeente se behoeftes.

Merrill & Shelley (1984), het 'n boek saamgestel met die titel: "Fresh ideas for families, youth & children." Hierin het hulle verskillende kerke uit verskillende denominasies se idees rondom gesins-, jongmens- en kinderbediening saamgevat.

In hierdie boek gee Michael C. Harris van East Hill Church, Gresham (Oregon) sy gesinsbediening weer met die naam: "Home Base Ministries". Hy het vanuit die Skrif oortuig geraak dat die kerk te veel van die ouers se verantwoordelikheid oorneem wat die opvoeding van kinders betref. "Shouldn't the church support the home in the spiritual nurturing of children rather than be supported by the home?" (Merrill & Shelley: 1984.) Hy het begin om sy eie kurrikulum te skryf, sodat ouers begelei kon word in hulle verantwoordelikheid om hul kinders buite die kerk te onderrig en toe te pas wat in die kerk geleer word. Hy maak 'n onderskeid tussen onderrig en inoefening. Onderrig kan enige plek gedoen word, "But training children to live it out must be an everyday lifestyle experience"

(Merrill & Shelley, 1984). Tuisgebaseerde klasse is ontwerp om gesinne te help om hul tyd saam maksimaal te benut.

Die bedienaar of kerkleier verantwoordelik vir die gesinsbediening, maak kontak met sewe sterk gesinne in die gemeente. Die hele beginsel en program van gesinsbediening word breedvoerig aan hulle verduidelik en met hulle deurgewerk. Na die opleiding kontak hulle weer met sewe gesinne, met wie hulle die program deurwerk in ses weke. Gesinne word bymekaar geplaas op grond van die kinders se ouderdom. Hulle kom dan elke week bymekaar vir `n uur lank, waarin hulle Bybelwaarhede aan mekaar illustreer op `n prettige manier. Volgens Harris het ouers só meer geleer van kwaliteit-gesinstyd as in enige onderrigsessie. Soos een deelnemer opgemerk het: "It was incredibly fun,..... but it also led into a great parent-child discussion afterward." "This wasn't 'how to have family devotions,' which for many families is terror, because Daddy has to be the preacher and the others have to be a quiet congregation. This was my wife and I and our four children simply being Christian together" (Merrill & Shelley, 1984). Die doel is dan om ouers te motiveer om na die vyf-weeklange sessie steeds met die model voort te gaan in hul huise. `n Nuusbrief word uitgegee waarin nuwe idees vir gesinstyd, temas vir huisgodsdiens en plekke om saam te besoek, deurgegee word. Gesinne word dus positief uitgedaag.

Harris erken dat die persentasie gesinne wat met die metode volhard, nooit hoog is nie. Sy motivering lê egter nie in die getalle nie, maar in die feit dat hy die regte ding doen en dat die gesinne wat wel volhard, geweldige geestelike en verhoudingsgroei beleef. Hy som die gesinsbediening soos volg op: "Essentially, it is *the family* that applies and practicalizes Christian information." (Merrill & Shelley: 1984.)

Die Gereformeerde Kerk Rietvallei gee elke jaar 'n bedieningshandleiding uit. 2004 se handleiding vir die eerste kwartaal het die tema: "Ons bou 'n huisaltaar." Hulle het as motivering Josua 24:15: "Ek en my huis... ons sal die Here dien" (Gereformeerde Kerk Rietvallei, 2004:2). Gesinne word aangemoedig om persoonlik en gesamentlik hulself te verbind om die volgende te doen:

- 'n Geskeduleerde stiltetyd vir persoonlike Bybellees.
- Vaste afsprake waarby alle gesinslede teenwoordig is.
- Openhartige geestelike gesprek met mekaar rondom die Bybel.
- Diepgaande gesprek met God (gebed).

Om hierdie dinge te help begelei, het die kerkleiers (met kerkleiers word bedoel enige een wat 'n leidende rol in die kerk vervul – dus nie net die kerkraad nie maar ook mense met ander gawes) in die handleiding sekere wenke en hulpmiddels gegee. Onder andere word temas en tekste gegee vir drie huisgodsdiens-oefeninge per week. Daar moet ook 'n huisvergadering wees, sodat die week beplan kan word. Dit bied ook geleentheid vir verdere gesprek oor gesinsake. Vervolgens is daar spesifieke sake elke week waarvoor die gesin kan voorbidding doen, die gemeenteweekprogram word deurgegee en gesinne het 'n Psalm per week wat hulle moet leer. So poog die kerkleiers om gesinne in die gewoonte te bring van afsonderlike en gesamentlike aanbidding. Die hele gemeente word betrek, ook die wat enkellopend is.

In hierdie bediening word dus baie klem gelê op huisgodsdiens. Huisgesinne kom ook in wyksbybelstudies bymekaar om breër met gelowiges te deel. Bediening is soos 'n "produksielyn", met die volgende aspekte:

- Ouderlingtoerusting;
- Huisgodsdienstoerusting;
- Wyksbyeenkomste;

- Huisbesoeke;
- Preke; en
- Kampe.

(vgl. Ferreira, 2004; Gereformeerde Kerk Rietvallei, 2004.)

Die Nederduits Gereformeerde Kerk se nasionale tema vir die jaar 2004 is *familiefokus*. Hulle het as denominasie 'n groot veldtog om die gesin te versterk en in die kerk te bedien. Behalwe vir die gereelde artikels in hul amptelike koerant, gee hulle literatuur uit soos die boekie "Familiefokus : Familie-aktiwiteite en eredienswenke" (vgl. Jeugfokus, 2004). Daar word gepoog om gemeentes meer familievriendelik te maak. Die doel is om "'n meer inklusiewe taal vir familielewe te ontwikkel wat 'n verskeidenheid familiesoorte en -strukture insluit" (Jeugfokus, 2004:9). Onder andere voel hulle dat die woord "gesin" dikwels net gebruik word om na die kerngesin te verwys, terwyl die term "familie" meer inklusief is wat ander familievorme betref.

In hierdie inligtingstuk word kerkleiers onder andere oor die volgende ingelig:

- Families in die Bybel – hoe die Bybel benut kan word in gemeentes se nadenke oor families.
- 'n Profiel van families in Suid-Afrika – verwerkte statistiek uit 'n dokument van die RGN aangaande die werklikheid van families in Suid-Afrika.
- Wenke vir kwartaallikse familietekste en -temas – preeksketse en liturgiese voorstelle met inkleurprente vir kleiner kinders.
- Voorstelle oor hoe belangrike dae gevier kan word – sluit aan by BUVTON se "leesrooster vir lidmate gebaseer op die kerkjaar" (BUVTON, 2001).
- Erediensthulpmiddels, programme en *PowerPoint*-aanbiedinge word gelys, wat gemeenteleiers in hul gesinsbediening kan gebruik.

- Riglyne vir gesprekvoering oor familieswees.

Op plaaslike vlak het Ds. Johan de Wet van die Nederduits Gereformeerde Kerk Moreletapark in 2004 mondelings aan die outeur meegedeel hoe dié gemeente se gesinsbediening daar uitsien. In die eerste plek skakel hulle nou in by die beplanning wat daar in kerkverband reeds bestaan. Hulle lê baie klem op die verskillende eredienste vir die behoeftes van die kinders, jongmense, en volwassenes. "Gesinne moenie oorbegelei word in kerklike aktiwiteite nie, hulle sien mekaar reeds ses dae van die week." Daar word meer gefokus op huisgodsdiens en die kwaliteit daarvan. Die kerkleiers maak ruim gebruik van materiaal van Growing Families International (kontakpersone in RSA is Allen en Gabi Dixon). Hierdie materiaal is daarop gemik om die ouerpaar te begelei in alle fases van opvoeding en huwelik. Die doel is om ouers te begelei om nie bloot hul kinders in die kerk groot te maak nie maar om van hulle dissipels te maak. Baie klem word daarop gelê dat die verantwoordelikheid vir `n geestelike lewe al meer aan die kinders oorgegee moet word. "Gemeente-wees is `n verlengstuk van gesin-wees."

`n Aantal praktiese dinge wat die gemeente doen in hulle gesinsbediening is die volgende:

- Gesinsfeeste soos in die Ou Testament:
    - Gesinne word aangemoedig om een keer `n maand `n gesinsfees te hou.
    - Dit kan insluit `n huttefees, doopfees, huweliksfees, Pinksterfees, Kersfees, ens.
- Gesinne word bemagtig om as `n geloofseenheid te funksioneer:
    - Een erediens per jaar dien as voorbeeld vir huisgodsdiens. Die liturgie word deur die gesinslede gedoen. Dit val gewoonlik saam met `n nagmaal en dan bedien die ouers die kinders.

- Ouerbegeleiding fokus daarop om ouers toe te rus om 'n voorbeeldige huwelik te hê wat deur hul kinders nagevolg kan word.
- Enkellopendes doen dieselfde as gesinne, maar net in hul omgeegroep.

- Gesinskampe:
  - Die doel van die kampe is om verhoudings in die gesin (omgeegroep) te fasiliteer.
  - Ouers en kinders is die hele naweek interaktief besig.
  - Onder andere word die vier komponente van huisgodsdiens ingeoefen, naamlik:
    - Omgee
    - Aanbidding
    - Woord (Bybel)
    - Opdrag

Garland (1999:292) haal aan uit 'n verklaring van 'n ad hoc-komitee van die Rooms Katolieke Kerk oor "Marriage and Family Life" in 1988 en gee hulle mening weer oor wat die doel en sending van die gesin is (Engels behou vir spesifieke nuansering):

- The family is to form an intimate community of persons;
- the family is to serve life in its transmission, both physically by bringing children into the world, and spiritually by handing on values and traditions as well as developing the potential of each member to serve life at every age;
- the family is to participate in the development of society by becoming a community of social training and hospitality, as well as a community of political involvement and activity; and
- the family is to share in the life and mission of the Church by becoming a believing and evangelizing community, a community in dialogue with God, and a community at the service of humanity.

Alhoewel daar nog baie ander bedieningsmodelle en -programme bestaan, word die studie tot hierdie algemene voorbeelde beperk.

### 3.3.2 Perspektiewe vanuit die praktyk van predikante en ander kundiges

Onderhoude is met verskeie predikante en 'n kundige gevoer om empiriese perspektiewe vanuit die praktyk te kry. Predikante waarmee onderhoude gevoer is, is gekies op grond van verskeie oorwegings. Een is gekies omdat hy die bedienaar van 'n megagemeente uit 'n ander denominasie is, wat in beheer is van die gesinsbedieningsprogram daar (persoon C). 'n Ander is gekies omdat daar in die GKSA-kringe gemeen word dat die gemeente waar hy bedienaar is, ruim aandag gegee word aan gesinsbediening (persoon B). (Persone B en C se gesinsbedieninge is reeds verwerk in voorafgaande empiriese navorsing oor wat reeds in kerke gebeur.) Die ander twee predikante uit die GKSA is as gevolg van hul ligging genader - die een is verbonde aan 'n stadsgemeente (persoon A) en die ander aan 'n kleiner, meer plattelandse gemeente (persoon D) - maar ook weens hul besondere passie vir die gesin. 'n Onderhoud is ook gevoer met 'n kundige op die gebied van opvoeding en die toerusting van gesinne in hierdie taak (persoon E).

Tipiese vrae aan predikante:

1. Watter rol speel gesinne in hierdie gemeente? Bv. groot, redelik of klein?
2. Na u mening en wat die meerderheid betref: Indien gesinne wel 'n groot rol speel, is die hele gesin betrokke, of net pa en/of ma en kinders individueel?
3. Bestaan daar in u gemeente 'n program wat gesinslede begelei om gesamentlik en afsonderlik hul rol in die gemeente te laat besef en te laat

vervul? Bv. gesinsverrykingskursusse, "Ontdek-jou-gawes", ens. Indien wel, gee asseblief voorbeelde en basiese riglyne van sulke programme.

4. Dui aan watter groepe daar in die gemeente is en watter vorm sulke groepe aanneem, bv. Bybelstudiegroep vir jonggetroudes, kleingroep vir ouers met tieners, jeuggroep, ens. Dui verder aan by hoeveel van hierdie aksies ouers en kinders <u>*saam*</u> en <u>*afsonderlik*</u> betrokke is.
5. Bied die gemeente begeleiding vir ouers en kinders om mekaar beter te verstaan? Indien wel, watter vorm neem dit aan? Bv. kommunikasie-ontwikkeling, pa-en-seun-kampe/-uitstappies, ens.
6. Wat verwag u as predikant/ouderling/ander van die gesin binne die gemeenteopset?
7. Hoe dikwels is die prediking toegespits op die gesin/huwelik? Bv. een, drie of vyf keer per jaar?
8. Persentasiegewys, na u mening, hoeveel van die volgende tipes gesinne is daar in die gemeente?
    - Kerngesinne (pa, ma en kinders)
    - Kinderlose gesinne
    - Enkelouergesinne
    - Hersaamgestelde gesinne
    - Nie-tradisionele gesinne, bv. grootouers met kleinkinders - en enige ander wat u as gesin klassifiseer
    - Ander
9. Hoe sou u graag wou sien dat gesinne in gemeentes betrokke sal wees en bedien word om maksimaal hul rol in die gemeente te vervul? Wat is u droom?
10. Enige ander tersaaklike opmerkings wat nie hierbo gedek is nie, en wat u meen kan bydra tot so `n studie?

Die predikante en kundige het soos volg op die vrae gereageer:

1. Al die predikante en die kundige het positief op hierdie vraag (Vraag 1) geantwoord en gemeen dat gesinne 'n redelike tot groot rol in die gemeente speel. Dit is egter opmerklik dat die rol wat gesinne speel meerendeels gemeet word aan die hoeveelheid gesinne wat in die gemeente is en deur die kerk bedien word, eerder as die hoeveelheid gesinne wat as geheel aktief in die kerk betrokke is (vgl. persone A-E).
2. Persone A, B en D het ten opsigte van Vraag 2 geantwoord dat die meeste gesinne individueel by die kerk betrokke is. Dit verskil van gemeente tot gemeente, maar die mees algemene individuele aktiwiteite is gewoonlik kerkraad, susters, jeugaksies en katkisasie. Persoon C meen dat daar nie noodwendig gepoog moet word om gesinne te veel gesamentlik by die kerk (veral in die erediens) te betrek nie, omdat hulle reeds heel week dinge saam doen. Daar moet dus moeite gedoen word dat hulle die tyd wat hulle wel saam spandeer, optimaal benut om mekaar geestelik te versterk. Persoon E ervaar dat dit noodsaaklik is dat die gesinslede gesamentlik en afsonderlik by die gemeente betrokke is. Hulle poog deurgaans om die hele gesin te betrek met goeie sukses.
3. In die gemeente van persoon A is daar geen spesifieke program om gesinslede te begelei om hul rol in die gemeente te laat besef nie. By persone B en D vorm dit deel van die algemene bedieningsplan om die gesin te lei tot rolbesef. Die gemeente van persoon C het 'n uitgewerkte begeleidingsprogram wat strek van die doop van die kind en regdeur die opvoedingsjare tot en met belydenis-van-geloofaflegging. Persoon E meld dat daar verskeie huweliksverrykingskursusse, gesinskampe en ander kursusse is waarin die gesin begelei word om hul rolle te besef.
4. Dit is algemeen by die meeste predikante dat Bybelstudie die vernaamste samekoms van mense buite die erediens is (vgl. A, B, D, E). Van hierdie Bybelstudies word in kleingroep- en in wyksverband gedoen (vgl. A, B, C, E). By al die gemeentes bestaan daar ander aksies wat afsonderlik deur verskillende generasies van die gesin bygewoon word.

5. Begeleiding aan gesinslede om mekaar beter te verstaan, word nie direk aangebied nie, behalwe by die gemeente van persoon C. Ander probeer iets daarvan deur middel van vooraf uitgewerkte huisbesoektemas, huisgodsdienstemas en prediking (vgl. A, B, en D).
6. Persone A tot E verwag van die gesin om onderling (as eerste gemeente – persoon E) hul geloof teenoor mekaar uit te leef en die Here saam te dien. E het bygevoeg dat die verwagting moet uitkring tot betrokkenheid in al die fasette van die gemeente.
7. Behalwe vir persoon C (gegewens soos by punt 3.3.1) is daar nie by ander persone prediking wat spesifiek op die gesin toegespits word nie. Dit kry wel uit die eksegese aandag, soos dit toepaslik is (vgl. A, B, D).
8. Predikante was oor die algemeen nie seker oor hoe die gesinsvorme in hul gemeentes, persentasiegewys, daar uitsien nie (vgl. A,B,D).
9. Al vyf persone was van mening dat die gesin 'n geweldige belangrike rol in die kerk speel. Hul droom van gesinsbetrokkenheid en bediening aan die gesin het gewissel van klemplasing op verbondsonderrig en huisgodsdiens (vgl. A, B en C) tot gesinne wat die regte (uitkomsgebaseerde) opvoedingsprogram toepas - en spesifiek ook sodat die huislike liturgie 'n verlenging van die kerklike liturgie word (vgl. C, D en E). D sien ook dat gesinne in die toekoms baie meer betrokke moet wees in die ganse funksionering van die dienste in die kerk, sowel as in die erediens van God en sy gemeente.

### 3.3.3 Perspektiewe vanuit die praktyk van gesinwees

Die gesinne waarmee onderhoude gevoer is, is op twee maniere genader. Eerstens is hulle lukraak deur 'n gemeente se sekretaresse geïdentifiseer vir gewone huisbesoek. Tweedens is 'n aantal ander gesinne spesifiek genader as gevolg van die struktuur van die gesin, sodat die verskillende gesinstrukture in 'n normale gemeente ook verteenwoordig sou wees. (Sien *Bylaag A* vir die indeling van gesinne.)

Tipiese vrae aan gesinne:

1. Beskryf of julle die kerkraad en gemeente as gesin-vriendelik beskou en noem voorbeelde?

   Kerkraad -

   Gemeente -
2. Ervaar julle dat die kerkraad julle begelei om as gesin te funksioneer soos God dit bedoel het?

   Bv. tydens huisbesoek en gesinskrisisse soos dood, egskeiding, armoede, ens. Noem voorbeelde.
3. Het julle die vrymoedigheid om by die kerkraad hulp te vra indien julle in jul gesinslewe 'n probleem ervaar? Hoekom wel of hoekom nie?
4. Volgens julle mening, wat kan die kerkraad doen om die gesin en elke lid daarvan te begelei om hul rol en roeping beter te vervul?
5. Hoe is julle as gesin betrokke in die gemeente? Noem voorbeelde van dit wat die gesin as 'n *geheel* doen, en wat elkeen *afsonderlik* doen. Voorbeeld: "Ons gaan vou as gesin die nuusbrief op elke tweede Sondag van elke maand met 'n gelyke nommer; pa help met die boeke van die oumense se kaartjiebediening; ouboet help die koster om met die nuwe rekenaar te werk." En so voorts. As julle nie iets doen nie, noem hier 'n paar dinge wat julle kan oorweeg.
6. Wat doen julle om die gesinsband te versterk en om julle godsdiensbelewing met mekaar te deel? Bv. gereelde huisgodsdiens (hoe), uitstappies, gesinvergaderings, gesinverrykingkursusse, preekbesprekings, ens.
7. Voel julle dat die gemeente genoegsaam betrokke is in die gemeenskap om behoeftes aan te spreek soos armoede, MIV/Vigs, honger, werkloosheid en 'n begeerte vir die evangelie? Indien ja, wat doen hulle en hoe is julle betrokke? Indien nee, gaan julle as gesin iets daaromtrent doen?

8. Enige iets anders wat julle wil voorstel oor die gesin se rol in die kerk, of ander kommentaar wat julle meen ter sake is vir so 'n studie?

Die verskillende gesinne het soos volg op die vrae gereageer:

1. Die algemene reaksie is dat gesinne nie regtig weet wat gesin-vriendelik beteken nie. Gesinne B3, D1 en E1 kon nie werklik 'n antwoord gee nie, waarskynlik omdat hulle nie baie kerklik betrokke is nie. C1 het dit op hul persoonlike omstandighede van toepassing gemaak en voel nie dat hulle ondersteun word deur kerkraad of gemeente nie. B2 ervaar wel gesin-vriendelikheid vanaf die gemeente en kerkraad, maar meen dat dit nog minimaal is. B1 is baie betrokke by die kerk en ervaar geen gesin-vriendelikheid van die kerkraad of gemeente nie.
2. Die gesinne wat wel kerklik betrokke is en op hoogte van gebeure in die gemeente is, het in die algemeen geantwoord dat daar geen spesifieke begeleiding deur die kerkraad vir gesinsfunksionering is nie (vgl. B1, B2, C1). Telkens is opgemerk dat die predikant wel leiding gee, veral in tye van krisis (vgl. B1 en C1). B3, D1 en E1 het nie geweet nie. B3 het opgemerk dat die kerkraad en die hele bedieningstrategie nie tred hou met die tyd waarin ons leef nie.
3. Die algemene reaksie was dat gesinne nie werklik vrymoedigheid het om by die kerkraad hulp te vra nie. B2 sou dit wel onder sekere omstandighede doen, maar het meer vrymoedigheid in hul kleingroep. B1 het geen vrymoedigheid nie en meen dat die kerkraad "onmondig" voorkom. Saam met C1 meen hulle dat die kerkraad nie oor die kundigheid (vaardighede) beskik om situasies te hanteer nie. Die predikant word dié antwoord vir probleme. D1 ken die predikant en sou met hom praat terwyl E1 sy eie probleme oplos en erediens toe gaan om weer beter te voel.
4. B1 is van mening dat die kerkraad eers moet leer hoe om te begelei. Hulle wil graag leiding hê oor die ware betekenis van *verbondsgesin* en

*verbondsopvoeding* en hoe om huisgodsdiens te hou. Hulle stel voor dat volwasse kategese in gesinsverband gehou moet word. Vir B2 lê die begeleiding deur die kerkraad op die vlak van die totale bediening. Gesinne moet begelei word om as eenheid deel te neem aan die bediening, deur iets so eenvoudig soos teeskink (wat tradisioneel deur *die susters* gedoen is) en gesamentlike huis- en siekebesoek. Hulle meen dat die kleingroep 'n ideale geleentheid skep om mekaar hiervoor toe te rus en aan te spoor. B3 wil minder begeleiding deur die kerkraad hê omdat daar nie meer genoeg tyd in die dag is nie. Die pa verkies iets wat hy vinnig op die rekenaar kan doen. C1 meen dat prediking meer toegespits moet wees op die begeleiding van gesinslede om hul rol in die gesin en in die kerk te verstaan. Tog voel hulle dat daar reeds algemene begeleidingskursusse is waarby gesinne as geheel kan inskakel. Daar kort egter 'n sisteem om mense tot verantwoording te roep.

5. B1 doen saam die finansies van die gemeente, gaan haal bejaardes vir kerk en behoort aan 'n Bybelstudiegroep, terwyl die man sy ampswerk as ouderling doen. B2 was saam in 'n kleingroep waar die hele gesin deelgeneem het. Die vrou was koster en die kinders het haar en die gemeentelede gehelp. Die man was as ouderling betrokke. Hulle doen gereeld as gesin siekebesoek en woon sendingdienste by (hulle moes egter aan van die aktiwiteite afskaal, omdat beide in hul eindeksamen is en ook binnekort verhuis). Daar is nie baie ander georganiseerde aktiwiteite waaraan die hele gesin kan deelneem nie. B3 se kinders gaan (nou-en-dan) katkisasie toe. Andersins is hulle nie in die gemeente betrokke nie. Die man meen dat die kerk te veel van gesinne verwag. As "gebroke" gesin is C1 nie aktief by 'n gemeente betrokke nie. Die dogter wil graag betrokke raak by die bediening aan die VIGS-wesies en die pa onderneem om dit vir haar moontlik te maak. Hy wil graag weer betrokke raak in die kerkraad. D1 is net as gesin by die kerk betrokke deur saam die erediens by te woon. Die ma gee katkisasie vir die kleiner kinders. E1 is op geen manier betrokke by die kerk nie. Hy hou egter daarvan om nou

en dan saam met almal Nagmaal te gebruik, omdat dit hom weer beter laat voel. Hy kan sien dat hy eendag as hy kinders het, meer betrokke sal wees in die kerk (waarmee hy bedoel dat hy meer erediens toe sal kom en sy kinders katkisasie toe bring).

6. B1 en B2 doen gereeld saam huisgodsdiens en berei saam voor vir Bybelstudie. B2 mis egter die geestelike verryking van die kleingroep, en veral die kinders het `n behoefte uitgespreek om saam met ander gesinne in aanbidding te verkeer. Die gesinslede van B3 kry `n dagstukkie op die rekenaar en meen dit is genoegsaam. C1 probeer so gereeld moontlik om hul behoeftes met mekaar te deel en saam huisgodsdiens te hou d.m.v. dagstukkies. D1 het baie lanklaas saam huisgodsdiens gehou omdat daar nie regtig tye is wanneer die hele gesin by die huis is nie. Behalwe vir persoonlike Bybellees, is daar nie ander geleenthede om godsdiensbelewing te deel nie. E1 lees sy Bybel en meen dat die kerk hom nie gereeld by aksies en eredienste moet verwag nie, omdat hy baie besig is.

7. B1 is van mening dat die gemeente te veel na binne gerig is en dat daar geen betrokkenheid na buite is nie. Hulle kan egter ook nie noem waar hulle as gesin na buite die gemeente uitreik nie, alhoewel hulle goeie voornemens het om sulke geleenthede te identifiseer. In die gemeente van B2 is daar minimale uitreike na buite. As gesin is hulle wel by uitreikprojekte besig en elke kind weet wat dit beteken om na iemand uit te reik en kan vertel van sulke geleenthede. B3, D1 en E1 kon nie positief op hierdie vrae antwoord nie, behalwe dat hulle van mening is dat die kerk te veel tyd van gesinne vra. C1 meen dat hul gemeente in `n stygende groeifase is wat uitreik na buite betref. Die dogter het besluit om betrokke te raak by die VIGS–wesies omdat sy self weet hoe dit voel om in `n gebroke gesin groot te word.

8. Dit het in die algemeen geblyk dat daar `n behoefte is aan begeleiding met huisgodsdiens. Dit gaan nie so veel oor die *inhoud* as die *manier* nie (vgl. B1, C1 en D1). C1 meen dat verskillende rolle in die gesin weer

verduidelik moet word, veral ten opsigte van die postmodernisme. B2 het weer beklemtoon watter belangrike rol kleingroepe speel in die mededeling van geestelike behoeftes en ervarings. B3 het opgemerk dat die kerk die tyd waarin ons leef moet verreken, voordat daar bedieningseise gestel word.

## 3.3.4 Gevolgtrekkings en metateoretiese perspektiewe

Die gevolgtrekkings en metateoretiese perspektiewe kan soos volg saamgevat word:

### 3.3.4.1 Die definiëring van die gesinstruktuur

- Positief: Protestantse Kerke en hul gesinne staan meestal sterk op die beginsel dat God die verbondsgesin ingestel het as 'n man en sy vrou en hulle kinders (vgl. 3.2.1). Dié definisie van 'n *ideale* gesin dien as beginsel vir huidige gesinsbedieninge (vgl. 3.2.3; 3.3.1).
- Negatief: Die postmodernisme veroorsaak dat die gesin as struktuur verswak word (vgl. 3.2.1). Daar bestaan 'n groot hoeveelheid nie-tradisionele gesinsvorme, en dit raak meer en meer algemeen (vgl. 3.2.2.1; 3.3.3). Min kerke se gesinsbediening fokus op die bediening van alle vorme van die gesin wat as sulks *funksioneer* (vgl. 3.3.2). Nie-tradisionele gesinne voel dikwels nie tuis in die kerk nie en bly eerder weg.

### 3.3.4.2 Die verhouding tussen kerk en gesin

- Positief: Die huidige situasie van postmoderne denke erken al hoe

meer die belangrikheid van die kleiner groep (vgl. 3.1.2). So is daar 'n beweging in kerke om die lidmate in kleiner groepe te bedien en hierdie groepe as selle te sien wat die gemeente opbou (vgl. 3.3.1).

- Negatief: As gevolg van postmodernisme, wantrou baie mense groter strukture soos die kerk en dít wat hulle leer (vgl. 3.1.2). Mense meen dat geloof 'n private aangeleentheid is en dat die kerk hulle nie meer aanspreek nie (vgl. 3.3.1). Para-kerkbewegings wat hulle vir die gesin beywer kry meer aftrek as kerke (vgl. 3.3.1). Gesinne meen dikwels dat kerkleiers nie die nodige toerusting het om hulle te begelei nie, wat daartoe lei dat gesinne nie vrymoedigheid het om by hulle hulp te soek nie (vgl. 3.3.3).

#### 3.3.4.3 Die rol van die gesin in die kerk

- Positief: Kerkleiers besef dat die gesin 'n belangrike rol in die kerk speel (vgl. 3.3.1; 3.3.2) en gesinne wat wel betrokke is, het 'n positiewe invloed op die gemeente (vgl. 3.3.1; 3.3.3).
- Negatief: Die rol van gesinne word dikwels verwar met die hoeveelheid gesinne wat in die kerk is en eredienste bywoon (vgl. 3.2.1; 3.3.1; 3.3.2; 3.3.3). Die gesin se rol wil dikwels van "bo" af deurgegee word, sonder om gesinne deel te maak van die ontdekking van hul rolle (vgl. 3.3.2; 3.3.3). Gesinne verwar weer die kerk as 'n instansie waardeur hulle bedien moet word, waar daar gedoop, getrou en begrafnisse waargeneem word, kortom, waar hulle spiritualiteit bevredig word (vgl. 3.1.3; 3.3.1).

**3.3.4.4 Die begeleiding van die gesin ten opsigte van die praktykmaak van geloof in die kerk**

- Positief: Daar bestaan reeds uitgewerkte teorieë en planne om gesinne toe te rus om hul geloof uit te leef in die gesin en kerk (vgl. 3.3.1; 3.3.2). Dit is bewys dat van hierdie metodes en modelle in die praktyk werk en dat die voordele daarvan die kerk en gemeenskap versterk (vgl. 3.3.1).
- Negatief: Baie modelle maak staat op die voorafkennis van lidmate om self te weet hoe om die teorie praktyk te maak in die gesin en fokus dus op *toerusting* eerder as *begeleiding* (vgl. 3.3.1; 3.3.2; 3.3.3). Gesinne weet dikwels nie hoe om prakties huisgodsdiens te hou nie (vgl. 3.3.3). Daar bestaan ook min toerustingsgeleenthede waarin ouers en kinders begelei word om mekaar beter te verstaan en om te weet hoe om die veranderende rolle in die gesin te hanteer. Dit geld ook ten opsigte van die vervulling van hul rol in die kerk (vgl. 3.3.1; 3.3.2; 3.3.3). Verder neem die tendens toe dat ouers nie in staat is om hul godsdiens aan hul kinders oor te dra nie (vgl. 3.3.1).

**3.3.4.5 Die begeleiding van die gesin ten opsigte van die praktykmaak van geloof buite die kerk**

- Positief: Die meeste kerke is bewus van hul opdrag om na buite uit te reik en van hulle het een of ander uitreikaksie na die gemeenskap (vgl. 3.3.1; 3.3.2; 3.3.3). As gevolg van die postmodernisme is daar `n hernude soeke na spiritualiteit, en is mense meer oop vir emosie, ervaring en verskeidenheid (vgl. 3.1.3). Dit bied `n gulde geleentheid vir die gesin om in sy omgewing uit te reik (vgl. 3.1.4; 3.3.1).

- Negatief: Geloof het in die postmoderne konteks 'n private aangeleentheid geword (vgl. 3.1.3). Alhoewel baie gelowiges hul verantwoordelikheid om uit te reik besef, is hulle onkundig om as gesin sigbare kerk in die gemeenskap te wees (vgl. 3.3.3; 3.3.3). Dit gebeur ook dat kerklike beplanning gesinne nie as geheel by uitreikaksies betrek nie (3.3.1; 3.3.2; 3.3.3).

**3.3.4.6 Die definiëring van die gesinstruktuur**

- Positief: Kerke en hul gesinne staan sterk op die beginsel dat God die verbondsgesin ingestel het as 'n man en sy vrou en hulle kinders.
- Negatief: Min kerke se gesinsbediening fokus op die bediening van alle vorme van die gesin wat as sulks *funksioneer.* Nie-tradisionele gesinne voel dikwels nie tuis in die kerk nie en bly eerder weg.

# HOOFSTUK 4

## PRAKTYKTEORETIESE PERSPEKTIEWE OP DIE BEGELEIDING VAN DIE GESIN TOT ROLVERVULLING IN DIE PLAASLIKE KERK

### *4.1 Inleiding*

In Hoofstuk 2 is basisteoretiese perspektiewe uit die teologiese tradisie gevorm. In Hoofstuk 3 is metateoretiese perspektiewe uit literatuurstudies, vanuit die hulpwetenskappe Sosiologie, Maatskaplike Werk en Filosofie - en vanuit kwalitatiewe empiriese navorsing gevorm. Met die oog op praktykteoretiese perspektiewe word die resultate van beide refleksievelde, in Hoofstuk 4, in `n hermeneutiese wisselwerking georden. `n Praktykteorie beskryf hoe `n basisteorie in die praktyk behoort te funksioneer, vanuit `n bepaalde teorie (vgl. De Kock, 2003:143; Venter, 1996:89,90). In hierdie hoofstuk vind daar uiteindelik 'n kritiese interaksie tussen teorie en praktyk plaas. Die navorser sal voor die finale samevatting van die hoofstuk, kontoere vir `n gesinsbedieningsmodel voorstel, waarin beginsels en praktyk vervat en aangespreek is.

### *4.2 Riglyne vir die realisering van die basisteoretiese beginsels*

Vorster (1999:113-114) stel dit duidelik dat die kerk in hierdie tyd haar daarop moet toespits om beginseldenke te bevorder. Bloot kosmetiese veranderings aan die kerk laat haar die gevaar loop om irrelevant te raak vir lidmate en die wêreld. Vervolgens word die beginsels uit die basisteoretiese ondersoek eerste gestel, waarna die metateoretiese gevolgtrekkings daaraan getoets sal word. Hieruit sal die navorser probeer om beskeie riglyne te gee vir praktykteoretiese oplossings.

### 4.2.1 Die definiëring van die gesinstruktuur

**Basisteoretiese beginsel:**

- Daar bestaan nie 'n spesifieke struktuur (definisie) vir die gesin in die Skrif nie, maar wel *beginsels* van hoe God dit ingestel het, en hoe Hy wil hê dat dit moet funksioneer. Hierdie beginsels behels in die eerste plek *onderdanigheid* en eerbied vir God, wat lei tot die gemeenskaplike *onderdanigheid* van gesinslede aan mekaar (in die tweede plek).

**Metateoretiese gevolgtrekking:**

- Positief: Protestantse Kerke en hul gesinne staan meestal sterk op die beginsel dat God die verbondsgesin ingestel het as 'n man en sy vrou en hulle kinders (vgl. 3.2.1). Dié definisie van 'n *ideale* gesin dien as beginsel vir huidige gesinsbedieninge (vgl. 3.2.3; 3.3.1).

- Negatief: Die postmodernistiese denke lei daartoe dat die gesin as struktuur verswak word (vgl. 3.2.1). Daar bestaan 'n groot hoeveelheid nie-tradisionele gesinsvorme, en dit raak meer en meer algemeen (vgl. 3.2.2.1; 3.3.3). Tog is daar min kerke wie se gesinsbediening op die bediening van alle vorme van die gesin fokus wat as sulks *funksioneer* (vgl. 3.3.2). Nie-tradisionele gesinne voel dikwels nie tuis in die kerk nie en vermy kerklike gemeenskap en kontak met lidmate. Verder is dit kenmerkend van die mens wat deur die postmodernisme beïnvloed is om nie aan ander mense onderdanig te wil wees nie (vgl. 3.2.1).

**Praktykteoretiese oplossing:**

- **Versterking van positiewe punte:**

  - Dit is nodig dat die GKSA as kerkverband hul stem oor die *beginsels* van die gesin laat hoor. By twee geleenthede is daar deur die Sinodes besluit om nie deel te neem aan die jaar van die gesin nie (vgl. GKSA, 1988:447-448; GKSA, 1997:838 en 2.3). Geleenthede soos hierdie moet juis benut word om die GKSA as denominasie se standpunt oor die gesin, uit die lig wat die Heilige Gees deur die Woord gee, duidelik te maak. Dit moet op plaaslike vlak, tussen denominasies, maar ook op regeringsvlak en op internasionale vlak gebeur deur middel van verklarings en apologetiese reaksies op wêreldtendense.

  - Die *ideale* struktuur van die gesin, soos God dit ingestel het, moet in die kerk bevorder en onderhou word. Dit kan gedoen word deur middel van praktiese toerusting vir kinders en jongmense oor die betekenis van verhoudings met die *ander* geslag - ten einde hulle tot volle insig te bring van wat dit in praktyk beteken dat God se doel uiteindelik die huwelik en die verbondsgesin is. Dit moet deel word van die kategese, wat fokus op die praktiese keuses wat `n gelowige kind maak in sy of haar verhoudinge. Jongmense kan hulself deur `n sigbare belofte daartoe verbind om God se instelling van die gesin te eerbiedig en dit self so te hou. Hulle kan dit wys deur byvoorbeeld `n "kuisheidsring" te dra. Om die *ideale* struktuur van die gesin `n doelwit te maak waarna algemeen gestrewe word, moet `n generasie geskep word wat weerstand kan bied teen die aftakeling van die gesin. Onderrig en begeleiding oor wat God se wil met verhoudings en gesinne is, moet daarom uitkomsgebaseerd aangepak word.

- **Regstelling van negatiewe punte:**

  - Die kerk se definisie van die *ideale* gesin kan wel die *uitkoms* van bediening wees maar nie die *voorwaarde* nie. Gesinsbediening moet toegespits wees op alle vorme van verhoudings waar mense as gesin *funksioneer*. Dit is nodig dat gemeentes hierdie gesindheid aktief "bemark" of bekendstel, om die stigma te breek van die opvatting dat kerke net die *tradisionele gesin* bedien. Dit kan gedoen word deur 'n gemeenteverklaring wat uitspel hoe hulle die gesin definieer en beplan om hulle te bedien. Moeite kan gedoen word om verskillende gesinsvorme te identifiseer, sodat hul behoeftes bepaal kan word. Dít sal bepaal hoe hulle die effektiefste bedien en betrek kan word. Verskillende gesinsvorme kan saam in 'n kleingroep betrek word sodat vrymoedigheid gekweek kan word om mekaar te ondersteun ten spyte van verskille in vorm.

  - Dit moet duidelik wees dat die beginsel van *onderdanigheid* aan God geld vir elke vorm van gesin. So wys die kerk dat daar nie kompromieë gemaak kan word vir gesinne wat byvoorbeeld as gevolg van sondige seksuele begeertes, bestaan of funksioneer nie. Dit verhoed egter nie dat sulke gesinsvorme met die Woord van God bedien word nie, en maak dit steeds moontlik om hul behoeftes en nood te bedien - en om die sonde aan te spreek. Die realiteit is onder meer: homoseksuele paartjies neem kinders aan (wat nie noodwendig homoseksueel is nie); buite-egtelike kinders word uit voorhuwelikse seks gebore en woon saam met hul ongetroude ouers as gesin saam; mishandeling en egbreuk vind ook in tradisionele gesinne plaas - en hierdie gesinne moet bedien en begelei word. Hulle moet eers bedien word voordat hulle tot sondebesef gelei kan word. Dit is nie moontlik om bestaande gesinsvorme reg te ruk sodat

almal lyk soos God dit ingestel het nie. Wat wel moontlik is, is om hulle so te begelei dat die nageslag van beter weet.

### 4.2.2 Die wisselwerking tussen kerk en gesin


**Basisteoretiese beginsels:**

- Daar is 'n definitiewe verhouding tussen kerk en gesin. Die gesin is eerste deur God ingestel (vgl. Gen. 2), waaruit leiers opgroei wat dan die kerk bymekaar bring. Die kerk is opgebou uit gesinne en individue wat bymekaar kom om as liggaam die Here se wette en voorskrifte te gehoorsaam en uit te voer.

- Vir die (optimale/Skriftuurlike) verhouding tussen kerk en gesin, moet die verhouding tussen man en vrou (soos deur God ingestel), gekenmerk word deur dieselfde eienskappe as dié wat die verhouding waarin Christus met sy kerk staan, kenmerk. Dit geld vir hulle wat in enige vorm leiding neem in die gesinsopset/-struktuur. Die kerk se verhouding met Christus moet op sy beurt as voorbeeld en aansporing dien vir die verhouding tussen man en vrou en dus vir alle verhoudinge in die gesin.

**Grafiese voorstelling (sien volgende bladsy, figuur 1):**

**Figuur 1**




**Metateoretiese gevolgtrekkings:**

- Positief:

    - Die huidige situasie van postmoderne denke erken al hoe meer die belangrikheid van die kleiner groep (vgl. 3.1.2). So is daar `n beweging in kerke om die lidmate in kleiner groepe te bedien en hierdie groepe as selle te sien wat die gemeente opbou (vgl. 3.3.1). Gesinne is ideale boustene vir kleingroepe.

- Kerkleiers besef dat die gesin 'n belangrike rol in die kerk speel (vgl. 3.3.1; 3.3.2) en gesinne wat wel betrokke is, het 'n positiewe invloed op die gemeente (vgl. 3.3.1; 3.3.3).

- Negatief:

  - As gevolg van die invloed van die postmodernisme wantrou baie mense groter strukture soos die kerk en dit wat hulle leer (vgl. 3.1.2). Mense meen dat geloof 'n private aangeleentheid is en dat die kerk hulle nie meer aanspreek nie (vgl. 3.3.1). Para-kerkbewegings wat hulle vir die gesin beywer kry meer aftrek as kerke (vgl. 3.3.1). Vervolgens is baie gesinne van mening dat kerkleiers dikwels nie die nodige toerusting het om hulle te begelei nie, wat daartoe lei dat gesinne nie vrymoedigheid het om by kerkleiers hulp te soek nie (vgl. 3.3.3).

  - Die rol van gesinne in die kerk word maklik verwar met die hoeveelheid gesinne wat in die kerk is en eredienste bywoon (vgl. 3.2.1; 3.3.1; 3.3.2; 3.3.3). Verder wil die gesin se rol dikwels van "bo" af deurgegee word, sonder om gesinne deel te maak van die ontdekking van hul rolle (vgl. 3.3.2; 3.3.3). Gesinne verwar weer op hulle beurt die kerk as 'n instansie waardeur hulle bedien moet word, waar daar gedoop, getrou en begrafnisse waargeneem word, kortom, waar hulle spiritualiteit bevredig word (vgl. 3.1.3; 3.3.1). Druk word ook toegepas om die verskillende rolle in die gesin te vervaag. Dit lei daartoe dat die huwelik nie meer 'n voorbeeld van die verhouding tussen Christus en sy kerk is nie, omdat elkeen sy eie lewensiklus moet volg (vgl. 3.2.3).

**Praktykteoretiese oplossing:**

- **Versterking van positiewe punte:**

  - Omdat meer kerke begin om nie bloot net die gemeente volgens wyke in te deel vir geografiese afbakening nie, maar wel om hulle in kleiner groepe te bedien, word die ideale geleentheid geskep om die rol van die gesin te ontgin. Dit is bevorderlik dat mense in kleiner belangegroepe ingedeel word, sodat hulle mekaar in hul soortgelyke situasie kan ondersteun en aanspoor. Die navorser is egter van mening dat kleiner groepe verteenwoordigend moet wees van die samestelling van die hele gemeente. 'n Gebalanseerde kleingroep of Bybelstudiegroep het die potensiaal om meer gesinsvorme te betrek wat daartoe kan lei dat ervaring, kennis en geloofsgroei op 'n breër vlak opgedoen kan word. Kinders wat saam met hul ouers aan hierdie breër ervaring, kennis en geloofsgroei blootgestel word, kan opgroei om kerkleiers te word wat met verantwoordelikheid die kudde lei.

  - Ouers wat moeite doen om die wette en voorskrifte van God in hul eie huislike liturgie praktyk te maak, kan 'n baie positiewe uitwerking op ander gesinne hê wat saam met hulle byeenkom (vgl. die οικος-tekste, 2.2.2.2). Kerkleiers speel 'n belangrike rol in die identifisering en toerusting van hierdie "sterk" gesinne, sodat hulle ingetrek kan word in die opbou van ander gesinne. Verder is dit van kardinale belang dat gesinne se rol in die kerk aktief bemark en bekend gemaak moet word. Kerkleiers is nie die kerk nie en kan nie op hul eie die opdragte van God praktyk maak nie. Hulle taak is om dit op kreatiewe en bevatlike maniere aan gesinne duidelik te maak. Daarom vervang die bymekaarkom van gesinne in kleingroepe nie die amp van die ouderling of diaken nie, maar beklemtoon dit juis die begeleidende rol wat hulle moet speel.

- Prediking oor die rol van gesinne in die kerk is `n belangrike begeleidingsmiddel om mense weer te laat besef wat die wisselwerking tussen die gesin en die kerk is.

- **Regstelling van negatiewe punte:**

  - Die regstelling van negatiewe punte hou sterk verband met wat hier bo gesê is oor die versterking van die positiewe punte.

  - Wat wel uitgelig kan word is dat die kerk die mens in sy postmodernistiese konteks moet ontmoet. Wantroue van die kerk as groter struktuur kan in bogenoemde konteks nie weggewens word nie (vgl. 3.1.2). Mense moet weer geleer en gewys word dat geloof nie oor strukture nie, maar oor verhoudinge gaan: die verhouding van God met die mense; van die mens met God; en mense tot mekaar. Dit is goed dat kerkleiers weet wat hul amp behels (huisbesoek, toesig oor die Woordverkondiging, versorging van armes, ens.) maar dit is net so belangrik (indien nie meer nie) dat hulle die vermoë het of aangeleer word, om verhoudinge met en tussen mense te bou. Dít moet volgens 1 Timoteus 3 een van die belangrike getuienisse oor die lewe van kerkleiers wees (vgl. 2.2.2.3). Die rasionaal is dat iemand wat sy huis kan regeer soos God dit wil hê, iemand moet wees wat verhoudinge met ander mense kan bou. Hierdie verhoudinge kan help dat daar meer vrymoedigheid is tussen gesinne en kerkleiers, sodat hulle mekaar in die bediening kan versterk en ondersteun. Vanuit die kleiner groep kan die wantroue van die kerk as "groter struktuur" reggestel word, omdat die beeld van `n liggaam herstel word wat wys dat die liggaam van Christus uit verskillende ledemate bestaan.

- Kerkleiers wat verhoudinge met lidmate het, het reeds die grootste struikelblok, naamlik wantroue, oorkom. Dit is nie altyd die teoretiese toerusting wat by kerkleiers ontbreek nie, maar wel die kennis en moed om dit te gebruik. Predikante het die verantwoordelikheid om kerkleiers so te begelei dat hulle bestuurders van "die huishouding van God" kan wees (Tit. 1:7). Dit beteken tog dat hulle soos vaders moet optree, voorbeelde wat onberispelik is. Alhoewel die kerkregtelike en dogmatiese toerusting van kerkleiers belangrik is, moet daar in hierdie tyd veral gekonsentreer word op die geloofwaardige uitleef van hul eie geloof. Mense is nie noodwendig op soek na die superouderling wat al die regte antwoorde het nie, maar een waarvan hulle weet dat hy omgee, luister bemoedig en self lééf wat hy glo. Dit beteken nie dat 'n ongetroude persoon nie 'n kerkleier kan wees nie, maar wel dat hy in staat moet wees om 'n huishouding te kan bestuur. Op híérdie eienskappe moet by die verkiesing en toerusting van kerkleiers gekonsentreer word.

- Die regstelling van die negatiewe uitkyk jeens rolverdeling in Christengesinne kan slegs vanuit 'n Bybels-gefundeerde uiteensetting geskied. Dit sluit aan by die beginsel wat reeds in 4.2.1 bespreek is.

### 4.2.3 Die begeleiding van die gesin ten opsigte van die praktykmaak van geloof in die kerk

**Basisteoretiese beginsel:**

- Die verhouding tussen gesin en kerk veronderstel dat gesinne 'n bepaalde rol in die kerk speel. Hulle het die taak om God se voorskrifte, wat aan die hele gemeente gegee is, praktyk te maak in onderlinge verhoudinge deur dit aan die nageslag oor te dra.

**Metateoretiese gevolgtrekking:**

- Positief: Daar bestaan reeds uitgewerkte teorieë en planne om gesinne toe te rus om hul geloof uit te leef in gesin en kerk (vgl. 3.3.1; 3.3.2). Dit is bewys dat van hierdie metodes en modelle in die praktyk werk en dat die voordele daarvan die kerk en gemeenskap versterk (vgl. 3.3.1). Kategese speel 'n groot rol in die oordra van godsdiens en geloof aan die nageslag.
- Negatief: Baie modelle maak staat op die voorafkennis van lidmate om self te weet hoe om die teorie praktyk te maak in die gesin en fokus dus op teoretiese toerusting eerder as fisiese begeleiding (vgl. 3.3.1; 3.3.2; 3.3.3). Gesinne weet dikwels nie hoe om prakties huisgodsdiens te hou nie (vgl. 3.3.3). Daar bestaan min aktiwiteite waarin ouers en kinders saam begelei word om mekaar beter te verstaan en om te weet hoe om die veranderende rolle in die gesin te hanteer. Dit geld ook ten opsigte van die vervulling van hul rol in die kerk (vgl. 3.3.1; 3.3.2; 3.3.3). Verder neem die tendens toe dat ouers nie in staat is om hul godsdiens en geloof suksesvol aan hul kinders oor te dra nie (vgl. 3.3.1).

**Praktykteoretiese oplossing:**

- **Versterking van positiewe punte:**

  - Dit is nodig dat teorieë en planne met visie en met die uitkoms in oog ontwerp en geïmplementeer word. By die opstel van teoretiese stof, moet in gedagte gehou word hoe die gesin funksioneer en wat hul konteks is. Daarom is dit nodig dat teorie oor huisgodsdiens en huislike liturgie saam met gesinne ontwikkel word, sodat dit praktykgerig kan wees.

  - Reeds bestaande metodes en modelle moet altyd aangepas word by spesifieke omstandighede in 'n plaaslike gemeente. Daar bestaan

dikwels nie net een regte metode nie. Daarom is dit wenslik om verskillende metodes te evalueer en selfs eie kombinasies en byvoegings te vorm.

- Dit is nodig om bestaande metodes en modelle op 'n gereelde basis te evalueer om seker te maak wat die resultate daarvan is en of dit steeds die uitkoms in oog hou.

- Voortdurende opleiding van kerkleiers en ander is nodig om deel te vorm van 'n bedieningspan wat gereeld 'n studie doen oor die vordering van gesinne en wat weet hoe om hulle te ondersteun en aan te spoor. Hierdie bedieningspan moet op hoogte wees van die behoeftes van die verskillende gesinne in die gemeente. Dit sluit in die behoeftes van die kinders, sodat die kategese ook uitkomsgerig aangepak kan word.

- **Regstelling van negatiewe punte:**

  - Modelle en bedieningstrategieë kan maklik by mense verbygaan, omdat dit met die uitkoms wil begin en nie eers die struikelblokke identifiseer nie. Een van die struikelblokke van die huidige konteks is gebrek aan praktiese kennis van lidmate om hul godsdiens praktyk te maak. Toerusting en kategese het vir lank gekonsentreer op teoretiese kennis van belydenisskrifte en ook soms die inhoud van die Bybel. Die praktyk wys egter dat die grootste leemte in die toerusting van gelowiges in die praktiese toepassing daarvan lê.

  - Bogenoemde probleem kan aangespreek word deur gesinne in kleiner groepe te bedien. Indien 'n sterk gesin, of gesinne, hul huis sou oopmaak om ander gelowige gesinne te ontvang en saam met hulle gemeenskap beoefen, kan hul invloed hierdie gesinne help om self 'n gesonde, praktiese uitlewing van hul geloof te kweek. Hiervoor is gesinne nodig wat

daarvoor bekend is dat die hele gesin betrokke is by die kerk. Deur sáám met ander gesinne 'n byeenkoms te hou waarin almal (kinders ingesluit) saam gesels, saam aanbid, saam loof en saam besin oor wie God is en wat hul geloof behels, kan sterk gesinne 'n positiewe invloed op ander hê.

- Met die uitkoms van die *ideale* gesin soos God dit ingestel het, in gedagte, moet toerusting holisties benader word. Soos reeds gesê is, behoort begeleiding oor die gesin reeds op kategesevlak te begin. Om egter die bose siklus van onkunde te breek, moet begeleiding ook toegespits wees op huwelikskategese, uitkomsgebaseerde kinderopvoeding (vgl. Brink *et al.*, 2004:1-215) en die ontwikkeling van 'n gesinsliturgie (vgl. De Klerk, 2001:90-109). Aktiwiteite wat kan meewerk om van hierdie begeleiding 'n sukses te maak is gesinskampe, pa-en-seun-kampe, ma-en-dogter-kampe, gesinsverrykingskursusse en ander, waar gesinne uitgedaag word om as 'n eenheid deel te neem. Die verantwoordelikheid vir die geestelike groei en ontwikkeling van gesinne moet nie deur die kerkleiers alleen gedra word nie, maar moet juis deur bemagtiging teruggeplaas word in hul hande.

### 4.2.4 Die begeleiding van die gesin ten opsigte van die praktykmaak van geloof buite die kerk

**Basisteoretiese beginsels:**

- Gesinne het ook buite die kerk 'n rol te speel deurdat dit die kerk in die breë samelewing moet verteenwoordig. Gehoorsame gesinne bou 'n gehoorsame gemeente wat hul roeping teenoor die gemeenskap uitdra.

**Metateoretiese gevolgtrekking:**

- Positief: Die meeste kerke is bewus van hul opdrag om na buite uit te reik en van hulle het een of ander uitreikaksie na die gemeenskap (vgl. 3.3.1; 3.3.2; 3.3.3). As gevolg van die postmodernisme is daar `n hernude soeke na spiritualiteit, en is mense meer oop vir emosie, ervaring en verskeidenheid (vgl. 3.1.3). Dit bied `n gulde geleentheid vir die gesin om in sy omgewing uit te reik (vgl. 3.1.4; 3.3.1).
- Negatief: Geloof het in die postmoderne konteks `n private aangeleentheid geword (vgl. 3.1.3). Alhoewel baie gelowiges hul verantwoordelikheid om uit te reik besef, is hulle onkundig om as gesin sigbare kerk in die gemeenskap te wees (vgl. 3.3.3). Dit gebeur ook dat kerklike beplanning gesinne nie as geheel by uitreikaksies betrek nie (3.3.1; 3.3.2; 3.3.3).

**Praktykteoretiese oplossing:**

- Versterking van positiewe punte:

  - Bewusmaking van God se opdrag aan gelowiges om na die wêreld uit te reik (vgl. Matteus 28:18-20) en die oorgaan tot daadwerklike aksie, is fyn verweef. Die Christelike geloof word dikwels gekenmerk deur al die dinge wat gedoen *moet*, of *veronderstel* is, om gedoen te word. Wat mense egter motiveer om dit te doen waarvan hulle goed bewus is, is nie "ek *moet*" nie, maar eerder "ek *wil*". Barker (1997) stel dit soos volg: "When we are motivated from the heart rather than from duty, we are enthusiastic in our life and actions." Om hierdie rede speel die manier waarop lidmate van hul verantwoordelikheid bewus gemaak word, `n baie belangrike rol. Dit moet altyd duidelik wees dat hierdie opdrag van God haalbaar is. Elke gelowige kan aan hierdie opdrag gehoorsaam wees met die vaardighede en genadegawes wat God aan hom toevertrou het. Op elke vlak van

geloofsgroei is daar geleentheid om uit te reik na hulle wat buite die kerk is. Dit is egter nodig dat gesinne bemagtig word om raak te sien wat van hulle in hul unieke omstandighede en vlak van geloofsgroei verwag word. So kan gesinne wat nog jonk in die geloof is, aangemoedig word om in hul direkte omgewing iemand te identifiseer na wie hulle op sosiale en fisiese gebiede kan uitreik. `n Gesin wat verder in geloofsgroei gevorder het kan weer begelei word om as saamtrekpunt vir gesinne van buite die kerk te dien, waar hulle oor gemeenskaplike behoeftes toegerus kan word. `n Sterk gesin kan moontlik as voog optree vir jonggetroudes wat sukkel om hul geestelike voete te vind. Die punt is dus dat uitreiking na buite die kerk nie iets is wat `n gesin eers eendag bereik wanneer hulle die "volmaakte" geloofsgroei getoon het nie, maar iets is waarin hulle deurgaans kan groei.

- Die saamkom van gesinne in kleiner groepe kan baie bydra om mekaar tot uitreiking aan te spoor, om moontlikhede te ondersoek en om verantwoordbaar gehou te kan word. Gesinne wat jonk is in die geloof kan leer by sterker gesinne, ouers leer by mekaar en kinders leer by hul eie ouers en by ander gesinne hoe `n gelowige sy godsdiens prakties oor die gemeentegrens dra.

- In beide die bewusmaking en aansporing tot aksie van uitreiking, staan die prediking sentraal. Die Woord van God is baie duidelik oor wat gelowiges moet doen. Tog sien elke mens dit vanuit sy eie konteks en deur die bril van sy sonde. In die prediking moet die opdrag van God maar ook die troos van begeleiding deur die Heilige Gees duidelik na die gemeente oorkom. Daar moet daarteen gewaak word dat die prediking mense "sending-" en "evangelisasievoos" maak, omdat dit dikwels iets is wat vir mense onbereikbaar is. Prediking moet in hierdie opsig die opdrag op so `n manier uitlig, dat elke gelowige daardeur getroos, gemotiveer en uitgedaag word. Dit is van die grootste belang dat die prediking dan by

die werklikhede en uitdagings van uitreiking in 'n postmoderne konteks uitkom - en ook rigting gee.

- **Regstelling van negatiewe punte:**

  - Wat hierbo genoem is, spreek in 'n mate reeds die negatiewe punte ook aan.

  - Die probleem van die privaatheid van geloofsake is een wat in die gesin reggestel moet word. Gesinne by wie dit algemeen is om gemaklik oor geloofsake te gesels, kweek lidmate vir wie dit natuurlik is om hul geloof te deel. Mense word nie tot openlikheid van hul geloof geforseer nie, maar wel daartoe uitgenooi en begelei. Dit moet een van die uitkomste van gesinsbediening wees om gesinne só te begelei dat hulle op elke vlak van geestelike ontwikkeling besig sal wees om oor die gemeentegrens te reik. Gesinne is die strukture waarin gelowiges tussen die gemeenskap woon, werk en leef. Deur middel van hulle kontak, konteks en geleenthede in die gemeenskap, het die gemeente 'n oop deur om die Evangelie te verkondig.


  - Beplanning van uitreikaksies moet na aanleiding van bogenoemde, in samewerking en met inagneming van die hele gesin beplan word. God beloof al die gawes wat nodig is om sy kerk te laat groei en in stand te hou (vgl. Ef. 1:14; Fil. 2:13; 19). Die gawes wat aan gesinne gegee is maak hiervan deel uit. Verskillende gawes in gesinne moet ontdek, ontgin en versterk word. Kinders wat reeds van 'n jong ouderdom af saam met hul ouers besig is om na ander uit te reik, is meer geneig om dit deel van hul eie lewens te maak (vgl. 3.3.1 en veral Wittberg, 1999:508-509). Dit is dus van groot belang dat gesinne begelei moet word om saam na hul gemeenskap uit te ryk, deur sigbare kerk te wees in hoe hulle praat en wat hulle doen. Gesinne wat saam in kleiner groepe bymekaarkom kan selfs

`n gesamentlike uitreikaksie beplan waarin elke gesin, en elkeen in die gesin, se gawes op `n spesifieke manier behulpsaam kan wees. Die klem moet dus op die *inoefening* van *hoe* om uit te reik, val, eerder as blote onderrig van *wat* om te doen.

## *4.3 Kontoere vir die holistiese benadering tot `n gesinsbedienings-model*

As uitvloeisel van al bogenoemde gegewens en gevolgtrekkings, is die logiese resultaat die daarstel van `n holistiese gesinsbedieningsmodel. Weens die omvang van hierdie studie kan slegs kontoere vir `n gesinsbedieningsmodel voorgestel word, aangesien in diepte studie in verskeie velde nodig is, wat buite die doel van hierdie studie val. Vanuit die praktykteoretiese perspektiewe poog die navorser egter om alle aspekte saam te bring in `n holistiese benadering tot gesinsbediening.

**Grafiese voorstelling (sien volgende bladsy, figuur 2):**


Begeleiding
sekulêre gesin
Christen-gesin
Huwelik
Ouerskap
Opvoeding
Gesinsliturgie
Bereidwillige leiding
Uitreik
Strewe na ideale struktuur van huwelik en verhoudinge
Herstelde ouerskap
Ingeligte opvoeding
Nuwe gesinsliturgie
Bereidwillige navolging
Geloof
Kerk
JC en bruid
Verbond
Oordrag aan Nageslag
Gemeenteliturgie
Godgegewe ampte
Uitreik
omkeer
Praktykmaking

**Verduideliking:**

- Die driehoeke stel van links na regs die Christen-gesin, die sekulêre gesin en die kerk voor.
- Ses raakvlakke word aangetoon met nuanseverskil waar nodig.
- Die driehoeke vir die Christen-gesin en die kerk sluit by mekaar aan.
- Die kerk begelei die Christen-gesin om op al ses vlakke die beginsels van gesinwees toe te pas. Op sy beurt begelei die Christen-gesin die kerk om relevant en effektief te wees.
- Die Christen-gesin word sigbare kerk deurdat dit die dinge wat God van sy kerk eis, praktyk te maak.
- Die pyle tussen die raakvlakke dui aan dat daar 'n voortdurende wisselwerking vanaf die Christen-gesin en kerk met die sekulêre gesin is.
- Die omgekeerde driehoek dui aan dat die invloed van die kerk en Christen-gesinne 'n tregtereffek op die sekulêre gesin behoort te hê, wat lei tot uiteindelike omkeer tot 'n strewe na die *ideale* gesin soos God dit bedoel het.

## *4.4 Samevatting van die Praktykteoretiese riglyne*

### 4.4.1 Die definiëring van die gesinstruktuur

- Die kerk moet 'n duidelike stem laat hoor oor die beginsels van die gesin.
- Die *ideale* struktuur van die gesin moet bevorder en onderhou word as die uitkoms van gesinsbediening.
- Alle verhoudinge wat as gesin *funksioneer* moet deur die kerk bedien word.
- Onderdanigheid aan God en medemens moet die beginsel wees waarop gesinsbediening toespits.

### 4.4.2 Die wisselwerking tussen kerk en gesin

- Deur gesinne in kleiner groepe te bedien, moet hulle begelei word om hul rol in die kerk te ontgin.
- Sterk gesinne moet deur kerkleiers geïdentifiseer en toegerus word om ander gesinne te kan begelei.
- Skrifgetroue prediking moet die beginsels vir die wisselwerking tussen kerk en gesin duidelik maak.
- Die verhouding tussen kerkleiers en gesinne moet versterk word deur die konteks van gesinne in ag te neem tydens beplanning van- en werklike bediening.
- Kerkleiers moet toegerus en begelei word om geloofwaardige bestuurders van die huisgesin van God te wees.
- Rolverdeling in die gesin moet vanuit `n Bybels-gefundeerde uiteensetting duidelik gemaak word. Prediking en kategese moet `n belangrike rol hierin speel.

### 4.4.3 Die begeleiding van die gesin ten opsigte van die praktykmaak van geloof in die kerk

- Die teorie van huisgodsdiens en huislike liturgie moet praktyk- en uitkomsgerig wees.
- Metodes moet gereeld geëvalueer en aangepas word om doelgerig en relevant te funksioneer.
- `n Kundige bedieningspan moet saamgestel word om die hele gesinsbediening te kontroleer, om behoeftes te bepaal en die nodige toerusting en begeleiding te fasiliteer.
- Bediening van gesinne in kleiner groepe moet werk na die ideaal om hul rolle in die kerk en teenoor mekaar in te oefen.

- Gesinne moet begelei en bemagtig word om op alle vlakke van gesinwees verantwoordelikheid vir hul geestelike groei te neem.

### 4.4.4 Die begeleiding van die gesin ten opsigte van die praktykmaak van geloof buite die kerk:

- Dit moet duidelik wees dat die opdrag om na ander uit te reik, haalbaar is.
- Uitreiking is iets wat deurlopend in die proses van geloofsgroei moet plaasvind.
- Bediening van gesinne in kleingroepe moet help dat die uitreiking na ander *ingeoefen* word deurdat gesinne mekaar aanspoor, ondersteun en verantwoordbaar hou.
- Uitreikaksies moet beplan word met die vermoë, gawes en konteks van gesinne in gedagte.
- In die prediking moet die opdrag van uitreiking so geskied dat dit gesinne troos, motiveer en uitdaag om sigbare kerk te wees.

## *4.5 Finale konklusie/gevolgtrekking*

Ten einde gesinne in die plaaslike kerk tot rolvervulling te begelei, is 'n holistiese benadering tot gesinsbediening nodig. Dit is dan nodig dat die gesinstruktuur gedefinieer word in terme van wat die *ideaal* is, maar ook in terme van hoe die praktyk lyk. In die begeleiding van die gesin se geestelike groei, moet daar voortdurende wisselwerking tussen gesin en kerk plaasvind. Hierdie begeleiding moet die gesin bemagtig om sy geloof in die kerk, maar ook daarbuite, praktyk te maak.

# HOOFSTUK 5

## SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING

### 1. Inleiding

In hierdie studie is 'n prakties-teologiese benadering gevolg om navorsing te doen oor die begeleiding van gesinne in die plaaslike kerk, binne die konteks van die postmodernisme. In Hoofstuk 1 is die probleem gestel dat die gesin as struktuur besig is om te verbrokkel en sterk deur die postmodernisme beïnvloed word. Dit is uitgewys dat daar 'n leemte in die GKSA bestaan om riglyne daar te stel wat plaaslike kerke kan gebruik in hul bediening en begeleiding van die gesin om hul rol in die kerk te vervul. Die oorkoepelende doelstelling van hierdie studie is om na te vors hoe gesinne begelei kan word binne die konteks van die postmodernisme en watter rol hulle in die plaaslike kerk behoort te vervul. Die model wat Zerfass vir die Praktiese Teologie ontwerp het (vgl. 6, Hoofstuk 1), het as metode vir hierdie studie gedien. Dit behels dat basisteoretiese beginsels eers ondersoek is (Hoofstuk 2), waarna metateoretiese perspektiewe gevorm is (Hoofstuk 3). Uiteindelik is 'n nuwe of aangepaste praktykteorie (Hoofstuk 4) deur praktykteoretiese perspektiewe geartikuleer. Sodoende is daar vanuit die hermeneutiese wisselwerking met die twee refleksiedomeine, 'n nuwe praktykteorie ontwerp.

### 2. Samevatting van bevindings

In Hoofstuk 2 is basisteoretiese navorsing gedoen om vanuit die Woord van God vas te stel wat die verhouding tussen gesin en kerk - en veral wat die rol van die gesin *in* die plaaslike kerk - is.

**Die basisteoretiese navorsing bestaan uit:**

- Detaileksegese uit Deuteronomium 6 en Efesiërs 5 en 6 op die grammaties-historiese metode.
- Kursoriese eksegese uit ander tersaaklike gedeeltes, wat lig werp op spesifieke faktore in die verband tussen die gesin en kerk.

**Die volgende basisteoretiese perspektiewe is vasgestel (vgl. 2.4, Hoofstuk 2):**

- Daar bestaan nie 'n spesifieke struktuur (definisie) vir die gesin in die Skrif nie, maar wel beginsels van hoe God dit ingestel het en hoe Hy wil hê dat dit moet funksioneer. Hierdie beginsels behels in die eerste plek onderdanigheid en eerbied vir God, wat lei tot die gemeenskaplike onderdanigheid van gesinslede aan mekaar (in die tweede plek).
- Daar is 'n definitiewe verhouding tussen kerk en gesin. Die gesin is eerste deur God ingestel (vgl. Gen. 2), waaruit leiers opgroei wat dan die kerk bymekaar bring. Die kerk is opgebou uit gesinne.
- Vir die (optimale/Skriftuurlike) verhouding tussen kerk en gesin, moet die verhouding tussen man en vrou (soos deur God ingestel), gekenmerk word deur dieselfde eienskappe as dié wat die verhouding waarin Christus met sy kerk staan, kenmerk. Dit geld vir hulle wat in enige vorm leiding neem in die gesinsopset/-struktuur. Die kerk se verhouding met Christus moet op sy beurt as voorbeeld en aansporing dien vir die verhouding tussen man en vrou en dus vir alle verhoudinge in die gesin.
- Die verhouding tussen gesin en kerk veronderstel dat gesinne 'n bepaalde rol in die kerk speel. Hulle het die taak om God se voorskrifte, wat aan die hele gemeente gegee is, praktyk te maak in onderlinge verhoudinge deur dit aan die nageslag oor te dra.
- Gesinne het ook buite die kerk 'n rol te speel deurdat dit die kerk in die breë samelewing moet verteenwoordig. Gehoorsame gesinne bou 'n gehoorsame gemeente wat hul roeping teenoor die gemeenskap uitdra.

In Hoofstuk 3 is metateoretiese navorsing gedoen om vanuit die sosiologiese en maatskaplike wetenskappe die verandering van gesinstrukture in die konteks van die postmodernisme te identifiseer. Daarmee saam is deur middel van 'n literatuurstudie en kwalitatiewe empiriese navorsing vasgestel wat ander kerke doen ten opsigte van die begeleiding van gesinne tot rolvervulling in die kerk.

Die volgende metateoretiese perspektiewe is deur die navorsing opgelewer:

**Die definiëring van die gesinstruktuur:**

- Positief: Protestantse Kerke en hul gesinne staan meestal sterk op die beginsel dat God die verbondsgesin ingestel het as `n man en sy vrou en hulle kinders (vgl. 3.2.1). Dié definisie van `n *ideale* gesin dien as beginsel vir huidige gesinsbedieninge (vgl. 3.2.3; 3.3.1).
- Negatief: Die postmodernisme veroorsaak dat die gesin as struktuur verswak word (vgl. 3.2.1). Daar bestaan `n groot hoeveelheid nie-tradisionele gesinsvorme, en dit raak meer en meer algemeen (vgl. 3.2.2.1; 3.3.3). Min kerke se gesinsbediening fokus op die bediening van alle vorme van die gesin wat as sulks *funksioneer* (vgl. 3.3.2). Nie-tradisionele gesinne voel dikwels nie tuis in die kerk nie en bly eerder weg.

**Die verhouding tussen kerk en gesin:**

- Positief: Die huidige situasie van postmoderne denke erken al hoe meer die belangrikheid van die kleiner groep (vgl. 3.1.2). So is daar `n beweging in kerke om die lidmate in kleiner groepe te bedien en hierdie groepe as selle te sien wat die gemeente opbou (vgl. 3.3.1).
- Negatief: As gevolg van postmodernisme, wantrou baie mense groter strukture soos die kerk en dít wat hulle leer (vgl. 3.1.2). Mense meen dat geloof `n private aangeleentheid is en dat die kerk hulle nie meer aanspreek nie (vgl. 3.3.1). Para-kerkbewegings wat hulle vir die gesin beywer kry meer

aftrek as kerke (vgl. 3.3.1). Gesinne meen dikwels dat kerkleiers nie die nodige toerusting het om hulle te begelei nie, wat daartoe lei dat gesinne nie vrymoedigheid het om by hulle hulp te soek nie (vgl. 3.3.3).

**Die rol van die gesin in die kerk:**

- Positief: Kerkleiers besef dat die gesin 'n belangrike rol in die kerk speel (vgl. 3.3.1; 3.3.2) en gesinne wat wel betrokke is, het 'n positiewe invloed op die gemeente (vgl. 3.3.1; 3.3.3).
- Negatief: Die rol van gesinne word dikwels verwar met die hoeveelheid gesinne wat in die kerk is en eredienste bywoon (vgl. 3.2.1; 3.3.1; 3.3.2; 3.3.3). Die gesin se rol wil dikwels van "bo" af deurgegee word, sonder om gesinne deel te maak van die ontdekking van hul rolle (vgl. 3.3.2; 3.3.3). Gesinne verwar weer die kerk as 'n instansie waardeur hulle bedien moet word, waar daar gedoop, getrou en begrafnisse waargeneem word, kortom, waar hulle spiritualiteit bevredig word (vgl. 3.1.3; 3.3.1).

**Die begeleiding van die gesin ten opsigte van die praktykmaak van geloof in die kerk:**

- Positief: Daar bestaan reeds uitgewerkte teorieë en planne om gesinne toe te rus om hul geloof uit te leef in die gesin en kerk (vgl. 3.3.1; 3.3.2). Dit is bewys dat van hierdie metodes en modelle in die praktyk werk en dat die voordele daarvan die kerk en gemeenskap versterk (vgl. 3.3.1).
- Negatief: Baie modelle maak staat op die voorafkennis van lidmate om self te weet hoe om die teorie praktyk te maak in die gesin en fokus dus op *toerusting* eerder as *begeleiding* (vgl. 3.3.1; 3.3.2; 3.3.3). Gesinne weet dikwels nie hoe om prakties huisgodsdiens te hou nie (vgl. 3.3.3). Daar bestaan ook min toerustingsgeleenthede waarin ouers en kinders begelei word om mekaar beter te verstaan en om te weet hoe om die veranderende rolle in die gesin te hanteer. Dit geld ook ten opsigte van die vervulling van hul rol

in die kerk (vgl. 3.3.1; 3.3.2; 3.3.3). Verder neem die tendens toe dat ouers nie in staat is om hul godsdiens aan hul kinders oor te dra nie (vgl. 3.3.1).

**Die begeleiding van die gesin ten opsigte van die praktykmaak van geloof buite die kerk:**

- Positief: Die meeste kerke is bewus van hul opdrag om na buite uit te reik en van hulle het een of ander uitreikaksie na die gemeenskap (vgl. 3.3.1; 3.3.2; 3.3.3). As gevolg van die postmodernisme is daar 'n hernude soeke na spiritualiteit, en is mense meer oop vir emosie, ervaring en verskeidenheid (vgl. 3.1.3). Dit bied 'n gulde geleentheid vir die gesin om in sy omgewing uit te reik (vgl. 3.1.4; 3.3.1).
- Negatief: Geloof het in die postmoderne konteks 'n private aangeleentheid geword (vgl. 3.1.3). Alhoewel baie gelowiges hul verantwoordelikheid om uit te reik besef, is hulle onkundig om as gesin sigbare kerk in die gemeenskap te wees (vgl. 3.3.3; 3.3.3). Dit gebeur ook dat kerklike beplanning gesinne nie as geheel by uitreikaksies betrek nie (3.3.1; 3.3.2; 3.3.3).

**Die definiëring van die gesinstruktuur:**

- Positief: Kerke en hul gesinne staan sterk op die beginsel dat God die verbondsgesin ingestel het as 'n man en sy vrou en hulle kinders.
- Negatief: Min kerke se gesinsbediening fokus op die bediening van alle vorme van die gesin wat as sulks *funksioneer*. Nie-tradisionele gesinne voel dikwels nie tuis in die kerk nie en bly eerder weg.

In Hoofstuk 4 is tot 'n nuwe of aangepaste praktykteorie gekom deur die kritiese interaksie van die gegewens in Hoofstukke 2 en 3, sodat die plaaslike kerk gesinne in praktyk kan begelei tot rolvervulling in die kerk.

**Die praktykteoretiese riglyne bestaan uit die volgende:**

**Die definiëring van die gesinstruktuur:**

- Die kerk moet 'n duidelike stem laat hoor oor die beginsels van die gesin.
- Die *ideale* struktuur van die gesin moet bevorder en onderhou word as die uitkoms van gesinsbediening.
- Alle verhoudinge wat as gesin *funksioneer* moet deur die kerk bedien word.
- Onderdanigheid aan God en medemens moet die beginsel wees waarop gesinsbediening toespits.

**Die wisselwerking tussen kerk en gesin:**

- Deur gesinne in kleiner groepe te bedien, moet hulle begelei word om hul rol in die kerk te ontgin.
- Sterk gesinne moet deur kerkleiers geïdentifiseer en toegerus word om ander gesinne te kan begelei.
- Skrifgetroue prediking moet die beginsels vir die wisselwerking tussen kerk en gesin duidelik maak.
- Die verhouding tussen kerkleiers en gesinne moet versterk word deur die konteks van gesinne in ag te neem tydens beplanning van- en werklike bediening.
- Kerkleiers moet toegerus en begelei word om geloofwaardige bestuurders van die huisgesin van God te wees.
- Rolverdeling in die gesin moet vanuit 'n Bybels-gefundeerde uiteensetting duidelik gemaak word. Prediking en kategese moet 'n belangrike rol hierin speel.

**Die begeleiding van die gesin ten opsigte van die praktykmaak van geloof in die kerk:**

- Die teorie van huisgodsdiens en huislike liturgie moet praktyk- en uitkomsgerig wees.
- Metodes moet gereeld geëvalueer en aangepas word om doelgerig en relevant te funksioneer.
- 'n Kundige bedieningspan moet saamgestel word om die hele gesinsbediening te kontroleer, om behoeftes te bepaal en die nodige toerusting en begeleiding te fasiliteer.
- Bediening van gesinne in kleiner groepe moet werk na die ideaal om hul rolle in die kerk en teenoor mekaar in te oefen.
- Gesinne moet begelei en bemagtig word om op alle vlakke van gesinwees verantwoordelikheid vir hul geestelike groei te neem.

**Die begeleiding van die gesin ten opsigte van die praktykmaak van geloof buite die kerk:**

- Dit moet duidelik wees dat die opdrag om na ander uit te reik, haalbaar is.
- Uitreiking is iets wat deurlopend in die proses van geloofsgroei moet plaasvind.
- Bediening van gesinne in kleingroepe moet help dat die uitreiking na ander *ingeoefen* word deurdat gesinne mekaar aanspoor, ondersteun en verantwoordbaar hou.
- Uitreikaksies moet beplan word met die vermoë, gawes en konteks van gesinne in gedagte.
- In die prediking moet die opdrag van uitreiking so geskied dat dit gesinne troos, motiveer en uitdaag om sigbare kerk te wees.

## 3. Finale gevolgtrekking

Hierdie studie het as doel gehad om vas te stel hoe die plaaslike gemeente die gesin tot rolvervulling kan begelei. Die resultate van die navorsing het gewys dat die doel bereik kan word, mits die plaaslike kerk gesinsbediening holisties benader. Dit is dan nodig dat die gesinstruktuur gedefinieer word in terme van wat die *ideaal* is, maar ook in terme van hoe die praktyk lyk. In die begeleiding van die gesin se geestelike groei, moet daar voortdurende wisselwerking tussen gesin en kerk plaasvind. Hierdie begeleiding moet die gesin bemagtig om sy geloof in die kerk, maar ook daarbuite, praktyk te maak.

## 4. Terreine vir verdere ondersoek

Gedurende hierdie studie het dit duidelik geword dat verdere studie in die volgende terreine van groot waarde sal wees:

1. Die ontwikkeling van 'n holistiese gesinsbedieningsmodel.
2. Die praktiese betekenis wat voortvloei uit die vergelyking van die verhouding tussen man en vrou met die verhouding tussen Christus en die kerk.
3. Die rol van huwelikskategese in die bereiking van die *ideale* gesinstruktuur.
4. Die rol van die gesin in die gemeenteliturgie.
5. Die daarstelling en inrigting van 'n kleingroepbediening vir gesinne.
6. Verloopsbegeleiding in die proses van oordraging van geloofsverandwoordelikheid na gesinne en individuele gesinslede.
7. Die integrering en begeleiding van gesinne wat hulle verbind tot 'n strewe na die Godgegewe ideaal vir die gesin.

# UITTREKSEL

## Die begeleiding van gesinne in die plaaslike kerk, binne die konteks van die postmodernisme: `n prakties-teologiese benadering

Meninge geleerdes en skrywers is van mening dat die gesin die gevaar loop om uit te sterf. Die oorwegende oorsaak vir hierdie ineenstorting van die gesin is die miskenning van wat God se bedoeling met die gesin was en is. Dit is ook duidelik dat die gesinstruktuur onder sterk invloed van die postmodernisme is. Vir die kerk om gesinne doeltreffend te kan begelei, is dit nodig dat hy bewus is van die konteks waarin hulle leef. Elders in die wêreld het `n besef van die krisis rondom die bestaan van die gesin gelei tot proaktiewe reaksie. Dit wil egter voorkom of daar in Suid-Afrika - en veral in die GKSA (Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika) - nie `n doelgerigte en proaktiewe reaksie op die probleem is nie. Daar bestaan `n leemte in die GKSA om in die breër kerkverband riglyne daar te stel wat plaaslike kerke kan gebruik in hul bediening en begeleiding van die gesin, om hul rol in die kerk te vervul.

Die volgende oorkoepelende navorsingsvraag het aan die orde gekom: Hoe kan gesinne begelei word t.o.v. hul rolvervulling in die plaaslike kerk - binne die konteks van die postmodernisme? Die werkswyse was as volg:

In Hoofstuk 2 is basisteoretiese perspektiewe geformuleer oor hoe die Woord van God die verhouding tussen gesin en kerk stel en wat die rol van die gesin *in* die plaaslike kerk is. Die basisteoretiese perspektiewe is na aanleiding van 'n detail-eksegese uit Deuteronomium 6 en Efesiërs 5 en 6, en kursoriese eksegese uit ander toepaslike gedeeltes, gevorm.

In Hoofstuk 3 is metateoretiese perspektiewe geformuleer deur gebruik te maak van `n literatuurstudie uit die hulpwetenskappe Sosiologie en Maatskaplike Werk, spesifiek met betrekking tot die veranderende samestelling van die gesin en dié se omstandighede binne die konteks van die postmodernisme. `n Literatuurstudie is verder onderneem

oor bestaande gesinsbedieninge in kerke. `n Empiriese studie het aangetoon dat daar groot behoefte is aan die begeleiding van kerke en gesinne om die rol van die gesin ín die kerk tot sy reg te laat kom.

In Hoofstuk 4 is praktykteoretiese riglyne gegee, na aanleiding van die hermeneutiese wisselwerking tussen die basisteoretiese- en metateoretiese perspektiewe. Vier praktykteoretiese riglyne is gevorm vir `n holistiese benadering tot gesinsbediening.

In Hoofstuk 5 kom die navorser tot `n finale gevolgtrekking, naamlik dat dit vir die plaaslike kerk moontlik is om gesinne tot rolvervulling te begelei, indien sy op hoogte is van hoe die postmodernisme die gesin beïnvloed en weet wat die rol van die gesin in die plaaslike kerk behoort te wees. Deur middel van `n holistiese benadering tot gesinsbediening, kan die kerk die gesin begelei om op verskillende vlakke van gesinwees, geestelik só te groei dat dit sy rol *in* en *buite* die kerk kan vervul.

# ABSTRACT

## Family guidance in the local congregation, within the context of post modernism: a practical theological approach

Many critics and academics are of the opinion that the family as an entity is headed for extinction. The most probable cause of this disintegration is the lack of recognition of what God's original intention with the family was and is. It is also clear that the family structure is heavily influenced by the post-modernism. In order for the congregation to effectively guide the family, it is necessary for her to be aware of the context in which the family lives. In other parts of the world a realization of the crisis surrounding the existence of the family has lead to a proactive reaction.

However, it seems that in South Africa, and specifically in the Reformed Churches in South Africa, a focused and proactive reaction to this problem does not exist. A void exists within the Reformed Churches in South Africa to establish general guidelines, which can be used by local congregations for the ministry and guidance of the family in its role within the congregation.

The following encompassing research question arose: How can families be supported with regard to the fulfilment of their roles in the local congregation – within the context of the post-modernism? The methodology used was as follows:

In Chapter 2, basis-theoretical perspectives were formulated on how the Word of God sets out the relationship between the church and the family and what the role of the family is within the local congregation. The basis-theoretical perspectives were constructed based upon detailed exegesis of Deuteronomy 6 and Ephesians 5 and 6, as well as cursory exegesis of other relevant passages.

In Chapter 3, meta-theoretical perspectives were formulated by making use of a literature study of the associated disciplines of Sociology and Social Work, with specific reference to the changing composition of the family and family circumstances within the context of post-modernism. A literature study of existing family focused ministries in congregations was done. An empirical study indicated that there is a real need for the guidance of congregations and families in order to fully actualise the role of the family within the congregation.

In Chapter 4, practical-theoretical guidelines were given as a result of the hermeneutical interaction between the basis-theoretical principles and the meta-theoretical perspectives. Four practical-theoretical guidelines for a holistic approach to family ministry were deduced.

In Chapter 5, the researcher finally concludes that it is possible for the local congregation to mentor families in proper role fulfilment, if the congregation in question is aware of how families are influenced by post-modernism and also knows what the role of the family within the local congregation ought to be. By means of a holistic approach to family ministry, the church can guide the family to grow spiritually at different levels of family functionality, so that the role of the family *within*, as well as *outside* the congregation, may be realized.

# BIBLIOGRAFIE


ALEXANDER, D. & ALEXANDER, P. 1998. Handboek by die Bybel. Kaapstad : Lux Verbi. (*In* Logos Research Systems.) [CD-ROM.]

ALEXANDER, N.M. 1998. The new interpreter's Bible (Volume II). Nashville : Abingdon Press. p. 342-344.

ANON. 1999. Gereformeerde gesinslewe word belangriker. *Die Kerkblad*, (7/4) :4-5, April 7.

ARNDT, W., GINGRICH, F.W., DANKER, F.W., & BAUER, W. 1996. A Greek-English lexicon of the New Testament and other early Christian literature. Chicago : University of Chicago Press. (*In* Logos Research Systems.) [CD-ROM.]

BERGH, S.J. 2002. Gesinsbediening as 'n geïntegreerde deel van die opbou van die gemeente. Bloemfontein : Universiteit van die Vrystaat. (Proefskrif – D.Theologia.) 199 p..

BOSMAN, H. 2003. Deuteronomium. (*In* Van der Watt, J., *red.* Die Bybels A-Z. Vereeniging : CUM. p. 211-237.)

BRINK, C.B., BRINK, E.C. & JANSEN VAN VUUREN, A.C. 2004. Uitkomsgebaseerde kinderopvoeding: 'n Interaktiewe ouerleidingkursus vir Christen-Ouers. Potchefstroom : Brink, Brink en Jansen van Vuuren. 215 p.

BROWN, F., DRIVER, S.R., & BRIGGS, C.A. 2000. Enhanced Brown-Driver-Briggs Hebrew and English Lexicon. Oak Harbor, WA: Logos. (*In* Logos Research Systems.) [CD-ROM.]

BROWN. R. 1997. The message of Deuteronomy : Not by bread alone. Leicester : Inter-Varsity Press. p. 94-99.

BURDEN, J. 1997. Deuteronomium. (*In* Vosloo, W. & Van Rensburg, F.J., *reds*. Die Bybel in Praktyk. Vereeniging : Christelike Uitgewersmaatskappy) (*In* Logos Research Systems.) [CD-ROM.]

BUVTON. 2001. Leesrooster vir lidmate gebaseer op die kerkjaar: seisoene en feeste in die lewe van gemeentes. s.l. : CLF-Uitgewers. 62 p.

BUYS, A.L.A. 1997. Die verband tussen die hoofskap en die gesag van Christus volgens Efesiërs en Kolossense en die betekenis daarvan vir gesagsverhoudings. 'n Eksegetiese studie. Potchefstroom : PU vir CHO. (Verhandeling – M.Th.) 101 p.

CAHILL, L.S. & MEITH, D. 1995. The family. NY : Orbis Books. 127 p.

CAIRNS, E.E. 1996. Christianity through the centuries: a history of the Christian Church. Grand Rapids, Mich : Zondervan.

CARSON, D. A. 1994. New Bible commentary : 21st century edition. Leicester : Inter-Varsity Press.

CARTER, B. & MCGOLDRICK, M. 1999. The expanded family life cycle : Individual, family, and social perspectives. Boston : Allyn and Bacon. 541p.

CLARK, D.C. 1995. Biblical and theological foundations of marriage and the family (*In* Neff, B.J. & Ratcliff, D. 1995. Handbook of family religious education. Alabama : REP. 290p.)

CONNER, S. 2001. Postmodernist Culture. Oxford : Blackwell. 327 p.

COOPER, S.M. 1999. Historical analysis of the family. (*In* Sussman, M.B., Steinmetz, S.K. & Peterson, G.W., *eds*. Handbook of marriage and the family. N.Y. : Plenum. p.13-38.)

CRAIGIE, P.C. 1976. The new international commentary on the Old Testament : The book of Deuteronomy. Grand Rapids : Eerdmans. 424 p.

DE BRUYN, P.J. 1989. Die gesin – Wat sê die Bybel daarvan? Potchefstroom : PU vir CHO. 38p.

DE BRUYN, P.J. 1994a. 1994 – Die jaar van die gesin. *Die Kerkblad*, (23/2) :24-25, Feb. 23.

DE BRUYN, P.J. 1994b. 1994 – Die jaar van die gesin. *Die Kerkblad*, (9/3) :12-14, Maart 9.

DE BRUYN, P.J. 1994c. 1994 – Die jaar van die gesin. *Die Kerkblad*, (23/3) :7-8,12, Maart. 23.

DE BRUYN, P.J. 1994d. 1994 – Die jaar van die gesin. *Die Kerkblad*, (6/4) :23-24, April 6.

DE KLERK, B.J. 2001. Die liturgie van die huisgesin (*In* Van Wyk, J.H., *ed.* Kerk- en Christenwees vandag. Potchefstroom : PTP. p. 90-109.)

DE KLERK, B.J., VAN RENSBURG, F.J., LOTTER, G.A. & KRüGER, P.P. 2004. Woorbediening: Gereformeerde Eksegese vir prediking en pastorale berading. Potchefstroom : PU vir CHO. 99 p.

DE KLERK, P.B. 1997. Die huwelik as *musterion*: die etiese implikasies van Efesiërs 5:21-33 en veral van vers 32. Potchefstroom : PU vir CHO. (Verhandeling – M.Th.) 129 p.

DE KOCK, H. K. 2003. 'n Prakties-teologiese beoordeling van *Natural church development* se agt kwaliteitseienskappe van groeiende kerke. Potchefstroom : PU vir CHO. (Skripsie – M.Th.) 198 p.

DE WET, J. 2004. Mondelinge mededeling aan outeur. Pretoria. (Aantekeninge in besit van outeur.)

DIE BYBEL : Nuwe Vertaling. 1998. Kaapstad : Bybelgenootskap van Suid-Afrika. (*In* Logos Research Systems.) [CD-ROM.]

DIE BYBEL : Ou Vertaling. 1998. Kaapstad : Bybelgenootskap van Suid-Afrika. (*In* Logos Research Systems.) [CD-ROM.]

DOBSON, J. 2001. Reguit antwoorde oor die huwelik en gesin : fokus op meer as 400 vrae van gesinne wat mense die meeste pla. Wellington : Lux Verbi. 479 p.

DOHERTY, W.J. 1999. Postmodernism and family theory. (*In* Sussman, M.B., Steinmetz, S.K. & Peterson, G.W., *eds*. Handbook of marriage and the family. N.Y. : Plenum. p.209-215.)

DU TOIT, B. 2000. God? Geloof in 'n postmoderne tyd. Bloemfontein : CJF Uitgewers. 188 p.

EARLE, R. 1979. Word meanings in the New Testament, (vol. 4) Corinthians, Galatians, and Ephesians. Grand Rapids : Baker Book House. p.330-341.

FERREIRA, N. 2004. Mondelinge mededeling aan outeur. Pretoria. (Aantekeninge in besit van outeur.)

FLOOR, L. 1978. Persone rondom Paulus. Pretoria : N.G. Kerkboekhandel. 86 p.

FRIBERG, T., FRIBERG, B. & MILLER, N. F. 2000. Analytical lexicon of the Greek New Testament. Grand Rapids : Baker Books. (*In* Logos Research Systems.) [CD-ROM.]

GAARDER, J. 1999. Sophie's world. London : Phoenix. 436 p.

GARLAND, D. R. 1999. Family ministry: a comprehensive guide. Downers Grove : InterVarsity Press. 627 p.

GEREFORMEERDE KERK RIETVALLEI, 2004. Ons bou 'n huisaltaar. Pretoria. 36 p.

GESENIUS, W., & TREGELLES, S. P. 2003. Gesenius' Hebrew and Chaldee lexicon to the Old Testament Scriptures. Bellingham, WA : Logos. (*In* Logos Research Systems.) [CD-ROM.]

GILL, R. 1997. Moral leadership in a postmodern age. Edinburgh : T&T Clark. 174 p.

GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. 1988. Handelinge van die drie en veertigste Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Potchefstroom : Herald.

GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. 1997. Handelinge van die ses en veertigste Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Pretoria : V & R Drukkery.

GKSA kyk GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA.

GOUDZWAARD, B., GEERTSEMA, H.G. & HEYNS, M.F. 1998. Wat beteken postmodernisme? Potchefstroom : I.R.S. 42 p.

GRENZ, S.J. 1996. A primer on postmodernism. Grand Rapids : Eerdmans. 204 p.

GROOTHUIS, D. 2003. Postmodern fallacies : a response to Merold Westphal. *Christian Century*, 120(15) : 41-42, July 26.

HARRIS, R. L., ARCHER, G. L., & WALTKE, B. K. 1999. Theological Wordbook of the Old Testament. Chicago: Moody Press. (*In* Logos Research Systems.) [CD-ROM.]

HEBBARD, D.W. 1995. The complete handbook for family life ministry in the church. Nashville : Thomas Nelson. 299 p.

HEITINK, G. 1999. Practical Theology: history, theory, action domains. Translated by Reinder Bruinsma. Grand Rapids, Michigan : Eerdmans.

HENDRIKSEN, W. 1972a. New Testament Commentary: Ephesians. London : Banner of Truth. 290 p.

HENDRIKSEN, W. 1972b. New Testament Commentary: 1&2 Timothy and Titus. London : Banner of Truth. 408 p.

HENRY, M. 1996. Matthew Henry's commentary on the whole Bible : Complete and unabridged in one volume. Peabody : Hendrickson. (*In* Logos Research Systems.) [CD-ROM.]

HEYSTEK, P.H. 2000. `n Prakties-teologiese ondersoek van die "mekaar"-opdragte in die *Corpus Paulinium* met die oog op kerklike geloofsgemeenskap. Potchefstroom : PU vir CHO. (Proefskrif – TH.D.)

HILL, A.E. & WALTON, J.H. 2000. A survey of the Old Testament (2nd ed.) Grand Rapids : Zondervan. 608 p.

H.K. kyk PSALMBOEK.

HOEK, J. 1990. Het gezin in de Bijbel. (*In* Van Amstel, J., Hoek, J., Seldenrijk, R. & Velema, W.H. *reds.* Christelijk gezinsleven. `s-Gravenhage : Uitgeverij Boekencentrum. p. 11-34.)

HUGHES, R. B. & LANEY, J. C. 2001. Tyndale concise Bible commentary. Wheaton : Tyndale House Publishers. (*In* Logos Research Systems.) [CD-ROM.]

INGOLDSBY, B.B. & SMITH, S. 1995. Families in multicultural perspective. NY : Guilford. 432 p.

JAGGER,G. & WRIGHT, C. 1999. Changing family values. London : Routledge. 214 p.

JANSE VAN RENSBURG, J. & HOFFMAN, L. 2003. Die impak van die verbond op `n paradigma vir pastoraat. *Acta Theologica*, 23(2):239-253.

JEUGFOKUS. 2004. Familiefokus: familie-aktiwiteite en eredienswenke. Bloemfontein : CLF Drukkers. 90 p.

KINGMA, B.R. & LOTTER, G.A. 2002. Begrip vir die lewenskonteks van mense as `n vereiste vir pastorale begeleiding. *Koers* 67(3):309-328.

LOUGHLIN. G. 2004. Alien sex: the body and desire in cinema and theology. *In* die reeks: Challenges in contemporary theology: Oxford : Blackwell. 306 p.

LOUW, J. P. & NIDA, E. A. 1996. Greek-English lexicon of the New Testament : Based on semantic domains. New York: United Bible societies. (*In* Logos Research Systems.) [CD-ROM.]

LUST, J., EYNIKEL, E. & HAUSPIE, K. 2003. A Greek-English Lexicon of the Septuagint : Revised Edition. Deutsche Bibelgesellschaft: Stuttgart. (*In* Logos Research Systems.) [CD-ROM.]

MACARTHUR, J. 1996. Romans. Chicago: Moody Press. [CD-ROM.]

MACARTHUR, J. 1997a. The MacArthur Study Bible. Nashville : Word Pub. [CD-ROM.]

MACARTHUR, J. 1997b. The fulfilled family. Includes index. Chicago : Moody Press. (*In* Logos Research Systems.) [CD-ROM.]

MACARTHUR, J. 1998. What the Bible says about parenting: God's plan for rearing your child. Nashville : W Publishing Group. 243 p.

MACARTHUR, J. 2000. Romans. Nashville : Word Publishing. 111 p.

MACDONALD, M.Y. 2000. Colossians and Ephesians. (*In* Harrington, D.J. *ed.* Sacra Pagina Series Vol.17. Minnesota : The Liturgical Press. 390 p.)

MCGOLDRICK, 1999. Woman through the family life cycle. (*In* Carter, B. & McGoldrick, M., *eds.* The expanded family life cycle: Individual, family, and social perspectives. Boston : Allyn and Bacon. p106 – 120.)

MCKINNEY, L.J. 2003. Postmodernism: Ministry implications for church and educational leaders. *Evangelical review of Theology*, 27(2):147-154.

MERRILL, D. & SHELLEY, M. 1984. Fresh ideas for families, youth & children. Carol Stream : Christianity Today; Word Books. (*In* Logos Research Systems.) [CD-ROM.]

MERRILL, E. H. 2001. Deuteronomy. The New American Commentary. Nashville : Broadman & Holman Publishers. (*In* Logos Research Systems.) [CD-ROM.]

MIDDLETON, J.R. & WALSH, B.J. 1995. Truth is stranger than it used to be – Biblical faith in a postmodern age. Illinois : IVP. 250 p.

MOUNCE, R. H. 2001. Romans. The New American Commentary. Nashville: Broadman & Holman Publishers. (*In* Logos Research Systems.) [CD-ROM.]

NEFF, B.J. & RATCLIFF, D. 1995. Handbook of family religious education. Alabama : REP. 290 p.

ODENDAL, F. 2000. Die elektroniese weergawe van die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse taal. Midrand : Perskor Uitgewery.

PFEIFFER, C. F. 1962. The Wycliffe Bible commentary : Old Testament. Chicago : Moody Press. (*In* Logos Research Systems.) [CD-ROM.]

POHILL, J. B. 2001. Acts. The New American Commentary. Nashville : Broadman & Holman Publishers. (*In* Logos Research Systems.) [CD-ROM.]

POPENOE, D., CUNNINGHAM, P. & BOULT, B. 1998. Sociology: first South-African edition. S.A. : Prentice Hall. 520 p.

POST, S.G. 1998. Family: a Protestant perspective. (*In* Anderson, H., Browning, D.S., Evison, I.S. & Van Leeuwen, M.S., *eds*. The family handbook. Louisville : Westminster John Knox. p.21-23.)

POST, S.G. 2000. More lasting unions : Christianity, the family, and society. Grand Rapids : Eerdmans. 205 p.

PSALMBOEK. 2003. Die berymde en omgedigte Psalms en ander Skrifberymings in gebruik by die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Wellington : NG Kerk-Uitgewers.

RIDDERBOS, J. 1963. Deuteronomium – Korte verklaring der Heilige Schrift. Kampen : Kok. 208 p.

ROBERTS, J.H. 1998. Die gevangenskapsbriewe. (*In* Du Toit, A.B. *red.* Handleiding by die Nuwe Testament (V), Halfway House : Orion. p.114-155.)

ROSEN, E.J. 1999. Men in transition – the new man( *In* Carter, B. & McGoldrick, M., *eds.* The expanded family life cycle: Individual, family, and social perspectives. Boston : Allyn and Bacon. P.124-140.)

SMIT, C.J. & VORSTER, J.M. 2000. Die GKSA en sy gereformeerde identiteit: kan dit behou word in 'n postmoderne gemeenskap? (*In* die Skriflig, 34(4) 2000:515-533).

SUSSMAN, M.B., STEINMETZ, S.K. & PETERSON, G.W. 1999. Handbook of marriage and the family. N.Y. : Plenum. 822 p.

SWANSON, J. 1997. Dictionary of Biblical Languages with Semantic Domains : Hebrew (Old Testament). Oak Harbor : Logos. (*In* Logos Research Systems.) [CD-ROM.]

TEACHMAN, J.D., PLONKO, A.K. & SCANZONI, J. 1999. Demography and families. (*In* Sussman, M.B., Steinmetz, S.K. & Peterson, G.W., *eds.* Handbook of marriage and the family.

TRIPP, P.D. 1997. Age of opportunity. Phillipsburg : Presbyterian and Reformed Publishing. 253 p.

VAN AMSTEL, J., HOEK, J., SELDENRIJK, R. & VELEMA, W.H. 1990. Christelijk gezinsleven. 's-Gravenhage : Boekencentrum. 346 p.

VAN DER MERWE, C., NAUDÉ, J. & KROEZE, J. 1997. A Biblical Hebrew Reference Grammar. Oak Harbor : Logos. (*In* Logos Research Systems.) [CD-ROM.]

VAN GENDEREN, J. & VELEMA, W.H. 1993. Beknopte Gereformeerde Dogmatiek. Kampen : Kok. 829 p.

VAN RENSBURG, F.J. 1997. (*In* Vosloo, W & Van Rensburg, F. J. *reds.* Die Bybel in Praktyk. Vereeniging : Christelike Uitgewersmaatskappy.) (*In* Logos Research Systems.) [CD-ROM.]

VAN VONDEREN, J. 1992. Families where grace is in place. Minneapolis : Bethany House. 172 p.

VAN WYK, J.H. 2001. Kerk- en Christenwees vandag. Potchefstroom : PTP. p. 109.

VAN ZYL, A. 1997. Die Bybel verklaar : 1983-vertaling. Kaapstad : Lux Verbi. (*In* Logos Research Systems.) [CD-ROM.]

VANEVERY, J. 1999. From modern nuclear family households to postmodern diversity? The sociological construcion of 'families' (*In* Sussman, M.B., Steinmetz, S.K. & Peterson, G.W., *eds.* Handbook of marriage and the family. N.Y. : Plenum. p.165-184.)

VENTER, C.J.H. 1996. Uitkringende liefdesbetoon: kommunikatiewe handelinge in diens van die onderlinge liefdesgemeenskap in die kerk. Pretoria : RGN Uitgewery.

VORSTER, J.M. 1996. Is die kerk funksioneel? Gedagtes oor gereformeerde kerkvernuwing in 'n post-moderne konteks. Potchefstroom : PTP. 197 p.

VORSTER, J.M. 1998. Periodisation in Church History. *Studia Historiae Ecclesiasticae.* XXIV(1):208-225. June.

VORSTER, J.M. 1999. 'n Waarskynlike bedieningsmilieu vir die GKSA in die dekades na 2000. (*In die Skriflig*, 33(1) 1999:99-119).

WALKER, W. 1992. A history of the Christian Church. Edinburgh : Clark. 756 p.

WIERSBE, W. W. 1997. Wiersbe's expository outlines on the New Testament. Wheaton : Victor Books. (*In* Logos Research Systems.) [CD-ROM.]

WILLMINGTON, H. L. 1997. Willmington's Bible handbook. Wheaton : Tyndale House Publishers. (*In* Logos Research Systems.) [CD-ROM.]

WITTBERG, P. 1999. Families and religions (*In* Sussman, M.B., Steinmetz, S.K. & Peterson, G.W., *eds.* Handbook of marriage and the family. N.Y. : Plenum. p.503-523.)

WUEST, K. S. 1997. Wuest's word studies from the Greek New Testament : For the English reader. Grand Rapids: Eerdmans. (*In* Logos Research Systems.) [CD-ROM.]

ZERFASS, R. 1974. Praktische Teologie als Handlungswissenschaft. (*In* Klostermann, F. & Zerfass, R. Praktische Teologie heute. Mündun : Kaiser. p.164-177.)

ZODHIATES, S. 2000. The complete word study dictionary : New Testament. Chattanooga : AMG Publishers. (*In* Logos Research Systems.) [CD-ROM.]